U.O.V.S. - U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY

... EKSEMPLAAR MAG ONDER
... OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

UOVS - SASOL-BIBLIOTEEK
111085764401220000019

# SAMEWERKING VAN VRYWILLIGE WELSYNSORGANISASIES MET DIE SKOOL IN DIE BEHANDELING VAN PROBLEEMGEDRAG VAN SKOOLGAANDE KINDERS, MET SPESIALE VERWYSING NA GEMEENSKAPSORGANISASIE AS METODE VAN MAATSKAPLIKE WERK.

--

deur

Hendrik Karel Jan Alheit.

----

Verhandeling voorgelê ter vervulling
van 'n deel van die vereistes vir die graad
M.Soc.Sc.
in die Fakulteit van Sosiale Wetenskappe aan
die Universiteit van die Oranje Vrystaat,
BLOEMFONTEIN.

Desember 1967.

GEEN OMSTANDIGHEDE
BIBLIOTEEK

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN
18-4-1968

## DANKBETUIGINGS.

By die voltooiing van hierdie studie, vervaag alle gevoel van dank voor een oorheersende ervaring van diepe dank teenoor my Heer en Meester. Dit is Hy wat onderneem, Hy wat voorsien en Hy wat met sukses bekroon. Daarom kom eerstens aan Hom al die lof en dank toe.

Graag wil ek egter ook 'n besondere woord van dank rig aan die volgende:-

Aan my promotor, Prof. Dr. J. de W. Keyter, sonder wie se besielende leiding en hulp ek seker nie dieselfde blywende waarde uit my studie sou kon put nie, en wie se vriendelike en inspirerende glimlag end-uit behoue gebly het, ten spyte van oormatige aanslae op sy tyd en geduld. My innige dank en opregte waardering Professor.

Aan die onderskeie welsynsorganisasies wat goedgunstiglik hulle lêers tot my beskikking gestel het vir insae en bestudering. Om voor-die-hand-liggende redes word hier geen name genoem nie, dog dit doen geen afbreuk aan my gevoel van dank en waardering nie.

Aan die werksters met wie onderhoude gevoer is, en wat steeds gewillig was om waar moontlik met raad en daad by te staan en te help.

Aan my vriende Louis en Jan wat baie

# VERKLARING.

Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die graad M.Soc.Sc. aan die universiteit van die O.V.S. deur my ingedien word nie voorheen deur my vir 'n graad in enige ander universiteit ingedien is nie.

daartoe bygedra het om my verblyf op Bloemfontein moontlik en aangenaam te maak, en wat in dae van eensaamheid 'n voortdurende bron van inspirasie was.

Aan die Hoof van die Diocesan Kollege, Rondebosch, vir die vrye gebruik van die skool se afrolmasjien wat my taak met die afrolwerk aansienlik vergemaklik het.

-----------

-------

-

## INHOUDSOPGAWE.


Bladsy.

Hoofstuk I. Inleiding. 1.
- I. Aanleiding tot die Ondersoek......... 1.
- II. Doel van die Studie.................. 2.
- III. Die Afbakening van die Ondersoek..... 2.
- IV. Prosedure van Ondersoek............. 4.
- V. Beperkings van die Ondersoek......... 5.

Hoofstuk II. Gemeenskapsorganisasie as Metode van Maatskaplike Werk............. 8 - 23.

Hoofstuk III. Gemeenskapsorganisasie as Metode toegepas op Probleembehandeling in Maatskaplike Werk.................... 24 - 32.

Hoofstuk IV. Die Aandeel van die Skool in Gemeenskapsorganisasie................ 33 - 44.

Hoofstuk V. Die Ontstaan en Ontwikkeling van Probleemgedrag by die Skoolgaande Kind en Jeugdige......................... 45 - 73.
- „Normale" en „Abnormale" Probleme......... 46.
- 1ste Ontwikkelingsfase.................... 48.
- 2de Ontwikkelingsfase.................... 50.
- 3de Ontwikkelingsfase.................... 60.
- 4de Ontwikkelingsfase.................... 61.
- 5de Ontwikkelingsfase.................... 64.

Hoofstuk VI. Die Skool as Bron van Ontwikkeling van Probleemgedrag........... 74 - 93.

Hoofstuk VII. Ontleding van die Prosedures toegepas deur drie Welsynsorganisasies in die Kaapse Skiereiland t.o.v. Samewerking met die Skool, met die oog op Diagnose, Behandeling, en Nasorg van Probleme rakende Skoolgaande Kinders............. 94 - 133.
- A. Omvang van Ondersoek................. 94.
- B. Ouderdomsverdeling van Gevalle....... 96.
- C. Mate en Aard van Kontak tussen die Welsynsorganisasies en die Skool..... 98.
- D. Samewerking tussen Verskillende Kantore en die Skool.................. 102.

Bladsy.


E. Ontleding van Gevalle.............. 103.

1. Gevalle waar daar Geen Kontak was nie.......................... 103.

Voorbeelde 1. Kontak en Samewerking met die Skool as Noodsaaklik Beskou.......................... 110.

2. Kontak en Samewerking met die Skool Minder Noodsaaklik, maar tog gewens.................. 113.

3. Kontak met die Skool Wenslik......................... 115.

2. Gevalle waar wel Kontak Gemaak is tussen Welsynsorganisasie en die Skool.................... 116.

Voorbeelde 1. Kontak en Samewerking met die Skool as Noodsaaklik Beskou.......................... 119.

2. Kontak en Samewerking met die Skool Minder Noodsaaklik, maar tog Gewens.................. 121.

3. Kontak met die Skool Wenslik.......................... 122.

Volledige Samewerking gesoek tussen Welsynsorganisasie en Skool...... 123.

(i) Samewerking nie na Wense. Voorbeelde............... 125.

(ii) Goeie Samewerking tussen Welsynsorganisasie en Skool........................... 128.

Voorbeelde........................ 129.

Hoofstuk VIII. Vergelykende Steekproef-ondersoek gedoen in Bloemfontein........ 134 - 139.

Doel van Ondersoek............... 134.

Omvang van die Ondersoek......... 134.

Vergelyking...................... 136.

Hoofstuk IX. Bevindings en Aanbevelings.. 140 - 163.

I. Bevindings: A. Vrywillige Welsynsorganisasies... 140.

B. Die Skool............. 151.

II. Aanbevelings: A. Vrywillige Welsynsorganisasies... 157.

B. Die Skool.......... 161.

Bibliografie............................ 164 - 167.

Verhandelings en Verslae............... 167.


-------------

--------

--

LYS VAN TABELLE.

Bladsy.


| | | |
|---|---|---|
| Tabel I. | Ouderdomsverdeling van Gevalle Bestudeer.......................... | 98. |
| Tabel II. | Mate van Kontak. (Tussen Welsynsorganisasies en Skool)......... | 99. |
| Tabel III. | Aard van Kontak en Samewerking..... | 102. |
| Tabel IV. | Kontak en Samewerking tussen Verskillende Kantore en die Skool.. | 102. |
| Tabel V. | Aard van Gesinsprobleme.............. | 105. |
| Tabel VI. | Aard van Probleme by die Kind...... | 105. |
| Tabel VII. | Aard van Gesinsprobleme........... | 117. |
| Tabel VIII. | Aard van Probleme by die Kind.... | 118. |
| Tabel IX. | Aard van Gesinsprobleme............ | 125. |
| Tabel X. | Aard van Probleme by die Kind....... | 125. |
| Tabel XI. | Aard van Gesinsprobleme............ | 128. |
| Tabel XII. | Aard van Probleme by die Kind..... | 129. |
| Tabel III. | (Herhaal)......................... | 136. |
| Tabel XIII. | Aard van Kontak en Samewerking, Bloemfontein..................... | 136. |
| Tabel IV. | (Herhaal)......................... | 138. |
| Tabel XIV. | Kontak en Samewerking tussen Verskillende Kantore en die Skool......................... | 138. |


-----------

-------

-

# HOOFSTUK I.

## INLEIDING.

### I. AANLEIDING TOT DIE ONDERSOEK.

Na 'n aantal jare in die praktyk van Maatskaplike Werk, sowel by die Departement van Volkswelsyn as by 'n privaat welsynsorganisasie, is 'n onderwyspos aan skrywer aangebied by 'n bekende privaatskool in Kaapstad. Hy het dit voorwaardelik vir twee jaar aanvaar terwille van die ondervinding. So gelukkig was hy egter in hierdie betrekking dat hy tans na ses jaar nog steeds besig is om ondervinding op te doen. Soos Maatskaplike Werk direk en persoonlik met die mens en die voorsiening in behoeftes gemoeid is, so is ook die onderwys.

As maatskaplike werker is skrywer uit die aard van die saak geprikkel deur die probleme van die skoolgaande kind, wat so dikwels tussen die vier mure van die skool tot openbaring kom: aanpassingsprobleme, onbeheerbaarheid, opstandigheid, oënskynlike luiheid, ernstige wangedrag, en so meer. In sommige gevalle is die kinders tuis besoek, maar baie gou is tot die besef gekom dat 'n onderwyser en veral 'n taalonderwyser met 'n oorlaaide program van buitemuurse skoolaktiwiteite, geen tyd tot sy beskikking het om ook nog die rol van maatskaplike werker te vervul nie, en het baie vrae ontstaan.

'n Natuurlike belangstelling in maatskaplike werk en 'n poging om steeds tot 'n mate kennis te dra van die jongste ontwikkelings in hierdie verband het gelei tot die vraag in hoeverre die skool by een van die nuwere ontwikkelings in maatskaplike

organisasie as 'n metode in Maatskaplike Werk, betrek kan word en omgekeerd. Dit was dan ook die aanleiding tot hierdie studie.

## II. DOEL VAN DIE STUDIE.

Die doel van die studie beoog, eerstens, 'n bepaling van die noodsaaklikheid al dan nie van noue samewerking tussen vrywillige welsynsorganisasies en die skool met die oog op die diagnose, behandeling, nasorg en voorkoming van probleemgedrag by skoolgaande kinders, en tweedens 'n ontleding en beoordeling van die mate en aard van die bestaande samewerking tussen vrywillige welsynsorganisasies en die skool met die oog op diagnose, behandeling, nasorg en voorkoming van probleemgedrag by skoolgaande kinders.

## III. DIE AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEK.

Die empiriese ondersoek het gegaan om die bepaling van die mate en aard van kontak en samewerking tussen vrywillige welsynsorganisasies en die skool soos vasgestel kon word uit 'n studie van die lêers van drie welbekende welsynsorganisasies wie se werkgebied die Kaapse Skiereiland dek. Slegs gevalle waar skoolgaande kinders betrokke is of was, is nagevors.

Die ondersoek is doelbewus beperk tot die prosedures wat deur vrywillige welsynswerk gevolg word t.o.v. samewerking met die skool met die oog op die diagnose, behandeling, nasorg en voorkoming van probleme van skoolgaande kinders, en sluit geen poging in tot 'n

vergelyking tussen die werksaamhede van verskillende organisasies, hul sub-kantore of indiwiduele maatskaplike werksters nie. Waar wel na spesifieke of opvallende verskynsels rakende kantooradministrasie verwys word, is dit bloot ter aanvulling en nie met die oog op enige wetenskaplike ontleding en/of beoordeling van die administrasie as sodanig nie.

Om bogenoemde rede is ook besluit op 'n globale ontleding en beoordeling van die prosedures i.p.v. 'n afsonderlike ontleding en beoordeling van die prosedures van die afsonderlike organisasies of kantore.

Verder dien daarop gewys te word dat die doel van die empiriese ondersoek beperk is tot 'n <u>algemene evaluasie</u> van die prosedures wat in die praktyk aangewend is. Geen aanspraak word gemaak op 'n verteenwoordigende ontleding van die praktyk in die algemeen nie, aangesien die beskikbare gegewens nie daartoe geskik was nie. Die ondersoek moet dus gesien word as 'n eksploratiewe ondersoek om vraagstukke bloot te lê wat intensiewer studie dringend noodsaaklik maak.

Aangesien skrywer, gedurende die finale afronding van die ondersoek, die geleentheid gehad het, is bloot vergelykenderwys 'n steekproefopname gemaak by drie soortgelyke organisasies in Bloemfontein. In hierdie gevalle is vanselfsprekend geen volledige studie gemaak van elke indiwiduele geval nie, maar is slegs gepoog om 'n algemene indruk te verkry van die prosedures van samewerking met die skool wat elk van die afsonderlike organisasies aangewend het soos dit in hulle lêers nagespoor kon word.

IV. PROSEDURE VAN ONDERSOEK.

Daar is gepoog om in die ondersoek as geheel veral drie aspekte te beklemtoon, t.w. (i) Gemeenskapsorganisasie as Metode van Maatskaplike Werk, (ii) Die Ontwikkeling van Probleemgedrag by die Skoolgaande kind en (iii) Die Mate en Aard van Samewerking tussen Vrywillige Welsynsorganisasies en die Skool met die oog op diagnose, behandeling, nasorg en voorkoming van probleemgedrag by skoolgaande kinders.

Afdelings (i) en (ii) is hoofsaaklik gebaseer op 'n studie van beskikbare vakliteratuur en persoonlike ondervinding. Die gegewens vir afdeling (iii) is versamel uit 'n studie van die lêers van drie verskillende vrywillige welsynsorganisasies in die Kaapse Skiereiland. Die lêers wat tot beskikking gestel is, is sorgvuldig bestudeer en in elke geval is 'n studie gemaak van die probleemsituasie en die prosedure van hantering van die saak deur die maatskaplike werksters met die oog op bepaling van die mate en aard van samewerking, al dan nie, t.o.v. elke indiwiduele geval, tussen die betrokke welsynsorganisasie en die skool, met die doel om vas te stel in hoeverre in die praktyk voldoen word aan die vereistes van samewerking soos gebaseer op die uiteensettings in afdelings (i) en (ii). Persoonlike onderhoude is soveel as wat enigsins moontlik was, gevoer met die betrokke maatskaplike werksters ten einde 'n algemene indruk te verkry van hul indiwiduele sienswyses t.o.v. die onderwerp van hierdie studie, asook om enige onduidelikhede in die lêers opgeklaar te kry.

Weens beperkte tyd en besondere kort kennisgewing

5./ aan die.................

aan die drie organisasies in Bloemfontein, is daar geen diepgaande studie gemaak van elke lêer soos in die geval van die ondersoek by die organisasies in die Kaapse Skiereiland nie, en is ook slegs gebruik gemaak van Lêers van lopende gevalle sodat die werksters soveel as moontlik behulpsaam kon wees met die versameling van die gegewens. Slegs gegewens t.o.v. die probleemsituasie en statistiek t.o.v. die getal kinders onder aandag en die mate en aard van kontak met die skool is verkry, bloot om vergelykender wyse te gebruik naas die gegewens soos verkry uit die volledige ondersoek in die Kaapse Skiereiland.

## V. BEPERKINGS VAN DIE ONDERSOEK.

Die onderhawige ondersoek is, wat sy wetenskaplike betroubaarheid en die algemene geldigheid van die bevindings betref, deur die volgende omstandighede beperk.

1. Wat die vakliteratuur t.o.v. gemeenskapsorganisasie as metode van maatskaplike werk betref, is weinig inheems Afrikaanse vakliteratuur gevind en moes hoofsaaklik van oorsese literatuur gebruik gemaak word, wat, uit die aard van die saak, teen die agtergrond van die bepaalde landsomstandighede en stand van die welsynsdienste van die bepaalde land van die skrywer tot stand gekom het en dus met inagneming daarvan gebruik moes word.

2. 'n Nog groter probleem is ondervind t.o.v. die vakliteratuur oor die gemeenskaplike probleemgebied van die onderwyser en maatskaplike werker.

3. Om gegewens te vind wat enigsins as geldende voorbeeld van die samewerking tussen skool en welsynsorganisasies aanvaar kon word, het ook talle beperkings van die onder-

soek veroorsaak. Die volgende kan genoem word as die belangrikste:

(a) Waar die betrokke organisasies nie net kinders van skoolgaande ouderdom hanteer nie, is besluit om die ondersoek te beperk tot gevalle wat in die afgelope ses jaar onder die aandag gekom het. 'n Groot hoeveelheid lêers moes dus deurgewerk word om genoegsame getalle te vind wat daartoe gelei het dat die beoogde tydperk nie konsekwent in ag geneem kon word nie. In sommige gevalle moes van lêers gebruik gemaak word wat oor 'n tydperk van 10 tot 12 jaar strek. Nietemin is die groot meerderheid van gevalle wat vir doeleindes van die ondersoek ontleed is, van resente aard en kan beskou word as geldige voorbeelde van die prosedures wat aangewend is.

(b) Die vertroulike aard van die materiaal waarmee gewerk is, het vanselfsprekend ook sekere beperkings meegebring. Die te vrylike gebruik van gegewens uit die betrokke lêers as stawende voorbeelde van bepaalde ontledings en teorieë is hierdeur aan bande gelê en moes tot die minimum beperk word sonder om afbreuk te doen aan die wetenskaplikheid van die ontleding van die ondersoek.

(c) Die aard van die lêerinhoud het die ondersoek verder bemoeilik as gevolg van onvolledige inligting en baie kort of enkel-woord aantekeninge, soos bv: „Skoolhoof vandag gekontak - alles nog reg.", of slegs: „Skool gekontak. Goed." sonder enige verwysing na die aard van die kontak, of dit 'n persoonlike besoek aan die skool was en of dit per telefoon of per brief geskied het. Dit het 'n wetenskaplike bepaling van die aard van kontak in baie gevalle feitlik geheel en al uitgeskakel.

(d) In sommige gevalle - en dit het veral betrekking op gevalle waar daar goeie samewerking was tussen die welsynsorganisasie en die skool - was die behandelingsproses nog nie voltooi nie, en moes die suksesvolle resultaat, al dan nie, en samewerking met die skool bepaal word volgens die stadium van vordering, soos tot op datum in die lêer beskryf word, sonder inagneming van die finale sukses.

(e) Weens personeelwisseling by die organisasies was dit soms moeilik of selfs onmoontlik om met die betrokke werkster persoonlik kontak te maak om onduidelikhede in die lêers opgeklaar te kry.

(f) Weens gebrek aan tyd vir volledige bestudering van elke lêer, is tydens die steekproef-ondersoek te Bloemfontein vrylik gebruik gemaak van mondelinge inligting verstrek deur die werksters wat behulpsaam was met die inwin van gegewens. Ook hier het die wisseling van personeel - in besonder by een van die betrokke organisasies - sake bemoeilik, en moes soms saam met 'n betreklik nuwe werkster deur, alte dikwels onvolledige, lêers gesoek word na die verlangde inligting.

Ten spyte van bogenoemde beperkende faktore, is nietemin alle moontlike voorsorg getref om die navorsingswerk so wetenskaplik noukeurig as moontlik uit te voer.

-o-o-o-

# H O O F S T U K II.

## GEMEENSKAPSORGANISASIE AS METODE VAN MAATSKAPLIKE WERK.

Die praktyk van welsynswerk deur die jare heen, het in steeds toenemende mate die noodsaaklikheid na vore gebring van gemeenskapsorganisasie as een van die drie basiese metodes in maatskaplike werk. In die buiteland, waar daar deesdae intensiewe aandag aan hierdie metode gewy word, word openlik erken dat dit nog nie dieselfde trap van ontwikkeling bereik het wat gevallewerk en ook groepwerk as metodes van maatskaplike werk kenmerk nie. In Suid-Afrika staan ons feitlik nog op die vooraand van die doelmatige gebruikmaking en toepassing van gemeenskapsorganisasie as metode van maatskaplike werk.

Die geskiedenis van die praktyk van maatskaplike werk toon baie duidelik dat praktiese hulpverlening binne die gemeenskap die eintlike voorloper was van die doelbewuste aanwending van gemeenskapsorganisasie as 'n bepaalde metode. Hulpverlening aan indiwidue deur middel van gevallewerk of aan groepe deur middel van groepwerk het al hoe duideliker geblyk nie doelmatig te wees om die steeds ingewikkelder wordende vraagstukke van sorgbehoewendheid te hanteer nie,en al hoe meer is tot die besef geraak dat georganiseerde maatskaplike werk 'n metode vereis wat die hantering van die vraagstukke van sorgbehoewendheid van die indiwidu en kleiner groepe in verband kon bring met die gemeenskap as geheel en dit as 'n gemeenskapstaak kon benader. Dit het duidelik

geword dat die gemeenskap vakkundige diens nodig het, veral met die oog op die daarstelling van welsynsdienste, die standaarde van dienslewering, die beplanning en koördinasie van die dienste en die aanwakker van belangstelling en ondersteuning van die algemene publiek.

Die geskiedenis van welsynswerk in die V.S.A., volgens 'n oorsig deur Sieder [1], dui daarop dat daar aanvanklik hoofsaaklik vyf verskillende benaderings was om die doeltreffendheid van welsynsdienste te verhoog. Daar was eerstens die pogings om te verhoed dat oorvleueling plaasvind van hulpverlening deur talle verskillende organisasies aan dieselfde indiwidue, en die bevinding dat sodanige hulpverlening tot misbruik lei. Ten einde dit te voorkom, is oorgegaan tot die stigting van gemeenskapshuise, en in die tweede helfte van die negentiende eeu, tot die stigting van „Community Organization Societies". Dit het aanleiding gegee tot die instelling van sentrale gevalleregisters en onderlinge verwysingsprosedures tussen verskillende organisasies.

Tweedens was daar die stigting van die Joodse Federasies en die Gemeenskapskaste en Gemeenskapsrade in die tydperk 1909 tot 1915, met die doel om deur die integrasie van dienste, verkwisting en duplikasie van fondse-insamelingspogings en dienslewering uit te skakel.

10./ Derdens is.......

1) Sieder, Violet M.: What is Community Organization Practice in Social Work ? in Community Organization in Social Work; Council on Social Work Education. New York. 1956. pp. 8-9.

Derdens is probeer om maatskaplike probleme statisties te meet en is pogings aangewend om die bronne van die verskillende organisasies by die behoefte wat daar wel aan welsynsdienste bestaan, aan te pas.

Vierdens is gepoog om groepe in die gemeenskap te betrek by sake van algemene belang soos behuising, openbare gesondheid, rasseverhoudings, en is die klem sodoende laat val op die voorkoming van maatskaplike probleme deur 'n groter deelname van organisasies en groepe in beplannings- en behandelingsprogramme.

In die jongste tyd word gemeenskapsorganisasie gesien as 'n direkte hulp aan gemeenskappe waardeur verskillende instansies gehelp word om hulle behoeftes te identifiseer, saam te werk en gemeenskaplik mee te doen aan behoeftevoorsiening, voorkoming en daadwerklike oplossing van probleme.

Eintlik duur al vyf bogenoemde benaderings vandag nog voort en alhoewel die waarde wat aan elkeen afsonderlik toegeken word aansienlik verskil, toon dit nietemin baie duidelik die verskillende inhoude aan wat aan gemeenskapsorganisasie gegee word. In die praktyk het dit beslag gekry in die daarstelling van gemeenskapshuise, sentrale gevalleregisters, gemeenskapskasse, nasionale organisasies en gemeenskapsrade - almal instellings wat met gemeenskapsorganisasie te doen het; instellings wat die basiese struktuur vorm van die proses van gemeenskapsorganisasie.

Ook in Suid-Afrika word vandag talle van dié

instellings gevind met primêre funksies wat met gemeenskapsorganisasie in verband staan. Daar bestaan, byvoorbeeld, sentrale gevalleregisters in verskillende stede, gemeenskapskasse, 'n aantal nasionale organisasies, statutêre streekswelsynrade en 'n statutêre nasionale welsynsraad. Ook is daar ooreenkomste tussen sommige partikuliere welsynsorganisasies in verband met werkverdeling onderling, asook werkverdeling tussen die organisasies en die Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Deur die geskiedenis heen het daar heelwat verskuiwing van klem plaasgevind in die proses van die ontwikkeling van maatskaplike werk tot 'n professionele diens, en het daar 'n duidelike begripsverskil ontstaan tussen blote maatskaplike sorg - waar die klem hoofsaaklik val op die arbeidsveld en meer algemene optrede sonder spesifieke betrekking op 'n diagnostiese en behandelingsmetode - en maatskaplike werk as professionele diens. Laasgenoemde dui daarop dat binne die algemene aktiwiteite van georganiseerde maatskaplike dienste, maatskaplike werk die vakkundige diens daarstel met die doel om mense op professionele wyse te help met hul probleme. Die primêre doel van hierdie diens word deur Werner Boehm [2] as volg gedefinieër: „Social work seeks to enhance the social functioning of individuals, singly and in groups, by activities focused upon their social rela-

12./ tionships which.....

---

2) Boehm, Werner W.: Objectives of the Social Work Curriculum of the Future, Vol. I. The Comprhensive Report of the Curriculum Study; Council of Social Work Education. New York. 1959. p. 54.

tionships which constitute the interaction between man and his environment. These activities can be grouped into three functions: restoration of impaired capacity, provision of individual and social resources, and prevention of social dysfunction."

Om hierdie doel te bereik, word van verskillende metodes gebruik gemaak en een sodanige metode, wat in die jongste tyd ontwikkel tot een van die basiese metodes in maatskaplike werk, is dan ook, soos reeds gemeld, dié van gemeenskapsorganisasie. Volgens Boer [3] is die gemeenskapsorganisasieproses in Amerika tot 'n bepaalde onderwerp van die metodologiese studie in maatskaplike werk gemaak deur die vraag te stel hoe hierdie proses toegepas moet word om die verlangde resultate te bereik. Hierdie proses word dan ook in die Amerikaanse literatuur sterk beklemtoon en beskou as 'n proses wat plaasvind vry dikwels sonder enige poging om dit so aan te wend dat bepaalde vooropgestelde of verlangde doeleindes daardeur bereik word. Uit die aard van die saak word dit ook sterk beklemtoon as 'n proses wat in alle soorte gemeenskappe voorkom en te vind is op alle terreine van die gemeenskapslewe. Waar groepe saam woon, moet daar noodwendig organisasie en beplanning wees omdat daar basiese behoeftes sal wees waarin voorsien moet word, en sodanige organisasie kom dan ook vanselfsprekend nie slegs op een bepaalde lewensterrein voor nie,

13./ maar word............

3) Boer, J.: Maatschappelijk Opbouwerk, Verkenningen op het gebied 'Community Organization' in Nederlandse Verhoudingen. van Loghum Slaterus, Arnhem 1960. p. 79.

maar word gevind op die gebied van die opvoeding, die godsdiens, die ekonomie, die politiek, die kuns, die sport, en so meer. Ook is dit nie gebonde tot een bepaalde geografiese gebied of land nie, en tree dit nie alleen op nasionale nie, maar ook op internasionale vlak na vore.

Uit die studie van talle bronne tree een bevinding baie duidelik na vore, nl. dat die begrip, gemeenskaps-organisasie, 'n proses veronderstel wat op verskillende maniere gedefinieër en geïnterpreteer word, en dat die begripsbepaling dus nog in 'n stadium van ontwikkeling verkeer. Na 'n deeglike studie van hierdie verskynsel kom Stulting [4] tot die gevolgtrekking dat by die pogings tot definiëring van die doel van gemeenskapsorganisasie as 'n bepaalde proses twee hoofdenkrigtings onderskei kan word, t.w. (i) dat die doel van gemeenskapsorganisasie die op mekaar afstemming van behoeftes en hulpbronne is, en (ii) dat die doel van gemeenskapsorganisasie integrasie en samewerking is.

In die eerste hoofdenkrigting is die twee sleutel-woorde „behoeftes" en „hulpbronne" wat bymekaar aange-

14./ pas moet word.........

4) Stulting, A.A.: Die Verantwoordelikheid van Welsynsorganisasies t.o.v. Gemeenskapsorg; Ongepubliseerde Proefskrif. Universiteit van Stellenbosch, 1961. p. 13.

pas moet word. In die definisie van Arthur Dunham [5] wat hy as volg stel: „By Community Organization for Social Welfare I mean the process of bringing about and maintaining adjustment between social welfare needs and social welfare resources in a geographical area or a functional field.", word wel die doel van gemeenskapsorganisasie vermeld, maar vind ons geen verwysing na die proses wat plaasvind nie. Hierteenoor doen Murray Ross [6] dit wel in sy definisie van gemeenskapsorganisasie wanneer hy dit soos volg saamvat: dit is „a process by which a community identifies its needs or objectives; orders or ranks these needs or objectives; finds the resources (internal and/or external) to deal with these needs and objectives; takes action in respect of them, and in doing so extends and develops cooperative and collaborative attitudes and practices in the community."

Hoewel die praktyk leer dat die stappe in die proses van gemeenskapsorganisasie soos dit hierbo deur Ross beskryf word, nie noodwendig logies op me-

15./ kaar volg.............

---

5) Dunham, Arthur.: What is the Job of the Community Organization Worker ? in Proceedings of the National Conference of Social Work, Atlantic City, 1948. Columbia Press, New York, 1949. p. 162.

6) Ross, Murray G.: Community Organization Theory and Principles. Harper and Brothers, New York, 1955. p. 39.

kaar volg nie, is die onderskeie stappe wat hy aandui, tog van wesenlike belang vir die verloop van die proses. Volgens genoemde definisie is die eerste stap in die proses die bepaling van behoeftes en oogmerke.

Eerstens moet dus grondig vasgestel word wat die besondere behoefte of probleem is. Die metodes waarvolgens dit gedoen word, kan grootliks varieer. Dit kan byvoorbeeld 'n heel eenvoudige ondersoek wees, of dit mag blyk dat hoogs gespesialiseerde navorsing geverg word. Wat ookal die geval mag wees, moet sorg gedra word dat alle handelinge gebaseer word op 'n feitebasis, m.a.w. indien die nodige feitekennis ontbreek, moet dit ingesamel word. Dit is eers na juiste bepaling van die hele probleemsitusie dat duidelikheid verkry kan word oor die oogmerke wat gevolg moet word.

Die oogmerke sal noodwendig altyd in direkte verband staan met die behoeftes, aangesien die doel van die oogmerk moet wees om in die behoefte te voorsien, of om die probleem op te los. Die oogmerk sal derhalwe deur die feitlike situasie bepaal word, en sal slegs dien as sneller waarmee die oplossingsproses afgevuur word. Laasgenoemde kan beskou word as daardie spesifieke programme wat prakties aangewend word om die behoeftes en probleme uit die weg te ruim. Hierdeur mag egter geen afbreuk gedoen word aan die belangrikheid van die oogmerke as sodanig nie. Veeleer moet die oogmerke gewoonlik ook nog onderverdeel word in sub- en selfs sub-sub-oogmerke, ten einde die nuttige gebruik daarvan te verseker en duidelike rigting te gee aan die

handeling en optrede van die beplanningsgroep. Die kennis wat die gemeenskapsorganisasie-werker dra van die bepaling van oogmerke, sal beslis sy optrede beinvloed met betrekking tot die hulp wat hy aan individue of groepe verleen om hul oogmerke te identifiseer en te bepaal.

Die tweede stap, volgens die definisie van Ross, is die ordening en rangskikking van behoeftes. Alle behoeftes en probleme kan nie altyd gelyktydig die hoof gebied of opgelos word nie, daarom is ordening en rangskikking 'n vereiste. Hier moet daar besluit word oor die dringendheid van die behoefte; of die behoefte deur die bestaande of potensiële hulpbronne ontmoet kan word, en of die indiwidu of groep gereed is vir die verandering waardeur die behoefte bevredig moet word. Uit die aard van die saak sal sodanige bepalings deeglike kennis van die gemeenskap vereis.

Hierna volg dan, volgens Ross se definisie, die soek na hulpbronne wat beide intern of ekstern kan wees, asook van materiële of nie-materiële aard. Sodanige bronne kan derhalwe insluit mense wat leiding moet gee en/of mense wat dienste verrig; finansiële ondersteuning; plekke en fasiliteite; maatskaplike welsynsprogramme en dienste; gespesialiseerde bronne vir beplanning, soos navorsings-, inligtings- en universiteitsbronne, en vorige ondervinding en houdings in koöperatiewe gemeenskapspogings wat ont-

wikkel kan word deur die metode van gemeenskapsorganisasie.[7]

Aangesien daar sonder hulpbronne geen oogmerke bereik kan word en geen handelingsprogramme uitgevoer kan word nie, is die belangrikheid van die verkryging van hulpbronne vanselfsprekend. Enige partikuliere welsynsorganisasie wat sy funksies na behore wil vervul, moet alles in sy vermoë doen om alle moontlike hulpbronne ten volle te ontgin. Hulpbronne is nie iets wat vanself sal opdaag nie - dit moet gesoek word - sowel dié wat reeds binne die bepaalde gemeenskap bestaan as alle potensiële hulpbronne wat mag bestaan. Kennis van die gemeenskapsamestelling is dus 'n noodsaaklikheid - die gemeenskap moet gesien en geken word soos dit in die werklikheid bestaan - die verskillende subkulture, belange en openbare meningsgroepe. 'n Organisasie se belangstelling moet verder strek as net binne sy eie vriendskaps- en kennisgroep en daar moet voortdurend gepoog word om belangstelling en ondersteuning doelbewus ook in wyer kring te soek.

Die laaste stap, volgens die definisie onder bespreking, is dat daar tot aksie oorgegaan moet word. Wanneer hier gepraat word van 'tot aksie oorgaan', het dit bloot betrekking op die intensivisering van

18./ daardie............

7) Groepering van bronne soos uiteengesit deur Genevieve Carter: Social Work Community Organization Methods and Processes; in Concepts and Methods of Social Work. Friedlander, Walter (Ed.), Prentice Hall, Inc., 1958. p. 236.

daardie handelinge waardeur die oplossing wat in vooruitsig gestel is, tot stand gebring word. Ross gee dus geensins te kenne dat voorafgaande stappe geen aksie bevat nie, maar beklemtoon slegs die feit dat met hierdie stap die beoogde behoeftebepaling wat vooraf gegaan het nou daadwerklik omskep word in behoeftevoorsiening - die plan van aksie of behandeling wat opgestel is, moet nou prakties uitgevoer word.

Met die praktiese uitvoering van die plan is dit noodsaaklik dat teenkanting of weerstand teen die plan sover as moontlik uitgeskakel moet word. Die voor-die-hand-liggende weg waarlangs dit kan geskied, is dat alle betrokke persone of partye van die begin af aan geken moet word in die hele proses en bes moontlik moet meehelp aan die opstel daarvan, al is dit dan bloot deur samesprekings, onderhoude, meedeel van inligting en so meer. Campbell Murphy [8)] vestig die aandag op 'n baie wesenlike gevaar waaraan maatskaplike ondersoeke wat nie aan hierdie beginsel getrou bly nie, blootgestel word, nl., dat baie aanbevelings gemaak word sonder dat daar ooit enige uitvoering aan gegee word. Met verwysing na hierdie aspek van die proses van gemeenskapsorganisasie sê hy dat: „For a community to achieve satisfactory

19./ social goals.......

8) Murphy, Campbell G.: Community Organization Practice, Houghton Mifflin Co., New York, 1954. p. 118.

social goals through planning, it is normally necessary to work with the community, through its leaders, identifying community problems as seen by important segments of the community itself. With competent technical help, the community can be brought to a deeper understanding of its problems and enabled to work toward their solution."[9]

Hoewel volgens die definisie van Ross, soos hierbo bespreek, die tot aksie oorgaan analities die laaste stap is in die proses van probleemoplossing, is dit duidelik dat dit dikwels in die praktyk nodig is om tot aksie oor te gaan voordat alle inligting wat nodig is, ingewin kan word, of voordat 'n volledige ondersoek voltooi is. Wanneer samewerking verkry is, word handelinge uitgevoer terwyl die ondersoek nog voortduur.

Tot sover dan opsommend 'n uiteensetting van die verskillende stappe in die proses van gemeenskapsorganisasie volgens die definisie van Ross. Dit dien egter hier daarop gewys te word dat indien die grootste moontlike mate van sukses deur die toepassing van hierdie proses verkry moet word, hierdie stappe moet plaasvind in 'n gemeenskap wat sover as moontlik gereed is daarvoor, m.a.w. by die bepaling van behoeftes en die gebruikmaking van hulpbronne moet die gemeenskapsorganisasie-werker begin waar die gemeenskap is, en waar die lede van die gemeenskap gereed is om samewerking te verleen. Sodanige gemeenskapsgereedheid sal uit die aard van die saak, verskil van

20./ gemeenskap tot.........

9) Ibid., p. 119.

gemeenskap tot gemeenskap, en selfs ook van groep tot groep binne dieselfde gemeenskap, en sal grootliks afhang van die maatskaplike bewussyn; die bestaande kennis rakende die probleme; ondervinding t.o.v. beplanning, en so meer. Die gemeenskapsorganisasie-werker moet dus die mate van gereedheid van die gemeenskap voortdurend in berekening bring in sy beplanning en optrede. Gebrek aan gereedheid by 'n gemeenskap is vanselfsprekend nie 'n toestand waarin sonder meer berus mag word nie. Gereedmaking van die gemeenskap sal in so 'n geval 'n besondere taak daarstel binne die raamwerk van die werksaamhede van die gemeenskapsorganisasie-werker. Die grondbeginsel in gemeenskapsorganisasie moet egter altyd voorop gestel word, nl. dat gemeenskappe gehelp moet word om hulle self te help. In een woord saamgevat dus die beginsel van „selfhulp".

Bogenoemde stelling hang natuurlik ten nouste saam met die bestaansregverdiging van enige welsyns-organisasie, nl. hulpverlening aan diegene wat 'n behoefte daaraan het. By die toepassing van gemeenskapsorganisasie mag dit egter - net soos in enige ander metode van maatskaplike werk - nie in die eerste instansie gaan om die persoon of die groep self nie, of om die betekenis van die groep vir die lede onderling nie, maar om die hulp wat verleen word.

Hulp aan medemense was vanaf die vroegste tye en is vandag nog nodig en juis hierom is die begrip

„selfhulp" nie altyd so heel eenvoudig soos dit soms voorgestel word nie. Die waarde en betekenis van selfhulp vir persone, gesinne, groepe, en gemeenskappe word in maatskaplike werk vakliteratuur deurgaans erken en beklemtoon, maar dit is tog duidelik dat in ons moderne Westerse samelewing ons al hoe meer afhanklik van mekaar raak, en verder is die stelling „om ander te help om hulle self te help", in hierdie verband in sigself ook dubbelsinnig, want om ander te kan help om hulself te help, moet die helper 'n medewerker word, 'n medepligtige aan die hulp wat verleen word, het sy aan indiwidue, groepe of gemeenskappe. Veeleer beklemtoon die begrip, selfhulp, dus die feit of beginsel dat hulpverlening nie die oorname van verantwoordelikheid moet inhou nie. In ons moderne gekompliseerde samelewing kan persone nie maar bloot aan hulself oorgelaat word om hulle self te help nie - nie alleen sou dit tot chaos lei nie, maar dit sou ook noodlottige gevolge hê vir sowel die persone as die gemeenskap. Hulp tot selfhulp bly steeds 'n noodsaaklikheid.

By die uitvoering van die funksie van hulpverlening, kan die lede van 'n gemeenskap nie altyd indiwidueel optree nie, omdat so 'n vorm van indiwiduele hulpverlening dikwels totaal ontoereikend sou wees. Adriani [10] toon die belangrikheid daarvan aan dat

22./ hulpverlening..........

10) Adriani, J.H. met medewerking van Folmer, Anth.: Voorlezingen over Armenzorg en Maatschappelijk Werk, 4de Hersienne druk. G.J.A.Ruijs Uit. Mpy., Zutpher 1946. pp. 28-40.

hulpverlening moet geskied binne die „kring" naaste aan die ontvanger daarvan. Eers wanneer hierdie „kring" nie voldoende hulp kan verleen nie, word dit verder uitgebrei in al wyer wordende „kringe" totdat dit uiteindelik die staat se verantwoordelikheid word. om hulp te verleen. Dit is egter nie die geval dat spontane, indiwiduele hulp heeltemal uitgeskakel of buite rekening gelaat mag word nie - uit godsdienstige oogpunt gesien, is dit naasteliefde -, maar wanneer hierdie indiwiduele hulp nie voldoende is nie, moet 'n gesamentlike poging tot hulpverlening aangewend word; wat dus weer teruglei tot die begrip, georganiseerde optrede.

Wanneer met georganiseerde optrede begin word en daar kom verdere ontwikkeling om in 'n wyer veld van behoeftes te voorsien, lei dit tot 'n proses van grotere of meerdere organisasie. So 'n proses van meerdere organisasie binne 'n gemeenskap kan 'n baie gesonde teken wees omdat dit dui op groeikrag en ontwikkeling waarsonder daar maklik verstarring kan intree. Hier bestaan daar egter een groot gevaar waarteen gewaak moet word, nl., dat organisasie op sigself nie uiteindelik tot doel gemaak word nie. Organisasie moet altyd slegs 'n middel tot 'n doel bly, m.a.w. die maatstaf moet nie wees dat daar wel georganiseer word nie, maar dat deur te organiseer die meeste en doeltreffendste hulp verleen kan word.

Uit bogenoemde blyk een vereiste egter duidelik, en dit..........

lik, en dit is dat die gemeenskapsorganisasie-werker ten alle tye deeglike kennis moet dra van die basiese beginsels van goeie organisasie - alleen dan sal hy gemeenskapsorganisasie kan benut, en suksesvol kan benut as 'n metode - waar selfs welsynsorganisasies dikwels, het sy deur gebrek aan insig, kennis, probleme, persoonlike houdinge of wat ookal, hulp nodig het om 'n keuse te maak t.o.v. behoeftes en dienste, die aanvaarding van verantwoordelikhede en so meer. Om hierdie hulp te kan verleen, word die metode van gemeenskapsorganisasie gebruik.

-o-o-o-o-

# H O O F S T U K III.

## GEMEENSKAPSORGANISASIE AS METODE TOEGEPAS OP PROBLEEMBEHANDELING IN MAATSKAPLIKE WERK.

Soos aan die begin vermeld, is die proses van gemeenskapsorganisasie as metode in maatskaplike werk 'n nog relatief nuwe rigting en is dit eintlik nog maar in die kinderskoene stadium van ontwikkeling. Dit bring mee dat die maatskaplike werker in gemeenskapsorganisasie nog hoofsaaklik te doen kry met vraagstukke rakende georganiseerde hulpverlening. Dit is wel bekend dat in gesinsorgwerk en gevallestudiewerk daar gewoonlik 'n hele reeks maatskaplike probleme genoem kan word waarmee die maatskaplike werker te doen kry, maar dit is net so 'n welbekende feit dat dit steeds moeilik bly om 'n bevredigende waterdigte klassifikasie te maak van die probleme van die gevalle waarmee gewerk word

In soverre dit gemeenskapsorganisasie as metode betref, bestaan daar eintlik nog geen tipologie van die vraagstukke waardeur die presiese aard van die probleme waarop die metode van toepassing is, aangedui kan word nie. Die oplossing van alle vraagstukke in maatskaplike werk kan seer seker nie in die metode van gemeenskapsorganisasie gesoek of verwag word nie.

By gemeenskapsorganisasie as 'n metode word aan die gemeenskap gedink as die kliënt. Die uitgangs-

punt moet dus wees: „Wat is die probleme van die gemeenskap ?" In antwoord op hierdie vraag gee Ross [1] 'n lywige uiteensetting wat in kort daarop neerkom dat die hele probleem opgesom kan word in drie woorde, t.w. „verlies aan gemeenskapsin". In sy motivering van hierdie stelling beklemtoon hy die proses van verstedeliking, die tegnologiese ontwikkeling, toenemende industrialisasie en die invloed daarvan op maatskaplike verhoudings en hoe dit alles die behoud van gemeenskaplike waardes bemoeilik, sodat syns insiens, die gemeenskap as kliënt hulp nodig het. Die indiwidu is nie meer voldoende in staat tot 'n aktiewe deelname aan sosiale veranderinge nie en juis daarom word die persoonlike ontwikkeling gestrem. Die oplossing vir hierdie probleem sou dan lê in gemeenskapsintegrasie; m.a.w. die doel van gemeenskapsorganisasie word dan om gemeenskapsintegrasie te bewerkstellig. Hierdeur kan die verlies aan gemeenskapsin bekamp en uitgeskakel word.

Teenoor bogenoemde beskouing van Ross, sien Dunham [2] weer 'n gesonde aanpassing tussen welsynsbehoeftes en welsynsbronne as die eintlike doel van

26./ gemeenskapsorganisasie....

1) Ross, Murray G.: Op. cit., p. 78-84.

2) Dunham, A.: Community Welfare Organization Principles and Practice. Thomas Y. Corwell Company, New York, 1958. p. 31.

gemeenskapsorganisasie. Boer [3] sien in die metodiese hulpverlening aan 'n gemeenskap deur die doelbewuste en vakkundige bevordering van die gemeenskapsorganisasieproses, gemeenskapsorganisasie as 'n metode in maatskaplike werk.

Volgens Sieder [4] weer is gemeenskapsorganisasie 'n metode van maatskaplike werk wat die gemeenskap help om sy maatskaplike welsynsbehoeftes die hoof te bied deur die wisselwerking en samewerking tussen sy organisasies, instellings, leiers, groepe en indiwidue so te bevorder dat die interne en eksterne bronne tot die hoogs moontlike mate beskikbaar gestel en benut kan word, terwyl die potensiële vermoë om die oplossing van probleme te onderneem hierdeur toeneem en verstewig word.

Hoe egter ookal die spesifieke doel van gemeenskapsorganisasie as 'n behandelingsmetode in maatskaplike werk gedefinieer word, bly daar steeds die vraag van die toepassing van die metode in die praktyk. Dit is vanselfsprekend dat die toepassing van 'n metode gebaseer moet wees op kennis en op sekere basiese beginsels. Hiervolgens moet 'n werker

27./ sy optrede...........

3) Boer, J.: Op. Cit., p. 83.

4) Sieder, Violet M.: The Tasks of the Community Organization Worker, in Planning Social Services for Urban Needs; Papers on Community Organization presented at the 84th Annual Forum of the National Conference on Social Welfare, Columbia University Press, New York, 1957. p. 6.

sy optrede bepaal. In die voorafgaande hoofstuk is reeds na hierdie basiese beginsels verwys - t.w. probleem-bepaling en oplossing, aksie, gereedheid, verhoudings, onderhoude, deelname, leierskap en gesag.

Die toepassing van gemeenskapsorganisasie as metode in maatskaplike werk word deur Violet Sieder[5] hoofsaaklik op die volgende stappe gebaseer:

(1) Die realiteitsfaktore in die gemeenskap moet bepaal word. Dit word gedoen deur in die eerste instansie te bepaal wie bewus geword het van 'n probleem, watter groepe hulle verteenwoordig en presies watter faktore hulle waargeneem het en in hoeverre dit deur hulle erken en begryp word. Hierna moet die maatskaplike werker op vakkundige wyse die probleemsituasie ontleed, gesien teen die agtergrond van sosiale, ekonomiese, godsdienstige, kulturele, politieke en alle ander faktore wat die verskillende groepe se onderlinge verhoudinge en samewerking kan beïnvloed. 'n Voorvereiste hiervoor is kennis en insig aan die kant van die werker - nie alleen praktiese kennis van sy gemeenskap nie, maar ook kennis deur voortdurende studie. Die werker mag soms vind dat sy wetenskaplike ontleding van die probleemsituasie aansienlik sal verskil van die bepaling

28./ van die............

5) Ibid., pp. 7-13.

van die probleem soos gesien deur bogenoemde groepe.

(2) Na bepaling van die realiteitsfaktore volg die diagnose van die gemeenskapsituasie. Sieder gee hier drie benaderings, t.w. (a) probleemklassifikasie, (b) ontleding van inter-organisasie moontlikhede en (c) 'n bepaling van die indiwiduele leierskapmoontlikhede.

(a) Probleme moet geklassifiseer word volgens dringendheid en volgens die beraamde tyd wat in beslag geneem sal word om tot 'n oplossing te geraak. Net soos in gevalstudie- of gesinsorgwerk, moet daar in gemeenskapsorganisasie ook 'n opname-beleid wees. Deur die stappe wat gevolg sal moet word om 'n oplossing te bereik, te bereken, sal die uitvoerbaarheid van die plan asook die gemeenskapsgereedheid getoets kan word.

(b) Ontleding van die interorganisasie moontlikhede geskied eerstens deur funksiebepaling van die welsynsorganisasies wat op die probleemsituasie betrekking het, asook die bepaling van belangstellings, sowel positief as negatief, van die verskillende groepe binne die gemeenskap. Tweedens deur die bepaling van belangstellings en/of vooroordele by die verskillende geografiese onderafdelings van die gemeenskap, en derdens, deur die bepaling van die funksieverdeling en integrasie van die dienste wat deur die verskillende organisasies

gelewer word asook die middels wat daar bestaan om koördinasie te verseker.

(c) Bepaling van die indiwiduele leierskapmoontlikhede geskied deur (i) die identifisering van indiwidue met kennis en vaardighede t.o.v. die bepaalde program of probleemsituasie waaraan gewerk word; (ii) die identifisering van leiers binne die gemeenskap met bepaling van hulle prestige en mag en hul invloed op ekonomiese, sosiale en politieke gebied, en (iii) bepaling van die moontlikhede van hierdie leiers as leiers of medewerkers in die proses van gemeenskaplike optrede.

(3) <u>Doelwitte en oogmerke moet geformuleer word.</u> Hiervoor moet daar 'n geskikte komitee of bestuur geskep word waardeur die verteenwoordigers van die verskillende gemeenskapsgroepe kan saamwerk. Die werker moet hiermee behulpsaam wees deur die verteenwoordigers van die betrokke groepe en indiwidue byeen te bring vir 'n ondersoek en bespreking van die probleem en die formulering van die oogmerke. Verder moet hy die verteenwoordigers aanmoedig en inspireer om die samewerking tussen die groepe wat hulle verteenwoordig te verseker, te versterk en te behou gedurende die proses van gemeenskapsorganisasie en moet hy waar moontlik die samewerking uitbrei tot ander geïnteresseerde persone en/of groepe.

Dit is duidelik dat die rol van die maatskaplike werker in hierdie proses van kardinale

30./ belang is.............

belang is en dat hy kennis moet dra van hoe, en ook oor die praktiese vermoë moet beskik om met komitees te kan werk. By die keuse van 'n komitee moet besondere aandag gewy word aan die samestelling daarvan, en vanaf die oomblik dat die komitee begin funksioneer, moet hy op professionele wyse hulp verleen aan die komiteelede en hulle so lei dat elkeen se potensiaal tot die hoogste mate benut kan word. Hy moet die verantwoordelikheid aanvaar om toe te sien dat daar volkome samewerking en wisselwerking is tussen die lede van die komitee en die verskillende groepe wat hulle verteenwoordig. Dit is sy taak om die komitee te help om al die opeenvolgende fases van die proses vlot te laat verloop en dit sodoende 'n dinamiese proses te maak vanaf die probleem na die uiteindelike oplossing daarvan.

Daar is verskillende weë waarlangs hy aan al hierdie vereistes kan voldoen. Hy moet die komitee help met die insameling van feite-gegewens; die verkryging van advies deur alle moontlike inligtingsbronne sowel binne as buite die gemeenskap te raadpleeg en met die noukeurige bepaling van die hele probleem asook die bes moontlike oplossing daarvoor. Hy moet die hulp verkry en benut van persone wat deur hulle kennis, insig, bedrewenhede en invloed kan meehelp tot die uit- en deurvoer van die planne van behandeling.

Al sou al die handelinge van die werker

miskien nie altyd as maatskaplike werk geklassifiseer kan word nie, moet dit tog beskou word as handelinge wat in verband staan met die gemeenskapsorganisasie-proses en wat derhalwe verband hou met georganiseerde maatskaplike werk. Hy sou, byvoorbeeld, omdat hy as maatskaplike werker nie daaroor beskik nie, geen gespesialiseerde kennis hê op bepaalde terreine soos, byvoorbeeld, publisiteit, fondse-insameling, navorsing en ander nie en sal na gelang van wat omstandighede vereis met deskundiges op hierdie gebiede moet konsulteer en so sy eie kennis moet vermeerder, dog sy hooftaak sal steeds wees om met die wetenskaplike kennis waar hy wel oor beskik, op vakkundige wyse leiding te verskaf in die proses van gemeenskapsorganisasie.

(4) <u>Die uitvoering van die plan om die oogmerke te bereik</u>, bring spesifieke take mee wat die werker moet onderneem. Die belangrikste hiervan is om die bereidwilligheid en doelmatige samewerking te verkry van diegene wat die uitvoering van die plan kan of sal beïnvloed. Sodanige bereidwilligheid moet so vroeg as moontlik verseker word - verkieslik nog in die stadium van bepaling van die probleem en die formulering van die plan. Die werker is verantwoordelik vir vakkundige leiding in die proses tussen die formulering en die uitvoering van die plan. Die spesifieke bedrewenhede waarvan die werker hier gebruik gaan maak, sal grootliks afhang van

die aard van die probleem wat opgelos moet word. Goeie tydsberekening is belangrik daar daar nie gepoog behoort te word om alle oogmerke op dieselfde tydstip te bereik nie. Alte dikwels word baie goeie planne tot mislukking gedoem deurdat teveel bereik wil word oor 'n te kort tydsbestek.

Indien die plan die probleem van finansiering inhou, sal onderhandelinge gevoer moet word met individue en/of groepe. Die skepping van nuwe dienste moet nooit aangepak word sonder 'n volledige bepaling van die reeds bestaande dienste nie. Elke nuwe diens moet in 'n definitiewe behoefte binne die ontwikkeling van welsynsdienste in 'n gemeenskap voorsien en mag nie ingestel word ten koste van reeds bestaande dienste wat wel gebruik kan word nie. Dit is die taak van die werker om die gemeenskap hierin te lei.

(5) Die vyfde en laaste stap volgens die raamwerk van Sieder is die <u>herwaardering van die gemeenskapsituasie en die opstel van nuwe oogmerke.</u> Die oplossing van een probleem lei heel dikwels tot die ontdekking van ander sodat geen oogmerk wat bereik word 'n finale doelwit mag wees in gemeenskapsorganisasie nie. Behoeftes verander en nuwes ontstaan, en voortdurend behoort daar ook kennis ingesamel te word van nuwe behandelingsmetodes, veranderende omstandighede en gemeenskapswaardes. Die dinamiek in georganiseerde welsynsdienslewering mag nooit verlore gaan nie, en dit vereis 'n voortdurende proses van inwin van nuwe gegewens rakende ontwikkelende tendense en 'n voortdurende bepaling van die suksesvolste metodes van dienslewering in 'n veranderende gemeenskap.

# HOOFSTUK IV.

## DIE AANDEEL VAN DIE SKOOL IN GEMEENSKAPSORGANISASIE.

In die voorafgaande hoofstukke is die teoretiese agtergrond geskets van gemeenskapsorganisasie as metode in maatskaplike werk. Deurgaans is die benaming „gemeenskap" gebruik sonder enige poging tot verduideliking of uiteensetting van hierdie algemeen bekende begrip. Vir die doel van hierdie werk, waar dit in hoofsaak gaan om die aandeel van die skool in gemeenskapsorganisasie, is dit voldoende om samevattend die definisie van Arthur E. Wood [1] weer te gee: „....this involves not merely an aggregation of individuals living in a certain place under common laws, but also social groups, representing organized interests, and functioning more or less harmoniously in the totality of community life. Such groups stand for economic, political, religious, racial, cultural, professional, recreational, and other interests..... the sociological approach to the community is to be found through its group organization. Out of this evolve its institutions, its codes of behaviour and its problems......"

Daar dien op gelet te word dat die verskillende

34./ groepe, instellings,.......

---

1) Wood, A.E.: Community Problems. The Century Company, New York, 1928. p. 26.

groepe, instellings, ens. waarna in hierdie definisie verwys word en wat binne die gemeenskap beliggaam word in die kerk, die skool, die gesin, die handel, politieke partye, ens., in geen gemeenskap parallel langs mekaar ingedeel kan word in waterdigte kompartemente nie. Dit is weliswaar aparte afdelings van dieselfde gemeenskap, maar daar is 'n voortdurende proses van wisselwerking en onderlinge verkeer en oorvleueling aan die gang, en die lewensmilieu waarin die gesin en die skoolgaande kind homself in die gemeenskap bevind, word tot 'n groot mate deur hierdie wisselwerking bepaal.

Een van die belangrikste instellings in enige ontwikkelende en ontwikkelde gemeenskap is die skool. Hierdie stelling is heeltemal verdedigbaar wanneer gelet word op die ontwikkelingskompleks waaruit die skool ontstaan en op die funksie van die skool binne die bepaalde gemeenskap.

In die onontwikkelde gemeenskap behoort die kind in werklikheid nie in die eerste instansie aan sy ouers nie, maar aan die gemeenskap en almal help mee met die opvoeding en indien nodig die fisiese versorging van die kind. Namate die geestesbesitting van die gemeenskap egter toeneem, en 'n elementêre godsdiensvorm en bewuste sedekode ontwikkel en met verloop van tyd 'n eie letterkunde begin bot en die

35./ gemeenskap sekere.......

gemeenskap sekere regsleerstellinge aanneem en toepas en 'n eie primitiewe wetenskap begin ontwikkel; na die mate ontstaan daar ook geleidelik 'n differensiasie in die opvoedingsfunksies van daardie gemeenskap en word bepaalde pligte t.o.v. die rangskikking en sistematisering van hierdie geestesgoedere aan bepaalde indiwidue en/of groepe opgedra. Hulle moet dan ook toesien dat die geestesbesitting aan die jeug van daardie gemeenskap oorgedra word.

Die voortdurende toename in geestesbesittinge bring geleidelik in die gemeenskap 'n differensiasie mee in arbeidstoestande, persoonlike besit en mag waardeur die gesin al hoe meer op die voorgrond tree as 'n selfstandige sosiale instelling. Dit lei weer op sy beurt daartoe dat die gesin bepaalde geestesbesittinge wat hy in die loop van sy ervaring versamel het, wil behou en handhaaf, en indien dit hom 'n verhoogde status bo ander gesinne gegee het, wil hy dié ook graag behou. Met toenemende ontwikkeling en vermeerderde geestesbesit word die oordra aan die jeug 'n al moeiliker taak en al hoe meer gedifferensieer totdat hulp van buite absoluut noodsaaklik word.

Hierdie ontwikkeling van die gesin is egter nie sonder gevaar vir die eenheid van die gemeenskap nie, en omdat die eenheid bedreig word, ontstaan binne die gemeenskap 'n behoefte aan beskermende maatreëls wat uiteindelik 'n behoefte meebring aan

staatsburgerlike opvoeding wat dan bepaalde eise aan die gesin stel. In die eenvoudige gemeenskap is hierdie eise gewoonlik nie veel meer as getrouheid aan die stam en sy sedes en gewoontes nie en fisiese deelname aan selfverdediging en beskerming van die stam. Namate die ontwikkelingspeil van die gemeenskap egter styg, deur die ontstaan en ontwikkeling van allerlei instellings, organisasies, broederskappe, politieke groepe, stande, ens., word die bedreiging van die volkseenheid al hoe ernstiger en word die behoefte en noodsaaklikheid om hierdie eenheid te beskerm en te behou al hoe dringender. Gevolglik word die eise van die staatsburgerlike opvoeding wat aan die indiwidu en gesin gestel word ook al meer en al omvangryker, en uit hierdie hele ontwikkelingskompleks ontstaan en ontwikkel die skool as een van die belangrikste instellings in die gemeenskapslewe.

Volgens Keyter [2] het die skool as sosiale instelling ten doel: „die bewuste rangskikking, vereenvoudiging, suiwering en oorhandiging van daardie geestesgoedere aan die jeug waartoe die gesin en ander sosiale instellings nie sonder hulp in staat sou wees nie, d.w.s. die meer gevorderde vertolking van die lewenswaardes, die ontwikkeling van intelektuele begrippe, van kennis en vaardighede wat sistematiese onderrig en die handhawing van 'n bepaalde

37./ algemene peil.........

---

2) Keyter, J. de W.: Opvoeding en Onderwys. Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1961. pp. 88.

algemene peil vereis. Hoe hoër die ontwikkeling van die nasionale gemeenskap styg, hoe meer veeleisend die opvoedingsbehoeftes van die jeug, des te omvangryker moet die organisasie van die skool uitgebrei word om alle onmondige en onrype lede te omvat en in hulle ontwikkelingsbehoeftes te voorsien."

Hoewel die algemene ontwikkeling van die gesindhede, die godsdiens en sedes, die algemene lewensuitkyk en die innerlike opvoeding hoofsaaklik aan die gesin oorgelaat word en die skool hom meer spesifiek bepaal by die oordra van die ingewikkelder geestesbesittings, kan die skool egter nie anders as om ook deel te hê aan die sedelike en morele opvoeding, die ontwikkeling van gesindhede, die lewens- en wêreldbeskouing en die innerlike vorming van die jeug nie. Die skool vorm 'n bepaalde lewensmilieu waarin die jeug bepaalde ervaringe opdoen, terwyl die onderwysers bewus of onbewus invloed op die jeug uitoefen. Die skool neem dus teen wil en dank deel aan die totale ontwikkelingsproses van die jeug.

Oor die vraag wat dan eintlik die primêre, d.w.s. die hooftaak van die skool presies is, bestaan daar meningsverskil. Is dit intellekontwikkelling of karakterontwikkeling, opvoeding of onderwys ? Is die skool primêr 'n opvoedingsinstelling of is dit primêr 'n onderwysinstelling ?

Daar bestaan wel die standpunt dat die skool

uitsluitlik 'n onderwysinstelling is en sy taak derhalwe hoofsaaklik of uitsluitlik lê in die intellektuele ontwikkeling van die kind. So skryf die Amerikaanse opvoedkundige Robert M. Hutchins [3] bv. dat: „education deals with the development of the intellectual powers of men......Their moral and spiritual powers are the sphere of the family and the church..". Hierdie beskouing is egter uitsonderlik en daarbenewens so ver buite die werklikheid van die skoollewe self en so onrealisties dat dit met veiligheid buite rekening gelaat kan word. Ongelukkig bestaan die probleem in die praktyk wel dat daar baie onderwysers in skole is wat, alhoewel hulle bogenoemde standpunt teoreties heftig verwerp, dit tog in hul klaskamerpraktyk toepas. Nietemin is dié standpunt onverdedigbaar, daar dit nooit net die intellek van die kind is wat die onderwyser voor hom in die klas het nie, maar die hele kind. Intellektuele ontwikkeling is buitendien ook nooit 'n blote intellektuele aangeleentheid nie.

Dit is duidelik dat die meningsverskil oor die primêre taak van die skool, wat per slot van sake sy plek in gemeenskapsorganisasie bepaal, in hoofsaak spruit uit die terminologiese begripsverwarring oor „opvoeding" en „onderwys". Oor die onder-

39./ skeiding tussen........

3) Hutchins, Robert M.: The Conflict in Education in a Democratic Society. Harper and Brothers Publishers. New York, 1953. p. 19.

skeiding tussen hierdie twee begrippe laat Keyter [4] homself baie duidelik uit: „Hierdie onderskeiding hou o.i. nie rekening met die ware verloop van die opvoedingsproses nie. Opvoeding is .....'n onafskeidelike aspek van die lewensproses en speel dus sy rol of ons dit wil toelaat of nie. Die proses kan egter in 'n mate doelbewus of planmatig gesistematiseer, vereenvoudig en gesuiwer word, soos ook gebeur namate die volksontwikkeling en kultuurbesit toeneem. Dit bring mee dat allerlei metodes en hulpmiddels beplan en gebruik word wat aan die proses 'n rasionele en kunsmatige eie-aard gee, wat dit van die spontane en natuurlike lewensprosesse onderskei, maar hoegenaamd nie skei nie. Dit bly nog altyd omgewe en deurvleg met laasgenoemde en slegs 'n beplande aspek daarvan. Die spontane lewensprosesse, gaan nog gedurig voort te midde van die proses van onderwys. Bowendien kan die skool ook nie anders as om daaraan deel te neem as hy getrou sy plig wil nakom nie. Opvoeding en onderwys durf dus nooit as van mekaar losstaande of geïsoleerde verskynsels beskou word nie, daar laasgenoemde in werklikheid slegs 'n bepaalde aspek van eersgenoemde uitmaak."

Ons het reeds gewys op die aandeel van die ouers aan die opvoedingsproses en dat die skool as instrument in die opvoedingsproses vandag een van die

40./ belangrikste..........

4) Keyter, J.de W.: Op. cit., p.90.

belangrikste instellings in die gemeenskap is, wat nie anders kan as om mee te doen aan die totale ontwikkelingsproses van die jeug nie. Uit die aard van sy ontstaan, kan die skool egter nie binne 'n bepaalde gemeenskap aanspraak maak op 'n eie bestaan los van die nasionale lewe nie, en is dit ook nie, soos so dikwels vandag voorgegee word, verhewe bokant die volkslewe nie, maar dien dit die gemeenskap deur 'n spesifieke lewensmilieu daar te stel waarin die jeug hul volk se kultuurbesit kan leer ken op 'n gesuiwerde, gesistimatiseerde en vereenvoudigde wyse. „Hy (die skool) ontstaan dus in 'n bepaalde gemeenskap, in 'n bepaalde kultuurvolk as hulpmiddel tot handhawing en voortontwikkeling van die lede en kultuurbesit van daardie bepaalde kultuurvolk." [5]

'n Funksie wat soms vandag buite regverdigbare verhouding aan die skool binne 'n bepaalde gemeenskap toegesê word, is dié van oorspronklik-skeppend op te tree op verskillende terreine - geestelik, polities en sosiaal. Sy funksie behoort egter nie oorspronklik-skeppend te wees nie, maar hy moet in die eerste instansie tot ontwikkeling prikkel met verwysing na en gebruikmaking van ander kulture en van dit wat as ideaal gestel word, sonder dat hy egter sy bepaalde volk of gemeenskap se geestesbesittings met vreemdes of met eie skeppings vervang. Vir suksesvolle handhawing van sy funksie en

41./ volvoering van...........

5) Ibid., p. 88.

volvoering van sy belangrike taak in die gemeenskap moet die lewensmilieu wat die skool skep tot so 'n mate op aanvullende wyse by dié van die gesin aansluit, dat die lewensmilieu van die gesin weer op sy beurt kan aansluit by die voller aanvullende milieu van die gemeenskapslewe van die kultuurvolk waarin hy funksioneer.

Die skool mag dus nooit die taak van die gesin behartig nie, maar tog mag hy ook nooit die groter gemeenskapslewe ignoreer nie, want juis die ouers en die gemeenskap waarin die jeug hulle bevind, is voortdurend besig om hulle te beïnvloed en deel te neem aan hulle ontwikkeling tot volwaardige burgers van die gemeenskap. Oorname deur die skool, van die taak van die ouers en die aandeel van die gemeenskap in die ontwikkeling van die jeug, sal slegs lei tot verwarring en ontwrigting i.p.v. gesonde bevordering van die normale ontwikkeling van die jeug en die nasionale gemeenskap. Dit beteken egter geensins dat die skool geen funksie het om te vervul t.o.v. die handhawing van die nasionale wêreld- en lewensbeskouing nie. Inteendeel, dit is 'n taak wat die skool nie mag nalaat nie en deur voorligting en ontwikkeling van die jeug moet hy meebou aan gehoorsaamheid en lojaliteit aan die basiese kodes van die gemeenskapsorde. Hy moet homself derhalwe daarop toespits om op planmatige wyse deel te hê aan die prosesse van sosiale indoktrinasie. M.a.w. die skool moet doel-

bewus nasionale opvattings en ideale, noodsaaklike geloofsoortuigings, nasionale kodes, gewoontes en gebruike by die jeug inskerp. Nasionale lewenswaardes moet by die jeug tuisgebring word deur die jeug in te lei in deelname aan ritueel en seremonie en die gebruikmaking, verstaan en eerbiediging van nasionale simbole.

Alleen die suksesvolle vervulling van bogenoemde sal aan die skool se primêre taak van bevordering van kennis en intellektuele ontwikkeling van die jeug werklike betekenis en besieling kan verleen. Langs hierdie weg sal die skool kan inskakel by die natuurlike proses van ontwikkeling van die jeug, wat reeds sy basiese beslag vind binne die gesinsverband en uiteindelik tot volle wasdom kom in die praktiese funksionering van die gemeenskapsorde. Langs die weg alleen sal hy die jeug kan lei en innerlik kan versterk en bou tot verantwoordelike volwasse indiwidue in wie se uiterlike gedrag 'n geordende geesteslewe en die handhawing van 'n ordelike gemeenskapslewe geopenbaar sal word.

Uit voorafgaande blyk baie duidelik die onmiskenbare belangrikheid van die skool in die gemeenskap en volg dit dan ook vanselfsprekend dat die skool in die proses van gemeenskapsorganisasie 'n belangrike aandeel sal en behoort te hê. In Hoofstuk I is daarop gewys dat in die proses van gemeenskapsorganisasie die bepaling van behoeftes

van kardinale belang is. Uit die aard van hierdie studie val die aandag werktuiglik op die behoeftes van die skoolgaande kind en deur laasgenoemde verder terug op die behoeftes en probleme van die gesin waartoe die betrokke kind behoort, wat ons dan uiteindelik bring by die wisselwerking en verhouding tussen gesin en skool in gemeenskapsorganisasie; probleme wat hieruit voortvloei; behoeftes wat ontstaan en die beskikbare bronne waarop in die proses van gemeenskapsorganisasie teruggeval kan word vir die verwydering van die probleme en voorsiening in bestaande behoeftes.

Die uiteensetting van die funksie van die skool het reeds indirek die noodsaaklikheid beklemtoon van gesonde en volkome samewerking tussen gesin en skool en omgekeerd en hoef dus nie verder toegelig te word nie. Daar dien egter op gelet te word dat waar hierdie samewerking nie bestaan nie, of waar die gesin-skool verhouding in 'n wanverhouding ontaard het, daar lei dit tot 'n versteuring van die lewensmilieu waarin die gesin en/of kind homself bevind en geraak hy in situasies waarin hy daardie lewensmilieu nie meer kan beheer volgens die vasgestelde gemeenskaplike normatiewe vereistes nie.

Die praktyk leer ons dat hierdie gebrek aan samewerking of wanverhouding op verskillende wyses kan ontstaan. Dit kan geskied van die kant van die

gesin, of die kind, of beide, of selfs ook van die kant van die skool of die gemeenskap. In ieder geval is dit noodsaaklik dat die maatskaplike werker die juiste agtergrond van die probleem of behoefte sal naspeur en deurgrond, dit na behore sistematies sal rangskik; die moontlikheid van hulpbronne vir die oplossing van die probleem sal ondersoek en bepaal, en na die beste van sy vermoë daardie handelinge sal toepas waardeur die oplossings wat in die vooruitsig gestel is, tot stand gebring sal word.

Bogenoemde lei noodwendig tot 'n kort uiteensetting van probleme en hoe en waar hulle ontstaan, en vir die doel van hierdie ondersoek laat ons die lig in die volgende hoofstuk val op daardie probleme wat die skoolgaande kind, sy gesin en die skool in besonder raak.

-o-o-o-o-

# H O O F S T U K V .

## DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN PROBLEEMGEDRAG BY DIE SKOOLGAANDE KIND EN JEUGDIGE.

Elke kind ontvang van sy voorgeslagte sekere oorgeërfde eienskappe wat, namate hy na volwassenheid vorder, ontwikkel en ontvou. Hierdie innerlike ontplooiing en ontwikkeling van die fisiese en psigiese vermoëns van die kind is normaalweg 'n proses wat op natuurlike wyse verloop, m.a.w. sonder aansporing van buite. Net soos die kind met verloop van tyd fisies groei en ontwikkel, net so ook ontwikkel sy psigiese vermoëns soos waarneming, konsentrasievermoë, oordeelsvermoë en intelligensie. Behalwe hierdie natuurlike ontplooiing van die oorgeerfde eienskappe van die kind, is daar egter 'n magdom faktore uit die kind se totale lewensmilieu wat bydra tot sy totale ontwikkeling. Die fisiese milieu soos klimaat, voorwerpe in die natuur, sy huislike en onmiddellike sosiale-milieu, die skool, kultuurprodukte, sy groeiende vriendekring, en steeds uitbreidende kennismaking met sy gemeenskapsmilieu en talle ander beïnvloedende faktore vorm gesamentlik 'n kompleks van invloede wat vormend op die kind inwerk en waaraan hy teen wil en dank blootgestel is. Dit is 'n omvangryke beïnvloedingsproses

bekend as vorming en dit duur voort solank as wat hy leef.

Hierdie vormingsproses waaraan elke mens onderhewig is, is of kan eintlik van tweërlei aard wees. Dit kan sowel positief wees as negatief, m.a.w. dit kan òf opbouend wees vir die karakter- en persoonlikheidsontwikkeling, òf dit kan 'n afbrekende invloed hê. Die wisselwerking tussen die kind en sy lewensmilieu: die wisselwerking tussen sy oorgeërfde eienskappe en potensiaal en die vormingsfaktore waaraan hy onderhewig is, is dan uit die aard van die saak, in sy ontwikkelingsgang die bron van die ontstaan van velerlei probleme, probleme wat ingedeel kan word in „normale" ontwikkelingsprobleme of „abnormale" probleme.

Onder „normale" probleme word hoofsaaklik gedink aan probleme wat ontstaan uit en saamhang met die normale natuurlike fisiese en psigiese ontwikkelingsgang van die kind, terwyl onder „abnormale" probleme gedink word aan bepaalde handelinge, gedragsopenbaringe, optredes, wat, gemeet aan die konstantheid daarvan, die kennis wat ons besit van die groei- en ontwikkelingsgang en aan die gemeenskapswaardes en norme soos deur die gemeenskapskodes neergelê, as afwykend beskou kan word.

Hoewel elke normale kind vanaf sy geboorte

totdat hy volwassenheid bereik 'n voortdurende groei- en ontwikkelingsproses ondergaan, leer die praktyk ons dat daar gedurende sekere ontwikkelingsstadia of -periodes, bepaalde eienskappe en behoeftes sterker op die voorgrond tree. Dit bring mee dat die kind se lewe in verskillende fases ingedeel en beskrywe kan word, mits onthou word dat al hierdie fases nie baie definitief afgebaken kan word nie, aangesien ons rekening moet hou met indiwiduele verskille. „Die indeling van groei- en ontwikkelingsstadia volgens ouderdom, kan slegs dien as algemene aanduiding van die verloop daarvan en is geen noukeurige weergawe wat vir almal presies net so geld nie. Die menslike lewe verloop immers geensins volgens 'n meganiese skema wat iedereen op 'n bepaalde ouderdom laat oorskakel van die een groei- en ontwikkelingsstadium na die ander nie. Indiwiduele verskille speel hier 'n uiters belangrike rol en verskille in lewensmilieu eweneens, ofskoon alle mense aan die algemene ontwikkelingspatroon onderhewig is."[1)]

Vir die doel van hierdie studie onderskei ons

48./ tussen die............

1) Ibid., p. 45.

tussen die volgende ontwikkelingsstadia:-[2)]

I. Die eerste lewensfase, bekend as die periode van liggaamlike aanpassing, duur gewoonlik vanaf geboorte tot sowat agtien maande of twee jaar. Gedurende hierdie periode leer die kind hom aanpas wat sy voeding, temperatuur, beweging, hantering, sintuie en ontlasting betref. Die kind is gedurende hierdie fase, soos trouens gedurende al die stadia van sy ontwikkelingsgang nie bloot 'n **fisiese** wese nie; daar is ook psigiese ontwikkeling. Probleme wat gedurende hierdie periode voorkom, is gewoonlik probleme i.v.m. slaap, voeding en die aanleer van sindelike gewoontes, en, soos deur navorsing bewys, spruit dit gewoonlik uit 'n gebrek aan bevrediging van die geestesbehoeftes van die kind. Die voor-die-hand-liggende oplossing van hierdie probleme is egte moederliefde en intieme omgang van die moeder met haar kind.

Die opvallendste ontwikkeling van sy bewegings ondergaan die kind gedurende hierdie fase. Heel aan die begin toon hy slegs die instinktiewe reaksies soos suig, slaap en huil, maar gou begin volg hy

49./ 'n lig met............

---

2) Vir 'n volledige uiteensetting van die verskillende ontwikkelingsfases soos hieronder bespreek, vergelyk:- Keyter: Opvoeding en Onderwys; Willemse: Die Sorg vir Ons Kinders en Jeugdiges; Bowley: The Natural Development of the Child; Jersild: Child Psychology; Bühler: From Birth to Maturity; King: The Psychology of Child Development; Norsworthy: The Psychology of Childhood.

'n lig met sy oë en toon na 'n paar maande talle oefenbewegings met arms en bene tegelyk en op sowat vier maande gryp en hanteer hy voorwerpe; op sowat ses maande bly hy regop sit om kort daarna te begin kruip en teen nege of tien maande staan hy teen goed op, begin langs hulle beweeg en teen sestien maande loop die meeste reeds en is heeltemal vaardig om te hanteer, te slaan en selfs te gooi.

Soos reeds aangetoon, vind daar tesame met die fisiese ontwikkeling ook psigiese ontwikkeling plaas en juis hier ontstaan so dikwels die probleme. Die kind openbaar in sy fisiese ontwikkelingreaksies ook sy emosionele ontwikkeling. Hy openbaar positiewe lewensuitinge, beleef ervaringe op sintuiglike gebied en ondervind gaandeweg positiewe emosies. Die eerste openbarings van egte sosiale- en antisosiale gevoel kom ook gedurende hierdie fase tevoorskyn en hoewel heel dikwels vaag en onduidelik, toon dit tog die indiwiduele verskille tussen kinders aan, asook die invloed van die lewensmilieu. So byvoorbeeld, is die anti-sosiale gevoelsuitinge, selfs in hierdie fase al, veel duideliker waarneembaar by kinders wat verwaarloos word as by kinders uit 'n gesin waar gesonde verhoudinge bestaan. Hierkan dus reeds die grondslag gelê word vir latere probleemgedrag by die skoolgaande kind en daarom is kennis van en insig in al hierdie ontwikkelingsmoontlikhede van wesenlike belang vir die maatskaplike werker wat met die latere produk van hierdie ontwikkelingsgang te doen

gaan kry; veral t.o.v. gevalle waar foutiewe optrede of verwaarlosing om watter rede ookal, die normale ontwikkelingsprobleme laat ontaard het in probleemgedrag.

II. Die tweede ontwikkelingsperiode, gewoonlik gereken vanaf die tweede lewensjaar tot sowat die vierde of vyfde jaar, kan beskou word as die periode van sosiale aanpassing. Charlotte Bühler verwys na hierdie fase as die "eerste koppige ouderdom", omdat die kind tussen twee en vier jaar 'n baie moeilike koppigheid en eiewilligheid aan die dag lê.

Die normale fisiese en psigiese ontwikkeling gedurende hierdie periode kom tot openbaring in die volgende eienskappe wat ons kortliks saamvat:-

(i) Die kind ontwikkel nou die vermoë om goed te kan loop. Dit bied hom 'n vryheid van beweging en juis daardeur ook die moontlikheid om tot 'n mate in sekere eie behoeftes te kan voorsien.

(ii) Die kind leer om te praat, wat aan hom die vermoë bied om uiting te kan gee aan sy eie gedagtes en gewaarwordinge en om sy eie behoeftes bekend te maak. Ook skep die geleidelike bemeestering van 'n eie taal vir die kind die kanaal waardeur die geestesbesittings van die gesin en die gemeenskap waarna ons in die vorige hoofstuk verwys het, lewenswaardes, sede-norme, kennisbesit, ens., aan die kind oorgedra en tot sy eie gemaak kan word en

waardeur hy tot ontwikkeling geprikkel word.

(iii) Gedurende hierdie ontwikkelingsstadium verkeer die kind ook met ander mense en met diere en dinge, wat hy nou alles as lewendig en menslik beskou, op 'n veel omvangryker en intensiewer wyse.

Die vernaamste psigiese ontwikkeling wat saamval met of ontstaan uit bogenoemde fisiese ontwikkeling is die openbaring van 'n eie wil. Die kind begin hom nou self handhaaf as die middelpunt van sy „vermenslikte" omgewing. Hy word vir homself 'n baie belangrike mensie tussen al die ander mense, mensies en mensdinge in 'n wêreld waarin alles vir hom „besiel" is, selfs die klippe en die bome, die maan en die sterre.

Wat vir hierdie studie egter van belang is, is dat juis a.g.v. hierdie psigiese ontwikkeling hierdie ontwikkelingsstadium een word waarin baie „normale" ontwikkelingsprobleme tevoorskyn kom, wat, as dit nie reg hanteer word nie, die kind later met ernstige probleme opgesaal kan laat.

Normaalweg openbaar die kind nou 'n houding wat kortweg deur volwassenes bestempel word as weerbarstigheid of koppigheid of eiesinnigheid. Hy gedoog geen onderdrukking of teenkanting nie en wil homself ten alle koste handhaaf - dikwels om geen ander rede nie as die blote selfhandhawing. Gesonde beheer van hierdie wilsuiting is noodsaak-

lik om 'n gesonde lewensperspektief en -houding by die kind te laat ontwikkel, maar oormatige dwang of straf met teveel moenies kan baie maklik lei tot die gevaar van 'n totale gebrek aan gesonde selfhandhawing - dikwels met tragiese gevolge. Charotte Bühler [3] beklemtoon hierdie gevaar: „The differentiation between obstinacy that is at first a normal developmental expression and later becomes neurotic, is one of the important practical questions that child psychology will have to solve in order to enable parents and others who are concerned with the upbringing of children to prevent a transition from normal to neurotic negativism."

Verskille in reaksie teenoor bepaalde optredes is natuurlik aansienlik. By sommige kinders kan oormatige beperkinge en te streng beheer die drang tot „ekhandhawing" heeltemal onderdruk en die kind laat ontwikkel in 'n passiewe,willose indiwidu met 'n ongesonde gevoel van afhanklikheid, 'n persoon by wie enige gesonde openbaring van ondernemingsgees en inisiatief totaal afgestomp is of geheel-en-al ontbreek. By die sterker persoonlikhedé kan dit die grondslag lê van redelose opstandigheid omdat hy nie begryp waarom hy nie uiting aan sy drange kan gee

53./ nie...............

---

3) Bühler, C.: From Birth to Maturity. An outline of the psychological development of the child. Kegan Paul, Trench, Trubner and Co., Ltd., London, 1945. p. 67.

nie.

By die fynbesnaarde, senuweeagtige kind wat vandag so 'n algemene verskynsel is in ons stedelike gemeenskappe, mag die verkeerde hantering van hierdie ontwikkelingsopenbaring lei tot 'n totaal anti-sosiale persoonlikheid wat net nooit suksesvol kan inpas in die lewensmilieu waarin hy homself bevind nie. Dié kind ontwikkel 'n ongesonde minderwaardigheidsgevoel wat hom later die slaafse navolger kan maak van dit wat deur ander vir hom as maatstaf voorgehou word.

Die kind met 'n persoonlike gebrek of dié wat 'n toevallige siekte of besering opgedoen het, kan as gevolg van verkeerde hantering gedurende hierdie periode baie maklik terugval op sy gebrek of siekte as hulpmiddel om die aandag en simpatie van die volwassene te verkry. Indien die kind daarin sou slaag om langs die weg 'n oormaat simpatie en vertroeteling of onoordeelkundige toegewings te bekom, kan hy heel maklik ontaard in 'n totale swakkeling of 'n selfsugtige parasiet.

By al hierdie verskynsels moet altyd in gedagte gehou word dat omgewing ook nog 'n rol speel. Kinders uit verskillende omgewings sal heel dikwels verskillend reageer op dieselfde behandeling. By te streng beheer en 'n totale gebrek aan gesonde uiting vir die drang tot selfhandhawing, sal sommige

uit blote selfverdediging blindweg in opstand kom en veg vir wat hy as sy reg beskou,en sodoende uiteindelik ontwikkel in 'n indiwidu wat altyd teen alles in opstand kom en „wie se hand teen almal is". So nie mag hy die neiging openbaar om homself te laat geld teenoor kleiner kinders en diere deur hulle af te knou en leed aan te doen; of hy mag ontvlugting uit sy frustrasie soek in 'n fantasiewêreld van sy eie wat met verloop van tyd daartoe mag lei dat hy geheel-en-al in 'n stil teruggetrokke dromer ontaard, wat in sy drome die realiteit ontvlug en wat later net nie meer in sy sosiale milieu kan of wil inpas nie.

Die een saak wat hier van belang is, is egter nou reeds duidelik en dit is die absolute noodsaaklikheid van die regte hantering van die kind gedurende hierdie ontwikkelingsfase, en veral by die openbaring van genoemde eienskappe. Gesonde beheer is noodsaaklik, maar ewe noodsaaklik is geleentheid vir die gesonde uiting van die drang tot selfhandhawing. Straf moet, waar en wanneer nodig, toegedien word om die ontwikkeling van 'n gesonde lewensperspektief en -houding te verseker, maar dit moet nie oormatig nie en op simpatieke wyse toegedien word. Veral die simpatie is noodsaaklik. „Sympathy, when it is sensible and genuine, not merely a projection of the sympathizer's anxiety or a way of dominating others, is intimately

connected with all the other responses of a friendly and constructive nature that are the foundation of a cooperative society."[4)]

Hoewel die belangrikste voorafgaande ontwikkelingsverskynsels, wat gedurende hierdie fase voorkom, oorsigtelik behandel is, is daar tog nog verskeie ander openbaringsvorme, wat gedurende hierdie tweede ontwikkelingsperiode voorkom, waarvan kennis geneem moet word, aangesien die invloed daarvan tot diep in die latere lewe mag strek.

(iv) Die eerste openbaringe van eergevoel verskyn normaalweg gedurende hierdie periode, en is gewoonlik waarneembaar wanneer die kind gespot of geterg word of wanneer hy berispe word. Hierdie gedragsuiting spruit uit die behoefte wat daar nou by die kind ontwikkel aan erkenning vir eie prestasies en ook omdat hy nie graag uit die groep uitgesluit wil voel nie. Hierdie verskynsel kan met die korrekte benadering en aanmoediging 'n sterk hulpmiddel word in die hantering van die kind, maar kan ook deur oordrewe aandag en waardering 'n verwronge idee

56./ van selftevredenheid......

4) Barker, Konnin and Wright.: Child Behaviour and Development. McGraw-Hill Book Co. Inc. New York, 1943. p.345.

van selftevredenheid en eie waarde laat posvat.

(v) Emosies soos jaloesie, afguns en haat kom ook gedurende hierdie ontwikkelingsfase tot openbaring. Dit is emosies wat hoofsaaklik van buite geprikkel word en wat as gevolg van oormatige prikkeling-soos deur voortdurende verwysings na moontlike tekortkominge of gebreke by die kind, veral in teenstellende vergelyking met ander sonder sodanige gebreke - die grondslag kan lê vir die ontwikkeling van 'n totaal verwronge gevoelslewe. Daar moet dus gewaak word teen oormatige prikkeling van hierdie emosies.

(vi) 'n Emosionele openbaring wat vir die persoonlikheidsontwikkeling van die kind beslis ten goede benut kan word, is die openbaring van 'n gevoel van skaamte oor verkeerde gedrag. Dit kom gewoonlik tot openbaring daarin dat die kind die mense van sy omgewing wil vermy, of die aandag van sy verkeerde daad wil aftrek. Deur hierdie emosie word die pad na die gewete van die kind geopen, en kan dit gebruik word om 'n stewige basis te lê vir sy sedelik-morele ontwikkeling.

(vii) Die wyse waarop kinders in hierdie ontwikkelingsfase dikwels deur selfoptrede uiting gee aan hul lewensenergie, hou gevaar in vir die persoonlikheidsontwikkeling. Die neiging wat die kind openbaar om spelenderwys sy mag te laat geld teenoor sy maats,

sy speelgoed, diere, ens., en die wyse waarop hy teenoor hulle optree, word alte geredelik deur volwassenes as wreedheid bestempel. Gewoonlik is die kind op hierdie stadium hom egter nog onbewus van die gevolge van sy optrede, maar indien hierdie psigiese ontwikkeling nie op die regte wyse hanteer word nie, soos byvoorbeeld deur die teengaan of kontroleer van hierdie neigings nie, kan dit in die kind se latere lewe tot ernstige probleme lei. Die emosie van meegevoel kan heeltemal afgestomp word en hy kan hom op ongesonde wyse verlustig in ander se leed.

(viii) Die neiging tot meegevoel waarna so pas verwys is, kom ook gedurende hierdie tydperk in die kind se lewe tot openbaring, hoofsaaklik in die vorm van bewyse van meegevoel met ander en pogings om ander te vertroos, of indien nodig, selfs met geweld te verdedig. Met oordeelkundige liefde en teerheid kan hierdie gevoelsontwikkeling baie suksesvol gebruik word vir die persoonlikheidsvorming van die kind, en kan hy opgroei as 'n indiwidu wat hom geredelik vereenselwig met die leed van ander. Word dit egter deur 'n gebrek aan liefde en teerheid doodgesmoor, mag die kind opgroei as 'n koue, harde, gevoellose persoonlikheid.

(ix) Dat die kind 'n nabootser is, wat graag in 'n fantasiewêreld van sy eie verkeer, word duidelik bewys deur die vorm wat die kind se spel gedu-

rende hierdie tydperk aanneem. Sy verbeelding neem ryke vlugte en in sy doen en late boots hy dié dinge na wat hy rondom hom waarneem. Een verskynsèl wat hieruit voortvloei en wat vir hierdie studie van belang is, is die verbeeldings- of kinderleuen. Dit is 'n normale verskynsel, maar hou tog gevaar in vir latere ontwikkeling indien dit verkeerd hanteer word. Onnodige aanmoediging hiertoe asook oneerlike optrede van volwassenes teenoor die kind kan baie maklik afwykende gedrag tot gevolg hê, dog daar moet ook gewaak word teen onsimpatieke veroordeling en straf wat die kind heelwaarskynlik in homself sal laat terugtrek in 'n wêreld van sy eie verbeelding - veral omdat hy nie kan begryp waarom hy gestraf word nie. Dit mag ook 'n gevoel van minderwaardigheid in die hand werk.

(x). Gepaard met die kind se fisiese en psigiese ontwikkeling gaan vanselfsprekend ook 'n toename in kennis. Laasgenoemde gee gewoonlik aanleiding tot die verskynsel dat die kind op hierdie ouderdom tydig en ontydig met tallose vrae voor die dag kom.Hy verwag gewoonlik nie veel van 'n antwoord nie, maar dring daarop aan dat sy vrae wel beantwoord word. Die waarde, maar terselfdertyd ook die gevaar wat hierdie verskynsel inhou, is voor-die-hand-liggend. Weiering om sy vrae te beantwoord, kan slegs lei tot opstandige frustrasie, terwyl billike antwoorde en die wyse waarop dit

verstrek word, sy drang na kennis kan stimuleer en kan meehelp om hom 'n gesonde perspektief van sy lewensmilieu te laat ontwikkel.

(xi) 'n Laaste maar baie belangrike verskynsel van hierdie tweede ontwikkelingsfase, is die openbaring van liefdesemosies. By die kind van hierdie ouderdom is dit nie 'n bloot emosionele verskynsel nie, maar bevat dit ook fisiese sensasies. Daarom soek hy die intiem moontlikste fisiese kontak met die persone wat hy lief het. Dit bied vir hom 'n fisiese aangenaamheid wat goeie teelaarde kan word vir latere probleme. Hoewel, volgens talle kindersielkundiges [5], die kind op hierdie ouderdom geen ware seksuele gewaarwordings ervaar nie, kan die liggaamlike aangenaamheid wat hy ervaar maklik oorgaan tot 'n gewoonte en later aanleiding gee tot werklike seksuele afwykings. Dit is noodsaaklik dat die kind deur volwassenes in hierdie verband reg gehanteer moet word. Oormatige emosionele liefkosings van die kind deur die volwassene moet vermy word en volwassenes moet veral let op die voorbeeld wat aan die kind gestel word. Ongelukkig is die moderne samelewing met sy liberale opvattings t.o.v. seks

60./ en seksuele.........

5) Vergelyk:- Bühler, C: From Birth tot Maturity; Jersild, A.T: Child Psychology; Norsworthy, N. en Whitley, M: The Psychology of Childhood.

en seksuele verhoudings, gesonde teelaarde vir talle probleme waarmee die ouers, die skool en die maatskaplike werker later te kampe kry.

III. Die derde ontwikkelingsstadium kan vir praktiese doeleindes bereken word as tussen die ouderdomme vyf jaar tot en met agt jaar.

Hierdie ontwikkelingsfase is van die allergrootste belang vir die latere ontwikkeling van die kind. Dit is die stadium waarin die kind se handelinge al hoe meer doelgerig raak en waarin hy geleidelik daartoe ontwikkel om vir homself bepaalde take te stel wat hy dan ook tot op die end deurvoer. Dit is ook die stadium waartydens die kind skool toe gaan wat die aanvang aankondig van 'n proses van emansipasie vanuit sy ouerhuis en gesinsmilieu. Ook is dit die stadium waartydens die kind dinge beter begin verstaan en begryp; sy lewenservaring neem toe, sy belangstelling in leesstof en die radio en die bioskoop neem toe, asook sy belangstelling in groepaktiwiteite en speelmaats.

Laasgenoemde faktor veral, open vir die kind 'n wye veld op die gebied van selfopvoeding en persoonlikheidsontwikkeling, bloot deur middel van die omgang met sy vriende in hul samespel waar hy die eienskappe aanleer van verdraagsaamheid, lojaliteit, geregtigheid, gehoorsaamheid aan die reëls

en wette en aan 'n bepaalde leier. Dit spreek dus vanself dat ook hierdie ontwikkelingsfase van wesenlike belang is vir die latere ontwikkeling van die kind. "Hoe hy daartoe voorberei word deur sy ouers, hoe die skool hierdie nuwe, ontluikende lewenskragte, veral sy skeppende en sedelike ontwikkelingsmoontlikhede gaan stimuleer, en hoe die ouers en die skool daarin gaan saamwerk, is van deurslaggewende belang. Baie van die probleme wat in hierdie tydperk ontstaan, spruit uit die verkeerde hantering van die kind deur óf die ouers óf die onderwysers, óf uit 'n botsing van die aard van die twee milieue wat die kind in die war bring. Ek verwys hier slegs na die uitwerking van oorbeskerming en verwenning of verwaarlosing tuis, onoordeelkundige dissipline en optrede van die onderwysers en 'n onsimpatieke hantering van sy ontluikende indiwidualiteit en weetgierigheid." 6)

Die moontlikheid van die ontstaan en ontwikkeling van probleme gedurende hierdie ontwikkelingsfase spreek vanself.

IV. Die vierde ontwikkelingsstadium word bereken as vanaf die negende tot ongeveer die twaalfde of dertiende lewensjaar. Beide die fisiese en die psigiese groei en ontwikkeling gedurende hierdie fase is aansienlik, en die opvallendste

62./ kenmerke wat..........

6) Keyter, J. de W. Op. cit., p. 53.

kenmerke wat nou tot openbaring kom, is die ontwikkeling van die vermoë om abstrak te kan dink, en die duidelike verskil in ontwikkeling tussen die twee geslagte. Hoewel die kind reeds in die vroeëre ontwikkelingsfases begin om eie gevolgtrekkings te maak oor bepaalde sake en daarin 'n mate van abstrakte denke openbaar, ontwikkel daardie vermoë nou egter tot so 'n mate van rypheid dat die kind selfs bepaalde omstandighede in aanmerking neem by die beoordeling van 'n bepaalde daad. Hieruit spruit dan ook die vermoë om reëls en wette te kan beoordeel, begryp en aanvaar.

By die aanvang van hierdie ontwikkelingsfase vorm beide geslagte nog een lewenslustige, energieke groep wat hulself heelhartig oorgee en volkome opgaan in gesamentlike avontuurlike bedrywighede. Vanaf die tiende, elfde lewensjaar tree daar egter geleidelik 'n merkbare verskil tevoorskyn tussen die twee geslagte. Die dogter begin nou fisiese veranderings ondergaan en haar liggaam begin duidelike vroulike kenmerke ontwikkel, en dit en die daarmee gepaardgaande inwendige veranderinge bring aansienlike psigiese veranderinge teweeg. Sy word nou prikkelbaar en humeurig, dikwels neerslagtig, besonder fyngevoelig en die eetlus en energie verdwyn, terwyl slapeloosheid soms voorkom. Hierdie toestand bereik gewoonlik sy hoogtepunt

met die aanvang van menstruasie. Groot indiwiduele verskille moet egter verwag word daar so baie faktore 'n rol speel in hierdie ontwikkelingsproses. Fisiese gesondheid, die persoonlikheid, die opvoedingsagtergrond, die gesinsmilieu, die skoolsituasie, kan alles meewerk tot indiwiduele verskille.

By die seun tree derglike fisiese en psigiese veranderinge op 'n ietwat later leeftyd (gewoonlik sowat twee jaar later) in. In wese is hierdie ontwikkeling na fisiese rypwording dieselfde as dié van die dogter, maar by die seun kom die simptome daarvan nie so duidelik tot openbaring nie. Nietemin is hierdie ontwikkelingsfase vir beide geslagte van besondere belang, en het hulle behandeling en hantering gedurende hierdie tydperk verreikende gevolge. Keyter beklemtoon dit sterk wanneer hy sê: „Dit spreek vanself dat ouers en onderwysers baie sorgvuldig rekening moet hou met die voorafgaande verskynsels in hulle optrede teenoor en hul eise aan kinders in hierdie oorgangsproses en dat laasgenoemde behoorlik voorberei en gaandeweg daaromtrent ingelig moet word. Onkunde by die kind en onoordeelkundige optrede deur die ouer of onderwyser is gewoonlik die belangrikste bron waaruit ernstige probleme in hierdie jare ontstaan."[7]

64./ V. Die.........

7) Ibid., p. 56.

V. Die vyfde ontwikkelingsfase is die veelbeskrewe en veelbesproke Adolessensiejare. Dit is die oorgangsjare na ontwikkeling van volwassenheid en, word gekenmerk deur opvallende fisiese en geestesveranderinge wat die kind nou ondergaan.

Beide geslagte is aanvanklik selfbewus omtrent die fisiese veranderinge - die seun oor sy vinnige groei wat hom lomp laat voorkom en die dogter oor haar ontwikkelende vroulike postuur. Tog begin albei belangstel in hul uiterlike voorkoms, terwyl die geslagtelike rypwording seksuele nuuskierigheid prikkel, dikwels tot so 'n mate dat dit tot ernstige probleme en afwykende gedrag aanleiding gee.

Hierdie fisiese ontwikkeling en seksuele rypwording is van wesenlike belang, aangesien ook hieruit allerlei probleme vir die latere ontwikkeling kan ontstaan. Seksuele rypwording speel 'n baie belangrike rol in die psigiese ontwikkeling van die jeugdige gedurende hierdie jare. Tot dusver was die kind nog hoofsaaklik aan die ontvang-kant van die lewe, maar nou begin daar by hom geleidelik die drang ontstaan om ook te kan gee, en die belangrikste ding wat hy kan gee, is homself. Dikwels lei hierdie behoefte tot die sogenaamde algehele oorgawe aan 'n ander persoon, en vind die jeugdige sy vreugde in te gee, te dien en indien nodig te veg en te ly vir die voorwerp van sy liefde. Die ontwikkeling

65./ van hierdie.........

van hierdie eienskap kan die basis vorm van 'n omvangryker kulturele belangstelling, 'n dors na kennis en die ontwikkeling van hoër geestelike waardes, m.a.w. dit kan die hele persoonlikheidsontwikkeling ten goede kom, mits die oorgawe vry bly van definitiewe liggaamlike sensasies. Indien die verskynsel egter laasgenoemde rigting volg, kan hierdie behoefte aan oorgawe uiteindelik ontwikkel tot 'n blote uitlewing van fisies-seksuele drifte en begeertes, met die daarmee gepaardgaande afstomping van die gees, geestelike waardes en kulturele ontwikkeling.

Ander aspekte van die ontwikkelingsgang gedurende hierdie tydperk, waarna kortliks verwys word, is die bewuswording van 'n eie persoonlikheid wat lei tot die begeerte om selfstandig op te tree. Die jeugdige wil homself nou laat geld deur sy plek as volwaardige mens in te neem in die gemeenskap, en hy soek en verlang na erkenning en aandag. Hierdie ontwikkelingskenmerk is veral van besondere belang vir diegene wat direk gemoeid is met die opvoeding en onderwys van die kind. Indien hierdie drang misken word en die kind op hierdie stadium negatief behandel word, met sarkasme, minagting of verkleinering, kan onherstelbare skade aangerig word. Aan die ander kant kan 'n positiewe benadering waarin die kind erkenning ontvang en geleentheid tot selfgelding gebied word, veel bydra tot die gesonde

ontwikkeling van sy persoonlikheid. Dit is dus noodsaaklik dat ouers en veral ook die skool kennis sal dra van hierdie feite en hierdie kennis op die regte wyse in die praktyk sal toepas.

Hierdie tydperk is verder by uitstek een waarin die jeugdige soek, en in sy soeke neem hy waar wat in die milieu waarin hy homself bevind, plaasvind. Voorbeelde van norme en gedragskodes wat dikwels skokkend op sy gemoed inwerk omdat dit wat hy waarneem so verskillend kan wees van dit wat aan hom voorgehou is. Ten einde negatiewe reaksies hierop te voorkom, is dit noodsaaklik dat sy ontwikkeling onder baie begrypende leiding sal plaasvind, wat hom die noodsaaklikheid van sedenorme en lewenswaardes sal kan leer begryp en aanvaar ten spyte van dit wat hy om hom waarneem.

In sy soeke sal die jeugdige dikwels die neiging openbaar om te eksperimenteer, en hom sodoende dikwels blootstel aan sedelik-gevaarlike aktiwiteite. Hier moet die opvoeder, het sy ouer, of onderwyser, of wie ook al, met besondere wysheid en takt te werk gaan. Die bestaan van hierdie neiging moet erken en begryp word en die jeugdige moet gelei word tot 'n gesonde oordeelsvermoë en selfbeheer, en indien dit sou gebeur dat hy die grense van die sedenorme oorskry, moet onverskillige en gevoellose veroordeling vermy word, aangesien dit

67./ gewoonlik lei......

gewoonlik lei tot verdere wangedrag, dikwels gebore uit 'n gevoel van opstandigheid vanweë die gebrek aan ware begrip van sy daad, of uit minderwaardigheid en wanhoop oor wat gebeur het. Die wyse van optrede deur die verantwoordelike opvoeders word in elk geval duidelik aangedui in die Skrif waar Christus aan die gevalle vrou sê: „Ek veroordeel jou ook nie....." [8] Die jeugdige in hierdie situasie moet met begrypende insig en simpatie gehelp en gelei word.

Dit is 'n normale verskynsel dat die jeugdige in hierdie ontwikkelingsfase dié stadiun van ontwikkeling sal bereik waar hy nie net erkenning soek binne sy gesin en skool nie, maar ook in wyer maatskaplike kringe binne sy bepaalde gemeenskap. Hierdie verskynsel lei dikwels tot botsings tussen die kind en sy ouers en die leerling en sy onderwysers omdat laasgenoemdes vergeet dat die kind besig is om op te groei en hom nog steeds soos 'n afhanklike kind wil behandel en beheer. Alte dikwels gebeur dit ook in skole dat dit juis die kind uit die verwaarloosde en minder gegoede gesin is wat op onsimpatieke en onbedagsame wyse deur die onderwyser aangespreek en verkleineer word. Dit kan slegs aanleiding gee tot 'n gevoel van minderwaardigheid en die oortuiging dat hy nooit 'n waardige plek in die sameleweing

68./ sal kan..............

8) Joh. 8:11.

sal kan beklee nie. Word hierdie drang na selfstandigheid egter erken, gerespekteer en in die regte kanale gelei, kan dit die basis vorm van 'n baie gesonde samehorigheidsgevoel en sal die kind omdat hy medeverantwoordelikheid voel t.o.v. bepaalde take, geredelik sy bydrae lewer, en ontwikkel hy sodoende selfdissipline en verantwoordelike pligsbesef.

Word hierdie neiging by die jeugdige, om 'n volwaardige sosiale wese te word en sy persoonlike plek in te neem, sonder meer onderdruk, kan dit slegs aanleiding gee tot frustrasie. Die jeugdige sal noodwendig uiting soek vir die drang tot sosiale diens en indien dit hom nie langs gesonde weë gegun word nie, sal hy dit langs ander weë soek. Hierdie soeke kan die vorm aanneem van wederstrewigheid, opstandigheid in die huis en die skool en alte dikwels is dit juis die soek na bevrediging van hierdie drang wat die jeugdige in die rigting van 'n misdadigers loopbaan laat koersvat. Langs hierdie weg vind hy minstens dié bevrediging dat hy homself kan laat geld en homself onder die aandag van die gemeenskap bring.

Volledigheidshalwe moet twee verdere aspekte van die ontwikkelingsproses gedurende die adolessentejare hier aangestip word, aangesien dit dikwels probleme meebring wat die nog skoolgaande jeugdige

69./ ten nouste...............

ten nouste raak. Hierdie aspekte is die huidige ekonomiese-milieu waarin die jeugdige homself bevind en die politieke ontwikkeling van die jeugdige.

Die huidige ekonomiese-milieu speel sy rol in die ontwikkelingsproses van die jeugdige wat gedurende sy adolessensiejare met 'n toenemende mate van erns begin belangstel in die keuse van 'n beroep, daarin dat dit talryke versoekings in die pad van die jeugdige lê. Die moontlikhede van gou en maklik geld te maak en ryk te word, staan oënskynlik soos wawyd oop deure en wag vir elkeen wat dit wil waag om deur te stap. Uit persoonlike ervaring kan talle voorbeelde ter stawing verstrek word, soos dié van die jong man met 'n Junior Sertifikaat wat 'n belowende loopbaan in die polisiemag prysgegee het as gevolg van 'n vir hom te geringe inkomste op daardie stadium en hom na die myne begeef het waar hy ondergronds werk. Vandag, 'n enkele jaar later, is sy maandelikse inkomste,na alle aftrekkings, oor die R400, maar wat van die toekoms ? Volgens die betrokke persoon, moet die toekoms vir homself sorg, hy is intussen tevrede met die huidige toestand van sake.

Die probleem lê daarin dat die kind in ons huidige ekonomiese-milieu nie altyd die normale ontwikkelingsgang gegun word nie, maar deur talle faktore te vroeg in 'n bepaalde rigting gedwing

word. Gewoonlik begin hy reeds lank voor die adolessensiejare in sy gesprekke verwys na welke loopbaan hy eendag sal wil volg. As jong kind wissel hierdie belangstelling aansienlik en is dit eers in die vroeë adolessensiejare dat hierdie toekomsvlugte 'n definitiewe en konstante vorm begin aanneem, en wat die jeugdige werklike selfstandigheid in sy keuse begin openbaar. Normaalweg word die rigting van sy belangstelling bepaal deur sy natuurlike aanleg in daardie rigting en by normale en natuurlike ontwikkeling, kan die jeugdige hom deeglik bekwaam in die rigting waarin sy werklike belangstelling lê en verhoog dit die moontlikheid dat hy in alle opsigte sy volwaardige plek in die nasionale gemeenskap sal verower en 'n produktiewe bydrae sal lewer tot die ontwikkeling daarvan.

Ongelukkig gebeur dit alte dikwels dat die kind deur omstandighede - gebrek aan finasiële middele, half- of ongeskoolde ouers met bloot materialistiese lewenswaardes, die aanloklikheid van geld, 'n eie motor, die voorbeeld van maats, en so meer - in die bestaanstryd gelok of gedwing word, lank voordat hy ontdek het in watter rigting sy werklike belangstelling en aanleg lê. Hierdie jeugdige ontdek heel dikwels te laat dat hy werksaam is in 'n rigting waarvoor hy geen aaleg en geen trek het nie en word sy ambag of beroep vir

hom 'n frustrasie en iets waaraan hy net genoeg aandag wy om dit te bly behou aangesien hy vir sy eie, en later sy gesin se bestaan, daarvan afhanklik is. Dikwels egter, verlaat hy heel gou die werk waarvan hy nie hou nie en soek 'n ander, en kort daarna weereens 'n ander, en word dit uiteindelik 'n bose kringloop wat eindig in werkloosheid en/of totale mislukking. Langs hierdie weg word hy nie alleen die geleentheid om 'n volwaardige plek in die gemeenskapslewe in te neem en homself en sy persoonlike lewe te verryk, ontsê nie, maar sy dienste aan 'n nasionale gemeenskap gaan verlore en dit in 'n land waar produktiewe arbeidskragte van lewensbelang is. Dit is dus duidelik hoe noodsaaklik dit is dat ouers, skool en gemeenskap sal leer om saam te werk om hierdie probleem te probeer voorkom.

Voorafgaande bespreking van die ontwikkelingsproses in die adolessensiejare dui daarop dat die jeugdige geleidelik ontluik in 'n indiwidu wat homself probeer aanpas en inskakel by die nasionale gemeenskap waartoe hy behoort. Deel van hierdie inskakelingsproses lê daarin dat hy ook stelling begin inneem t.o.v. beleidsrigtings en die politieke bedrywighede van die gemeenskap. Ons het reeds gewys op die drang by die jeugdige tot selfhandhawing, sosiale erkenning en uitlewing van sy idealisme. By die inskakeling in die politieke-

milieu is dit juis hierdie sterk idealistiese neigings wat gedurende hierdie ontwikkelingsfase tot talryke probleme kan lei.

Die feit dat in die moderne demokrasie die sogenaamde demokratiese vryheid ongelukkig reeds so ontaard het dat openlike opruiing, ondermyning en selfs sabotasie geredelik toegelaat en geduld word, hou uit die aard van die saak groot gevaar in. Die jeugdige, wat wesenlik nog 'n onervare soeker is, vind ongelukkig dikwels in hierdie verskynsel die oop deur wat lei na die ontduiking van ware gesag en dissipline. In sy sogenaamde demokratiese vryheid vind hy die moontlikhede vir selfgelding en uitlewing op 'n opwindende en gevaarlike wyse wat die avontuur daaraan verbonde, verhoog. Die waarskuwings van 'n skuldige gewete, dat hy in der waarheid besig is om gesonde, nugtere selfdissipline en normale gesag oorboord te gooi, word maklik gesmoor in die opwinding van die daad self, en vir homself nie alleen as volkome toelaatbaar gerasionaliseer nie, maar ook as 'n onontkombare noodsaaklikheid, veral daar bepaalde elemente in die gemeenskap hierdie vuur goedkeur en dit met mening aanblaas.

In Suid-Afrika met sy relatief klein beskaafde bevolking, hou hierdie verskynsel besonder groot gevaar in. In hierdie land, waarin die agtienjarige, dikwels nog skoolgaande, jeugdige reeds

73./ die stemreg .........

die stemreg besit, is dit 'n bekende verskynsel dat die nie-blanke bevolking dikwels doelbewus opgesweep word; dat in die politieke arena die nasionale simbole verkleineer, beledig en misken word vir eie gewin; dat die internasionale openbare mening doelbewus mislei word t.o.v. toestande in die land; almal faktore wat daartoe bydra om die jeugdige te verwar en dikwels te lei tot sinisme of onverskilligheid in sy persoonlike houding teenoor die nasionale politieke beginsels van sy gemeenskap. Die teenvoeter hiervoor is voor-die-hand-liggend. Die jeugdige moet geleer word om die grondbeginsels waarop sy nasionale gemeenskap se voortbestaan gebaseer is sy eie te maak, ten einde hom in staat te stel om te kan onderskei tussen gewenste en gesonde beleidsrigtings en ongesonde politieke ideologieë. Waar die jeugdige op 'n gesonde sosiale grondslag opgevoed is, sal dit baie bydra tot 'n gesonde inskakeling in die politieke-milieu. Nogtans moet daar steeds gepoog word om die ontwikkelende idealistiese neigings van die jeugdige in hierdie ontwikkelingsfase op oordeelkundige wyse te lei en te beheer sodat sy idealisme in 'n aktiewe persoonlike bydrae tot die nasionale ontwikkeling omskep kan word en dit nie ontaard in ongesonde neigings tot ondermyning en sabotasie nie.

Onnodig om na die voorafgaande uiteensetting weereens die noodsaaklikheid van kennis en begrip en samewerking by ouers, die skool, die gemeenskap en die maatskaplike werker te beklemtoon; dit volg vanselfsprekend

# HOOFSTUK VI.

## DIE SKOOL AS BRON VAN ONTWIKKELING VAN PROBLEEMGEDRAG.

Die bewering dat daar in elke skool en heel dikwels in elke klas wanaangepaste kinders is, is nie 'n blote teorie nie, maar 'n feit wat daagliks deur die praktyk bevestig word. Dat die skool ongelukkig dikwels in 'n aansienlike mate verantwoordelik is vir die ontstaan en ontwikkeling van probleemgedrag val ook nie sonder meer weg te redeneer nie. Baie verhale [1], biografieë [2] en outobiografieë [3] het tot inhoud die lewe van die kind wat uit die aard van sy samestelling en/of vermoë net nie geskik is vir die toewyding of gebondenheid aan bepaalde lesse en opdragte wat weinig of geen onmiddellike bevrediging verskaf nie.

Navorsing het reeds aan die lig gebring dat ongewenste en verkeerde skoolatmosfeer en onderrigmetodes aansienlike emosionele sowel as verstandelike skade by die kind kan aanrig. Die snel-groeiende kind ontwikkel dikwels 'n intense en onredelike afkeer van die skool waarvan hy tot op daardie stadium nog altyd gehou het, en sy afkeer daarvan om vir soveel ure per dag tussen vier mure op 'n skoolbank ingehok te word, kan in uiterste gevalle

75./ grens aan, ..........

1) Tom Sawyer, Huckleberry Finn, e.a.
2) Hall, G.S.: The Confessions of a Psychologist.
3) [illegible]

grens aan wat by 'n neurotiese tipe as „noutevrees" bekend staan. Dit is begryplik dat die spanning van vyf ure elke dag te broei oor lesse waarvoor daar geen aanleg bestaan nie en waarin daar geen belangstelling is nie, in 'n energieke en aktiewe liggaam en gees ernstige weersin sal opbou, wat êrens tot uitbarsting moet kom, het sy gedurende of na skoolure. Die wyse waarop sodanige uitbarsting, waarna gewoonlik verwys word as wanaanpassing of wangedrag, tot openbaring kom, kan en sal ook aansienlik verskil van kind tot kind, en Burt [4] beklemtoon die feit dat een van die skool se grootste tekortkominge juis lê in sy onvermoë in of gebrek aan enige poging tot die ontleding van die oorsake van sy mislukkings. Die onderwyser self is selde werklik in staat om die probleem behoorlik te ontleed, hoofsaaklik omdat hy oorlaai is met te groot klasse, lang ure van onderrig, nasienwerk, voorbereiding en buitemuurse verpligtinge, maar veral ook omdat hy - ten spyte van die feit dat hy pedagoog is - selde oor die nodige sosiologiese en psigologiese kennis van en kontak met die sosiale milieu van die kinders beskik. Faktore wat meebring dat hy nie so maklik die ernstige probleme raaksien en effektief kan behandel nie.

Dit gebeur soms dat 'n kind geredelik sy

76./ misnoë met............

4) Burt, C.: The Young Delinquent. University of London Press, Ltd. London 1948. p. 182.

misnoë met die skool erken, maar waarom hy die skool haat, kan hy dikwels self nie begryp nie en is hy in elk geval selde gewillig om aan sy onderwyser te openbaar. Die oorsake kan menigvuldig wees. 'n Dom kind wat in 'n klas sit wat te gevorderd is vir hom; 'n intelligente kind wat homself verveel in 'n klas wat ver onder sy vermoë beweeg; 'n groot lui kind in 'n klas vol lewendige jonger kinders; 'n besondere aktiewe lewendige gees wat met militaristiese dissipline beheer word; die kind met 'n besondere tegniese vaardigheid wat swoeg met akademiese vakke waarvoor hy geen aanleg het nie; die kind met die byna uitsonderlike onvermoë in rekenkunde wat dag na dag moet swoeg met haatlike onverstaanbare somme; die swakkeling wat vanweë huislike armoede en ondervoeding of vanweë een of ander gebrek homself in die skoolmilieu nie kan handhaaf tussen maats wat voortdurend terg en met hom die spot dryf nie; en so kan die voorbeelde die een na die ander opgestapel word; voorbeelde van kinders wat deur genoemde omstandighede binne die skool tot probleme ontwikkel. Kinders wat gereed sit om uiting te gee aan hul frustrasies en hul mismoë met die skool, deur die openbaring van allerlei soorte afwykende gedrag - kullery op skool; vermakerigheid; afknouerigheid; stokkiesdraaiery; weglopery en in die uiterste gevalle selfs pogings tot selfmoord.[5)]

77./ Ongelukkig..........

---

5) Vir 'n volledige uiteensetting van bogenoemde, vergelyk: Burt: The Young Delinquent; Fenton: Mental Hygiene in School Practice; Anderson: Psychiatry in Education; Baker and T...

Ongelukkig bestaan die probleem wel dat die ware oorsaak van die kind se haat jeens die skool, deur die skool self sonder meer gewyt word aan die foutiewe optrede van die ouers wat bestempel word as onkoöperatief deur nie genoegsame hulp te verleen of respek vir die skool by die kind in te forseer nie, of aan gebrekkige verstandsvermoë by die kind, of 'n gebrek aan emosionele stabiliteit, of fisiese uithouvermoë, af aan die bende, of enige ander oorsaak, solank dit net nie by die skool self gesoek word nie. Onbuigbare gestandardiseerde skoolleerplanne, onbevoegde in 'n groef vervalle onderwysers, onbuigbare reëls en regulasies, en so meer, mag nie die oorsaak wees nie. Dit ly geen twyfel dat die ouers, die huis, die bende, die omgewing, die gemeenskap, almal ernstige probleme kan skep nie, maar om te weier om die skool se tekortkominge te erken, is niks anders nie as om doelbewus die oë te sluit vir een van die ernstigste spanninge wat in die wêreld van die skoolgaande jeugdige kan ontstaan.

Voorafgaande dui baie duidelik daarop dat dit van die allergrootste belang is dat volwassenes wat met kinders te doen kry, m.a.w. die ouers, die onderwyser en die maatskaplike werker, deeglik kennis sal dra van die moontlikhede van die skool as bron van die ontwikkeling van probleemgedrag by

die skoolgaande kind. Die betekenis van die simptome en probleme wat openbaar word in die kind, moet reg begryp en geïnterpreteer word. „Adults who deal with children need to understand the significance of the symptoms and problems which children represent. It is especially desirable for them to be aware of what symptoms may mean in terms of the child's own personality. They need also to know how serious the symptoms are when compared with average groups of unselected children. The interpretations which the teacher places upon the problems presented by a pupil are naturally intimately related to her subsequent attitudes toward the child; hence if she is to be of maximal usefulness in treatment she needs to have understanding in the evaluation of the meaning and degree of seriousness of a child's problems."[6]

Dit is belangrik dat die onderwyser in gedagte sal hou dat die houding en gedrag van die kind dikwels niks anders is nie as 'n wyse van aanpassing by 'n bepaalde lewenssituasie. So, byvoorbeeld, kan aangename voorbeeldige gedrag net so seer 'n wyse van aanpassing wees by die skoolmilieu as onaangename opstandige gedrag, en moet die gedrag van die kind

79./ in die skool..........

6) Fenton, N.: Mental Hygiene in School Practice. Stanford University Press, Ltd., California, 1946. p. 142.

in die skool gesien word teen die agtergrond van sy persoonlike ontwikkeling en gesinsmilieu. Die belangstelling van die onderwyser in die gedragsprobleme wat die kind in die skool openbaar, behoort nie bloot geleë te wees in die moontlike invloed van die klaskamer en wat daar plaasvind nie, maar in 'n studie van die kind se hele persoonlikheidsontwikkeling en 'n eerlike poging om te begryp waarom die kind op 'n bepaalde wyse teenoor die skool reageer. Net so dwaas as wat dit vir die moderne geneesheer sou wees om met die huidige wetenskaplike kennis tot sy beskikking aan 'n pasiënt te vertel hy ly aan ernstige ontsteking van die ingewande - 'n begrip wat enigiets kan dek van akute blindedermontsteking tot kanker van die dikderm - net so dwaas is dit vir die moderne onderwyser om te volstaan met die beskrywing van 'n kind as onnosel, buierig, nukkerig, irriterend, haatlik, moeilik, onhervormbaar, rusteloos, oneerlik, onbeheerbaar, 'n opperste stuk twak, 'n regte klein pes, - almal uitdrukkinge geneem uit persoonlike ervaring en omgang met mede onderwysers -. Hoe ontstellend dit ookal vir die skool mag wees, is hierdie simptome almal pogings tot aanpassing by die skoolmilieu en is hierdie verskynsels ontleedbaar en het hulle bepaalde oorsake wat nagespeur kan en behoort te word.

Dit bring ons egter by een van die groot

probleme waarmee die skool in die praktyk opgesaal sit, en waarvan reeds terloops melding gemaak is. Al sou die onderwyser deeglik onderleg wees in die Sielkunde en die Kindersielkunde, (en hoe dikwels ontbreek dit nie) dan kan hy in elk geval nie die tyd vind vir sodanige sielkundige ondersoek en ontleding nie. Normaalweg het hy sy hande so vol met voorbereidingswerk, onderrig, nasienwerk en buitemuurse bedrywighede dat daar van bogenoemde studie geen sprake is nie. Dink maar aan die Departementele skole waar die onderwyser, wat per slot van sake ook maar 'n gewone wese van vlees en bloed is, dikwels te kampe het met enorme klasse van tot veertig en meer leerlinge. Deurgaans stel nuwe leerplanne al hoër eise aan beide kind en onderwyser, en dit is geen onbekende verskynsel nie, dat ure per week gewy word aan ekstra klasse, wat êrens na skoolure ingedruk word, in 'n poging om die leerling sy eksamen te laat slaag.

Die hedendaagse neigings tot oppervlakkige status-medinging vergemaklik ook geensins die taak van die onderwyser nie, daarin dat dit bydra om die onderwyser en die skool op te saal met die onderrig van jong kinders wat deur oorgretige ouers totaal oorlaai word met allerlei verantwoordelikhede, buitemuurse bedrywighede, sport in al sy menigvuldige vorme, musiek, kuns, ballet, ver-

enigings,en so meer.

Dikwels word die kind alte vroeg in sy ontwikkelingsgang „ryp gedruk", het sy tot eer en selfbevrediging van sy trotse ouers of ten einde vroeg reeds uitgestoot te word in die ope arbeidsmark, of 'n vroeë huwelik. Almal faktore wat daartoe bydra om die skool die bron van ontwikkeling van probleemgedrag by die kind te maak, omdat die kind nie daarby en/of daarin kan aanpas nie, en wat uiteindelik kulmineer in 'n bose kringloop van omstandighede waarin skool, ouer, kind, gemeenskap en maatskaplike werker almal ten nouste betrokke raak.

Die verskeidenheid van materiaal waarmee die onderwyser moet werk, bring ons by een van die skool se groot vraagstukke. Gewoonlik word van die onderwyser verwag om geen uitsondering te maak t.o.v. bepaalde leerlinge nie. Die leerlinge moet almal eenders behandel word. Gee die onderwyser hieraan nie gehoor nie gebeur dit maklik dat in die skool „groepe" gevorm word op 'n „klassebasis"; 'n verskynsel wat in die praktyk wel dikwels voorkom en baie duidelik deur die houding van die leerlinge in die skool onderstreep word, die rykes en die armes, die slimmes en die dommes. Die status van 'n bepaalde ouer in die gemeenskap bepaal dikwels die status van sy kind in die

skool, en te dikwels verkry kinders 'n ongesonde leierskap in die skool bloot op grond van die ouers se ekonomiese en/of sosiale posisie. Ook die uitstaande leerling, hetsy verstandelik briljant of 'n held op die sportterrein, verwerf maklik vir homself 'n bepaalde status in die skool.

Hierteenoor, egter, ondervind die minder begaafde kind of die kind van eenvoudige en arm ouers dikwels net die teenoorgestelde - is hulle die leerlinge wat nie die voorkeur van die onderwyser geniet nie en wat uit baie dinge uitgesluit word. Dit is dus begryplik dat baie van hierdie kinders in die hoërskool totaal uitsak, hoofsaaklik vanweë hulle onvermoë om hulself in die ongelyke sosiale stryd te handhaaf.

Die probleem lê egter daarin dat baie probleme ook kan ontwikkel indien die onderwyser hom wel daarby hou om almal presies eners te behandel en geen uitsondering maak nie. 'n Ontleding van die samestelling van die klas waarmee hy te doen het, maak hierdie probleem voor-die-hand-liggend. Elkeen van die leerlinge beklee 'n bepaalde plek in die gesins- en gemeenskapsmilieu waaruit hy kom; elkeen het op 'n bepaalde wyse opgegroei en 'n eie persoonlikheid ontwikkel wat hom 'n bepaalde lewenshouding laat inneem - ook teenoor sy skool, sy klas en sy

onderwyser. Die gesins- en omgewingsmilieu van die kinders in dieselfde klas kan hemelsbreed verskil. Sommige kom uit die „bo-dorp", ander uit die „onder-dorp", sommige uit skatryk huise, ander uit gesinne wat feitlik onder die broodlyn leef, sommige uit gelukkige gesonde huise, ander uit ontredderde huise, maar van die onderwyser word verwag om almal eners te behandel. 'n Taamlik verwarrende wêreld vir die onderwyser, veral as hy jonk en onervare is, en een waarin baie probleme verskuil lê.

Die skool kan ook die bron wees van die ontwikkeling van probleemgedrag wat tot openbaring kom in die verskynsel van stokkiesdraaiery. Swak skoolbywoning is dikwels simptomaties van wanaanpassing in die skool, en het dié nadeel dat as dit nie reg hanteer en bekamp word nie, dit kan lei tot gebrek aan respek vir enige vorm van orde, wet of gesag.

Uit ons ondersoek kom dit voor asof stokkiesdraaiery meer voorkom onder tienderjariges as onder jonger kinders, dog gevalle is wel gevind waar kinders van sewe of agt jaar hulle hieraan skuldig maak. Hulle bring gewoonlik die skoolure weg van die huis af deur en keer na skool terug huis toe asof hulle wel die skool bygewoon het. Hierdie kinders soek alle moontlike redes om uit die skool te bly en dit is duidelik dat die kind wat eenmaal stokkies gedraai het, maklik in die gewoonte verval. Ouers

84./ is dikwels..........

is dikwels skuldig aan die ontstaan en ontwikkeling van hierdie gewoonte. Hulle hou kinders maklik uit die skool omdat hulle glo dat die kind die dag of paar dae se werk weer maklik sal kan inhaal, wat met die moderne oorvol skoolprogram beslis nie meer die geval is nie. Dit kan ook gebeur dat die ouer bewus of onbewus 'n weersin teen die skool koester as gevolg van eie mislukking en aanneem dat deur die kinders uit die skool te hou hy „iemand" laat boet vir sy persoonlike mislukking. Soms word die kinders uit die skool gehou om te help met siektes in die huis of om die gesinsinkomste te help aanvul, of sommer vir eie geriefshalwe. Die redes kan talryk wees, maar wat hier van belang is, is dat swak skoolbywoning wel ook dikwels voorkom as gevolg van ondervindinge wat die kind by die skool opdoen.

Daar is reeds gewys op die gevaar van skoolwerk wat te moeilik of te maklik is vir die kind. Gelukkig word daar al deur skole pogings aangewend om groot klasse in elke vak op 'n meriete basis te verdeel sodat die swakker kinders in een „stel" of baan gegroepeer word en die intelligenter kinders in 'n ander. Veel kan egter nog gedoen word om hierdie soort aanpassing van die kant van die skool te verbeter ten einde die verlies aan belangstelling by die leerling en uiteindelike stokkiesdraaiery aan bande te lê. Die kind met die deurgaans swak

skolastiese rekord verloor maklik belangstelling en ontwikkel allerlei gedragsprobleme. Hier mag 'n verandering na 'n ander skool waar sy vorige rekord nie bekend is nie, of waar hy miskien handels- of tegniese vakke kan neem, 'n goeie oplossing bied. Hier is die noodsaaklikheid aan samewerking tussen die ouers en die skool en die rol van die maatskaplike werker voor-die-hand-liggend.

Die wyse van puntetoekenning in die skool kan ook lei tot die ontwikkeling van probleme. Die kind wat deurgaans hoë punte behaal, kan voel dat hy beloon word vir sy harde getroue werk en sodoende selfvertroue opbou vir sy latere lewe. Indien hierdie kind egter sonder veel inspanning en bloot op grond van sy hoë intelligensie altyd hoë punte behaal, mag hy 'n valse meerderwaardigheidsgevoel ontwikkel om dan later, wanneer hy in die volwasse lewe op gelyke voet met ander ewe bedeelde persone moet meeding, heeltemal uit te sak omdat hy nog nooit geleer het om homself werklik in te span nie.

Die minder bedeelde kind mag eweneens die prooi word van die wyse van puntetoekenning, veral daar sy pogings gewoonlik gemeet word aan die standaard wat vir die meer intelligente kinders in die klas gestel word. Hierdie kind het minstens dié voordeel dat hy hom wel moet inspan om die verwagte standaard te handhaaf, maar ongelukkig vermag hy nie die onmoont-

like nie. Hy kan nie bokant sy verstandelike vermoë presteer nie en die volgehoue poging daartoe word vir hom te veel. Hy voel die onregverdigheid van voortdurend voluit te moet werk om dan tog maar met 'n baie gemiddelde of lae punt tevrede te moet wees. Ongelukkig het skole - en dit is ook noodsaaklik - 'n bepaalde standaard waaraan voldoen moet word, en die leerlinge wat, òf ver bokant hierdie standaard uitstyg, òf ver daaronder beweeg, ly as gevolg daarvan in persoonlike ontwikkeling en 'n oormaat van of gebrek aan selfvertroue. Die kind wat 'n mislukking is op skool of wat glo dat hy 'n mislukking is, word ook baie gou 'n mislukking op ander gebiede, in sy spel, in die huis, in die gemeenskap.

Hoewel dit hier meer in besonder gaan om die skool as bron van die ontwikkeling van probleemgedrag, moet, volledigheidshalwe, die aandag ook gevestig word op probleme wat in die skool kan ontstaan as gevolg van toestande tuis; m.a.w. probleme wat direk uit die gesin na die skool gebring word. Dit is ewe noodsaaklik vir die ouer, die onderwyser en die maatskaplike werker om van hierdie moontlike verskynsels kennis te dra, as van die probleme wat dusver in hierdie studie bespreek is.

Normaalweg is dit binne die gesinsverband wwar die persoonlikheidsontwikkeling van die kind sy basiese beslag kry. Talle faktore, soos bv.

grootte van die gesin, sosiale status, ekonomiese posisie, ouderdomsverskil tussen ouers en kinders, metodes van dissipline in die gesin, intellektuele ontwikkelingspeil van die ouers, kan die kind se optrede in die skool; sy reaksie tot die skoolmilieu wesenlik beïnvloed. „From the individual's point of view the way that the family is organized and the direction in which the family system is chaning are important. The family moulds the personality of the child before he goes to school and is a potent influence on the child throughout his school life. Culture is transmitted within the family, and this helps to form national character within the limits imposed by biological inheritance. From the point of view of the state and of the school one of the most important functions of the family is to assist in taking the child through the stage of adolescence with the minimum possible anti-social behaviour and yet in such a way that the child's personality is not warped by any undue repression." 7) Hiervoor is daar bepaalde vereistes of standaarde waaraan die gesin moet voldoen.

Goeie gesondheid van die ouers is 'n groot bate in die gedragsaanpassing van die kind. Gesonde ouers kan hulle dagtaak verrig met 'n gevoel van selfvertroue en sekuriteit wat onbewus op die kinders oorgedra word, en wat vir hulle emosionele

88./ ontwikkeling..........

7) Musgrave, P.W.: The Sociology of Education. Methuen and Co. Ltd., London 1965. p. 39.

ontwikkeling en aanpassing op baie terreine, ook in die skool, van groot waarde kan wees. In die gesin waar die vader siek is en nie sy plek as broodwinner kan inneem nie, ontwikkel spoedig 'n atmosfeer van bedruktheid en indien sy siekte kronies is en hy aan die bed of invalide-stoel gekluister is, verdwyn spontane vrolikheid uit die huis met die gevolg dat die kinders hul toevlug neem tot maats en ander huise. Word die moeder boonop om ekonomiese redes verplig om te gaan werk, kan gesinsverbrokkeling maklik intree. Die invloed hiervan op die kind se skoolwerk en skoolaanpassing is vanselfsprekend.

Siekte van die moeder kan net so 'n ernstige probleem skep. Tensy hulp van buite verkry word of daar kinders is wat groot genoeg is om die huishouding waar te neem, kan laasgenoemde gou in 'n staat van chaos verval en daar kinders van nature geneig is om die voorbeeld van die huis hul eie te maak, word hulle ook nalatig en slordig in hul persoonlike gewoontes, netheid, kleredrag en skoolwerk. Dikwels word gevind dat in huise waar daar langdurige siekte van een of beide ouers is, kinders met 'n sterk verantwoordelikheidsgevoel hul normale kinderspel en vryheid sal laat vaar ten einde in die huis behulpsaam te wees met allerlei pligte. Die probleem is egter dat die drang tot vryheid en spel nou onbevredig gelaat word en die kind in

die skool hiervoor bevrediging mag soek, tot groot ergernis van die onderwyser wat nie altyd bewus is van die grondliggende oorsaak van die kind se optrede nie. Streng dissipline van die kant van die skool onder hierdie omstandighede, kan maklik by die kind 'n gevoel van onderdrukking en onregverdigheid laat ontstaan.

'n Ewe groot probleem kan ontwikkel by die kind uit die huis waar een of beide ouers voortdurend klagtes, skete en pyne het. Dit gebeur dikwels dat die kind hierdie optrede van die ouers sien as 'n maklike en goeie verskoning tot die ontduiking van plig en self hierdie voorbeeld volg in sy spel en skoolwerk. Lê die onderwyser hom daarop toe om hierdie euwel by die kind uit te roei, lei dit gou tot frustrasie en opstand by die kind, wat nie kan begryp waarom sy ouers toegelaat word om van bepaalde handelswyses gebruik te maak, maar hy nie, en word langs dié weg 'n moeilik oplosbare probleem geskep.

Die grootte van die gesin is 'n verdere faktor wat die kind se aanpassing en gedrag in die skool kan beïnvloed. Hier word veral gedink aan die enigste kind in die gesin. Hier is die optrede van die ouers van wesenlike belang, veral wanneer die kind die ouderdom bereik waarop hy met ander kinders kan begin speel. Indien hiervoor die regte voorsiening gemaak word, kan hy op dieselfde wyse ontwikkel as die kind met broers en susters. Die probleem

90./ ontstaan as...........

ontstaan as die enigste kind deur die ouers geïsoleerd grootgemaak word. Wanneer hy uiteindelik skoolgaande ouderdom bereik, vind hierdie kind die aanpassing uiters moeilik. Groot getalle kinders is vir hom 'n vreemde verskynsel en open vir hom 'n gekompliseerde, dikwels wrede, wêreld waarin hy dit moeilik vind om sy aandag by skoolwerk te bepaal. Faktore waarmee ook rekening gehou moet word t.o.v. die grootte van die gesin, is die plek van die kind in die gesin, of dit 'n aangenome kind is en of dit 'n kind in pleegsorg is. Almal faktore wat 'n direkte uitwerking kan hê op die kind se aanpassing in die skool.

Om onnodige aanpassings- en gedragsprobleme in die skoolmilieu te voorkom, bly gesonde emosionele aanpassing en ontwikkeling van die kind binne die gesinsverband 'n vereiste, en daarom moet die gesin homself leen tot sodanige aanpassing en ontwikkeling. „In the home which conditions are practically ideal with respect to home atmosphere, the children feel a sense of security, confidence and happiness which carries over into their attitudes toward school work, into their play relations with other children, and into their vocational outlook. Children become involved in emotional tangles in their play activities and in their dealings with teachers and many others in their daily life. They often wish for and need some line of activity

to clear away these difficulties; in a congenial and understanding home opportunities for doing so are always at hand. In the home in which satifying attachments are lacking, the germs of childish anguish often grow and foment into mental illnesses at adolescence or in adulthood." 8)

Dit strek beslis tot groot voordeel van die kind as daar binne sy gesin 'n spontane gees van intellektuele ontwikkeling bestaan. Waar ouers gretig is om hulle kennis te verryk deur selfstudie, lees, reis, ens., baat die kind deur hierdie houding en voorbeeld van sy ouers en indien daar nog boonop in die huis vir hom voorsiening gemaak word vir informele aanvullende studie deur die daarstelling van geskikte studiemateriaal in die vorm van boeke, tydskrifte, stokperdjies, en so meer, word sy ouerhuis vir hom 'n bron van vreugde en vervulling van sy behoeftes. Die probleem ontstaan egter in die gesin waar die gewone sleurtake van die lewe die daaglikse roetine word en die gesin kultureel en intellektueel 'n barre,leë bestaan voer sonder enige prikkeling of insentief vir die kind tot aanvullende intellektuele ontwikkeling. Vir hierdie kind word die skool baie

92./ gou iets..............

8) Baker, H.J and Traphagen, V.: The Diagnosis and Treatment of Behaviour-Problem Children. The MacMillan Co., New York 1937. p. 299.

gou iets heeltemal losstaande van sy huis en selfs losstaande van sy lewe. Hierdie gesin kan geen gemeenskaplike taak met die skool deel nie en die normale gesonde huisgesin-skool verhouding gaan verlore, met onberekenbare skade vir die kind. In so 'n geval sal „oueropvoeding" deel moet uitmaak van die onderwyser en maatskaplike werker se taak. Ouer-onderwysersverenigings kan hier in 'n groot behoefte voorsien mits dit reg aangevoor en georganiseer word, soos in die praktyk wel dikwels voorkom. Dit kan dien om die ouer se belangstelling in sy kind en die skool te stimuleer en indien hierdie belangstelling reg ontwikkel word, sal die ouer, die skool en die kind al hoe meer sake van gemeenskaplike belang vind en kan deur gesonde onderlinge samewerking baie probleme voorkom word.

Die wanaangepaste kind glo dikwels dat die skool teen hom diskrimineer, en hy sal dit ook aan enigeen vertel wat na hom wil luister. Dikwels is sy storie so aanvaarbaar dat die ouers hom glo, soms selfs ook die maatskaplike werker onder wie se aandag hy kom vanweë sy wanaangepastheid. Weereens is dit dus duidelik dat gesonde samewerking tussen die skool en die gesin van kardinale belang is. So ook die samewerking tussen die gesin en die maatskaplike werker en tussen laasgenoemde en die skool. Ook beklemtoon voorafgaande die noodsaaklikheid van kennis en begrip by die maatskaplike werker van die

talle probleme wat binne die skoolmilieu kan ontstaan. Die skool self moet ook deeglik op hoogte wees van organisasies binne die gemeenskap waarheen hy hom in 'n geval van nood kan wend en hy moet van derglike dienste gebruikmaak vir indiwiduele diagnostiese en voorkomende diens aan sy leerlinge. „Whatever the cause, it is lamentable when children become maladjusted in school.....The school is the place where children are to be studied and understood. If that function cannot be performed satisfactorily the avenues of child growth are closed with impassable detours. Education should be a source of inspiration, growth, and splendid accomplishment, but if children cannot meet their tasks at this level, it is a sad commentary on some forces in human nature as seen in the maladjusted child. In facing this problem the schools cannot give all the privileges to the maladjusted child, nor can they sacrifice their scholarship standards merely to make children feel happy and successful. At best the schools go more than halfway in solving the problems of malbehaviour, but the special adjustment worker and individual diagnostic and remedial programs are needed." [9]

---

9) Ibid., p. 328.

-o-o-o-o-

# H O O F S T U K VII.

## ONTLEDING VAN DIE PROSEDURES TOEGEPAS DEUR DRIE WELSYNSORGANISASIES IN DIE KAAPSE SKIEREILAND TEN OPSIGTE VAN SAMEWERKING MET DIE SKOOL, MET DIE OOG OP DIAGNOSE, BEHANDELING, EN NASORG VAN PROBLEME RAKENDE SKOOLGAANDE KINDERS.

### A. Omvang van Ondersoek:

In die voorafgaande hoofstukke is die noodsaaklikheid van gesonde samewerking tussen die gesin, die skool en die welsynsorganisasie herhaaldelik beklemtoon. Die doel van hierdie ondersoek is dan ook 'n ontleding van die prosedures aangewend deur welsynsorganisasies t.o.v. samewerking met die skool met die oog op diagnose, behandeling en nasorg van probleme van skoolgaande kinders.

Die gegewens vir genoemde ontleding is verkry uit die lêers wat by vyf takkantore van drie welbekende welsynsorganisasies in die Kaapse Skiereiland goedgunstiglik ter insae van ondersoeker gestel is, asook deur persoonlike onderhoude met maatskaplike werksters van die verskillende organisasies. Die insameling van die gegewens het geskied oor drie periodes gedurende April 1966, Junie-Julie 1966 en September 1966.

Van genoemde drie organisasies, waarna vir die doel van onderstaande bespreking, verwys sal

95./ word as.............

word as A, B, en C, is die voertaal van organisasies A en B hoofsaaklik Afrikaans, terwyl dié van organisasie C hoofsaaklik Engels is. By organisasies A en B het al die lêers wat nagegaan is, betrekking gehad op blankes, terwyl in die geval van organisasie C lêers van sowel blanke as nie-blanke gevalle nagegaan is. Die gevalle verspreiding was soos volg:-

| | | |
|---|---|---|
| Organisasie A | - | 97 |
| Organisasie B | - | 211 |
| Organisasie C | - | 117 |
| Totaal: | - | 425 |

Die gevalle nagegaan by organisasie B was verdeel oor drie takkantore, en wel soos volg:-

| | | | |
|---|---|---|---|
| Kantoor | 1 | - | 43 |
| " | 2 | - | 81 |
| " | 3 | - | 87 |
| Totaal | | - | 211 |

Soos reeds gemeld is die drie organisasies se werksaamhede verdeel oor die hele Kaapse Skiereiland. Bereken in terme van die getal skoolgaande kinders binne dié gebied dus 'n aansienlike wye veld.

Die vraag mag hier wel ontstaan waarom daar nie 'n aparte studie en ontleding van gegewens gemaak is t.o.v. elkeen van òf die betrokke organisasies òf die betrokke kantore nie. Daar dien dus op gewys te word dat daar doelbewus besluit is op

'n globale behandeling van die gegewens (i) weens die vertroulike aard van die werk wat gedoen word, (ii) weens die feit dat die doel van hierdie ondersoek die bepaling is van die algemene huidige tendens t.o.v. samewerking tussen privaat welsynsorganisasies en die skool en nie 'n vergelykende studie van verskille en/of ooreenkomste in kantooradministrasie en die organisatoriese werksaamhede tussen verskillende organisasies nie; en (iii) weens die probleem om 'n groot genoeg aantal gevalle te bekom om die ondersoek van praktiese waarde te maak.

Laasgenoemde oorweging moet ook in gedagte gehou word wanneer die ouderdomsverdeling van die gevalle bevraagteken word.

Aangesien die ondersoek uitsluitlik gaan om die prosedures wat deur die organisasies aangewend word, speel taal en ras geen direkte rol t.o.v. die spesifieke doel van hierdie ondersoek nie, dog wel die feit dat die drie organisasies aanvaar kan word as 'n geldige voorbeeld van vrywillige maatskaplike werk wat die gesin, kind, skool en gemeenskap as fokusgebied insluit.

B. <u>Ouderdomsverdeling van Gevalle:-</u>

Daar dit aansienlike probleme opgelewer het om 'n voldoende aantal van die bepaalde soort gevalle van die betrokke organisasies te bekom, en

vanweë die wenslikheid van genoegsame gevalle te bestudeer om met 'n redelike mate van wetenskaplikheid die huidige tendens te bepaal, moes gebruik gemaak word van lêers waarin die ouderdom van die gevalle ten tye van die ondersoek gewissel het van 7 tot 28 jaar. Etlike van die gevalle het dus ten tye van die ondersoek alreeds die skool verlaat, en sommige was al getroud, maar almal was nietemin gevalle wat lank aan die betrokke organisasies bekend was, en wat in een of ander stadium op skoolgaande ouderdom onder die aandag van die welsynsorganisasies was. Lêers van gevalle tot so ver terug as 1954 is gebruik, vandaar dat die ouderdomsverdeling strek van 7 tot 28 jaar. Soos egter duidelik blyk uit onderstaande tabel, is die „ou-lêer" gevalle tot die absolute minimum beperk en was die groot meerderheid gevalle van veel meer resente aard.

98./ TABEL I. ..........

## T A B E L I.

Ouderdomsverdeling van Gevalle Bestudeer.

| Ouderdom in jare. | Totaal. | Seuns. | Dogters. |
|---|---|---|---|
| 7 | 4 | 4 | 0 |
| 8 | 21 | 11 | 10 |
| 9 | 26 | 13 | 13 |
| 10 | 35 | 15 | 20 |
| 11 | 28 | 15 | 13 |
| 12 | 36 | 16 | 20 |
| 13 | 33 | 19 | 14 |
| 14 | 33 | 16 | 17 |
| 15 | 45 | 22 | 23 |
| 16 | 33 | 20 | 13 |
| 17 | 45 | 22 | 23 |
| 18 | 24 | 13 | 11 |
| 19 | 19 | 14 | 5 |
| 20 | 18 | 7 | 11 |
| 21 | 4 | 3 | 1 |
| 22 | 7 | 3 | 4 |
| 23 | 3 | 2 | 1 |
| 24 | 7 | 4 | 3 |
| 25 | 1 | 1 | 0 |
| 26 | 1 | 1 | 0 |
| 27 | 0 | 0 | 0 |
| 28 | 2 | 0 | 2 |
| Totaal | 425 | 221 | 204 |

C. Mate en Aard van Kontak tussen die Welsyns-organisasies en die Skool:-

Tabelle II en III toon die mate en aard van kontak met die skool, die skoolhoof, die klasonderwyser, die gevalle waar geen kontak gemaak is nie, waar samewerking goed was, nie na wense was nie, en

waar kontak bestaan het uit blote navrae.

Aangesien die spesifieke doel van die ondersoek om die prosedures gaan wat betrekking het op die samewerking met die skool t.o.v. diagnose, behandeling, nasorg en voorkoming van probleemgedrag, moes bepaalde norme gevind word waarvolgens die mate en aard van kontak bepaal kon word. Die vasstelling van geskikte norme het 'n uiters moeilike probleem opgelewer. Heel dikwels was dit, weens die gebrekkige aard van die gegewens in die lêer, onmoontlik om met juistheid te bepaal of die aard van die kontak bestaan het uit 'n persoonlike besoek aan die skool en/of onderhoud met die hoof of klasonderwyser, en of dit per telefoon of per brief geskied het. Die tabel oor die mate van kontak sluit dus al bogenoemde voorbeelde in.

T A B E L II.

Mate van Kontak.

| Aantal Gevalle. | Kontak met die Skool. | Met die Skoolhoof. | Met die Onderwyser. | Geen Kontak. |
|---|---|---|---|---|
| 425 | 267 | 267 | 26 | 158 |

Onder die gevalle waar wel kontak met die skool verkry is, bestaan groot variasie in die aard

van die kontak. In sommige gevalle was die samewerking goed, en was daar 'n bepaalde proses van diagnose en behandeling. In sommige gevalle is daar nie in geslaag om goeie samewerking te verkry nie; gewoonlik tot nadeel van die geval onder aandag soos uit latere voorbeelde sal blyk. In baie gevalle het die kontak bloot bestaan uit navrae by die skool t.o.v. skoolvordering of om inligting te bekom met die oog op 'n kinderhofondersoek, en laastens, is daar t.o.v. baie gevalle geen bewyse van direkte kontak of samewerking met die skool nie, ten spyte van die ooglopende noodsaaklikheid daarvan in sommige van hierdie gevalle.

By die bepaling van die aard van die samewerking is, as gevolg van dieselfde probleem genoem by tabel II, hoofsaaklik gelet op die volgende aspekte: (i) die mate van die kontak - of dit slegs eenmalige kontak was of gereelde kontak; (ii) of daar werklike samewerking was met die skool tot so 'n mate dat bevredigende resultate verwag kon word; (iii) of die maatskaplike werkster persoonlik tevrede was met die mate van samewerking en dit as suksesvol beskou het; (iv) of die resultate van samewerking soos blyk uit die gegewens in die lêer dui op 'n duidelike proses van diagnose en behandeling van die probleem; en (v) of genoemde resultate bevredigend was.

Vereiste (iii) moes ongelukkig dikwels

buite rekening gelaat word, daar dit weens personeelwisseling en ander faktore dikwels onmoontlik was om die betrokke werkster persoonlik te kontak. Indien 'n geval egter aan al die ander vereistes voldoen het, is dit geklassifiseer onder die hoof „Samewerking Goed", en indien een of meer van die vereistes nie aan voldoen is nie, is die gevalle geklassifiseer onder die hoof „Samewerking nie na Wense". T.o.v. die gevalle wat onder die hoof „Blote Navraag" ingedeel is, is weens reeds genoemdie probleme, geen poging aangewend om 'n statistiese ontleding te maak van die aard van die navraag nie; m.a.w. of dit persoonlik of per brief of per telefoon geskied het nie. Vir doeleindes van hierdie ondersoek is 'n „Blote Navraag" egter nooit beskou as 'n voorbeeld van goeie samewerking nie, daar dit feitlik uitsluitlik gegaan het om een van twee sake; t.w.: (i) om skoolvordering te bepaal, of (ii) om inligting in te win met die oog op 'n kinderhofondersoek, sonder enige bepaalde poging tot samewerking met die oog op diagnose en behandeling.

Besonderhede met verwysing na bogenoemde word in die volgende tabel weergegee:-

102./ TABEL III..............

## T A B E L III.

### Aard van Kontak en Samewerking.

| Samewerking Goed. | Samewerking nie na Wense. | Blote Navraag. | Geen Kontak. | Totaal. |
|---|---|---|---|---|
| 142 | 35 | 90 | 158 | 425 |

## D. Samewerking Tussen Verskillende Kantore en die Skool.

'n Opvallende verskynsel is dat die mate en aard van kontak met die skool nie alleen van organisasie tot organisasie verskil nie, maar ook van takkantoor tot takkantoor van dieselfde organisasie.

## T A B E L IV.

### Kontak en Samewerking tussen Verskillende Kantore en die Skool.

| Kantoor. | Goed. | Nie na Wense. | Blote Navraag. | Geen Kontak. | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | 60 | 1 | 40 | 16 | 117 |
| 2. | 7 | 2 | 3 | 31 | 43 |
| 3. | 5 | 4 | 9 | 63 | 81 |
| 4. | 10 | 9 | 29 | 39 | 87 |
| 5. | 60 | 19 | 9 | 9 | 97 |
| Totaal. | 142 | 35 | 90 | 158 | 425 |

Om verskeie redes soos reeds uiteengesit op

103./ pp. 95 en 96..........

pp. 95 en 96, is besluit op 'n globale behandeling van die gegewens en word hier dus geen verdere ontleding van gegewens gemaak t.o.v. aparte organisasies of kantore nie. In die hoofstuk „Bevindings en Aanbevelings" word egter weer na bostaande tabel verwys.

## E. Ontleding van Gevalle:-

Ten einde verband te hou met die doel van die ondersoek, t.w. die prosedures van samewerking tussen welsynsorganisasies en die skool by die behandeling van probleme van skoolgaande kinders, word die gevalle onder die volgende hoofde ontleed:-

1. Gevalle waar daar volgens die beskikbare inligting geen kontak was tussen die welsynsorganisasies en die skool nie,

en 2. Gevalle waar daar wel kontak gemaak is.

### 1. Gevalle waar daar Geen Kontak was nie:

#### Aard van die probleme:-

Met die oog op die doel van hierdie ondersoek moet hier in gedagte gehou word, dat, uit die aard van die funksies van die betrokke organisasies, in die eerste instansie aandag gewy word aan die gesin en die behandeling en voorkoming van gesinsprobleme, terwyl die kind gesien word as lid van 'n bepaalde

gesin. Afwykende gedrag of probleme by die kind word gevolglik meer bepaald deur die maatskaplike werkster beoordeel teen die agtergrond van sy gesinsmilieu as teen die agtergrond van die skoolmilieu. Soos blyk uit verdere gegewens, kom dit soms voor asof die skoolmilieu heeltemal buite rekening gelaat word, het sy ten opsigte van die ontstaan van probleme, of ten opsigte van die ontleding en behandeling van bepaalde problene.

Soos reeds aangetoon, was daar in 158 van die 425 gevalle wat bestudeer is, geen aanduiding in die lêers van kontak met die skool nie. In al 158 bogenoemde gevalle skep swak huislike omstandighede klaarblyklik die basis van verdere probleme of afwykende gedrag. Hierdie huislike omstandighede sluit 'n groot verskeidenheid faktore in, waarvan, in die meeste gevalle, meer as net een 'n rol speel. Ons gee hieronder 'n oorsig van die belangrikste kenmerke van die probleme, soos dit in die betrokke lêers beskryf word, en wel onder die hoofde: (i) Gesinsprobleme, en (ii) Probleme by die kind.

## TABEL V.

### Aard van Gesinsprobleme.

| Aard van die Probleme. | Aantal kinders geraak deur die probleem. |
|---|---|
| 1. Drankmisbruik. (Een of beide ouers.) | 52 |
| 2. Egskeiding van Ouers. | 31 |
| 3. Huweliksonenigheid en ouers wat apart woon. | 25 |
| 4. Een of albei ouers oorlede. | 16 |
| 5. Armoede. | 15 |
| 6. Werkloosheid. | 14 |
| 7. Buite-egtelike saamwoon en/of onsedelikheid van ouers. | 13 |
| 8. Swak Behuising. | 10 |
| 9. Vader in die tronk. (Aanklagtes wissel van diefstal tot ontug.) | 8 |
| 10. Vader in die Werkkolonie. | 7 |
| 11. Ouers onbestendig en onverantwoordelik. | 5 |
| 12. Kinderverwaarlosing. | 5 |
| 13. Buite-egtelike kinders. | 4 |
| 14. Ouers verstandelik vertraag. | 4 |

## TABEL VI.

### Aard van Probleme by die Kind.

| Aard van die Probleme. | Aantal Kinders Geraak. |
|---|---|
| 1. Onbeheerbaarheid en Opstandigheid. | 22 |
| 2. Rondlopery en Uithuisigheid. | 14 |
| 3. Siektetoestand. (Wissel van longontsteking, bloedarmoede tot ooroperasie.) | 11 |

Tabel VI (vervolg).

| Aard van die Probleme. | Aantal Kinders Geraak. |
| --- | --- |
| 4. Vroeë Skoolverlating. | 9 |
| 5. Stokkiesdraaiery. | 6 |
| 6. Verstandelik Vertraag. | 4 |
| 7. Swangerskap. | 3 |
| 8. Diefstal. | 3 |
| 9. Ontug deur die kind gepleeg. | 1 |

Ontleding:-

Uit 'n studie van die besonderhede soos aangeteken in die lêers aangaande bogenoemde gevalle, blyk dat kontak, en nie alleen kontak nie, maar goeie samewerking, soos gemeet aan die norme uiteengesit op pp. 100 en 101, tussen die organisasie en die skool as absoluut noodsaaklik beskou kan word in minstens 72 van die 158 gevalle. In 31 gevalle kan volle samewerking miskien as minder noodsaaklik beskou word, maar tog gewens, terwyl dit wenslik sou wees dat daar in die oorblywende 55 gevalle ten minste kontak gemaak sou word met die skool, bloot ten einde op hoogte te bly van die skoolvordering van die betrokke kind met die oog op die voorkoming van enige moontlike probleem wat mag ontwikkel.

Gesien teen die agtergrond van die voorafgaande bespreking van die moontlikhede van die

ontwikkeling van probleemgedrag by die skoolgaande kind (vgl. Hoofstuk IV en V), dui bestaande tabelle daarop dat allerlei openbarings van probleemgedrag verwag kan word by die betrokke kinders.

Uit die gegewens in tabel V blyk byvoorbeeld, dat 24.88% van die kinders geraak word deur die ongewenste faktor van drankmisbruik by een of beide die ouers. Die gevolge vir die kind wat homself in so 'n huislike milieu bevind, is voor-die-hand-liggend. Vrees dat sy huislike omstandighede by die skool mag uitlek, die moontlikheid van gespot te word deur sy maats, vrees om maats huis toe te bring, vrees vir die beskonke ouer se optrede in die huis, verbittering en skaamte oor die ouer(s) se gedrag, emosionele verskeurdheid en verwarring, is almal faktore wat kan lei tot 'n ernstige gevoel van minderwaardigheid, teruggetrokkenheid en allerlei emosionele versteurings by die kind, wat 'n bose kringloop kan vorm met uiteenlopende openbarings van probleemgedrag by die skool.

Uit dieselfde tabel blyk verder dat 26.79% van die kinders geraak word deur huweliksonenigheid in die gesin, ouers wat apart woon of egskeiding van die ouers. Soos in bogenoemde geval is die gevolge van die situasie vir die kind voor-die-hand-liggend. Verskeurde lojaliteit, minderwaardigheid, gebrek aan sekuriteit is faktore wat in dié

gevalle die basis kan vorm van velerlei vorme van gedragsprobleme wat in die skoolmilieu tot openbaring kan kom en waarop sowel die skool as die maatskaplike werker voorbedag moet wees.

Armoede en/of werkloosheid van die vader van die gesin is 'n probleem waardeur 9.09% van die betrokke kinders geraak word. Ook hier is die faktore wat aanleiding kan gee tot probleemgedrag by die kind vanselfsprekend. Ondervoeding, onvoldoende en minderwaardige klere, ongewenste slaapgeriewe as gevolg van oorbewoning, onvoldoende ruimte om na behore te kan werk - almal faktore wat 'n rol kan speel in die ontwikkeling van probleemgedrag by die skool.

Dieselfde geld ook vir die gegewens soos verstrek in tabel VI en die daaropvolgende tabelle wat onder verdere afdelings bespreek word, t.o.v. die aard van die probleme. So byvoorbeeld, dui tabel VI die probleem van onbeheerbaarheid en opstandigheid aan by 30.13% van die betrokke aantal kinders. „Dit is belangrik dat onthou sal word dat die houding en die gedrag van die kind dikwels niks anders is nie as 'n wyse van aanpassing by 'n bepaalde lewenssituasie.......en moet die gedrag van die kind gesien word teen die agtergrond van sy persoonlike ontwikkeling en gesinsmilieu." (Vgl. bespreking op pp. 78 en 79.) Dit is ewe moontlik dat probleme

109./ soos onbeheerbaarheid.....

soos onbeheerbaarheid en opstandigheid hulle oorsprong kan hê in die huis as in die skool, en is noue samewerking tussen die maatskaplike werker en die skool 'n basiese vereiste vir 'n geslaagde diagnose en plan van behandeling van die probleem.

Probleme soos rondlopery, uithuisigheid en stokkiesdraaiery kom byvoorbeeld voor by 27.39% van die kinders vermeld in tabel VI. Ook hier is die probleme wat daaruit kan voortvloei voor-die-handliggend - gebrek aan verantwoordelikheidsin, die verwaarlosing van skoolwerk, verleiding van maats, en so meer.

Hoewel geen wetenskaplike verklaring daarvoor hier gestel word nie, is dit tog opvallend (en seer seker ook nie bloot toevallig nie) dat in tabelle VI, en VIII en X wat later volg, en wat almal ressorteer onder die hoofde „Geen Samewerking" of „Swak Samewerking", daar 13 gevalle van vroeë skoolverlating voorkom, terwyl in tabel XII wat verwys na gevalle waar daar goeie samewerking was, daar geen enkele geval van vroeë skoolverlating voorkom nie. (In die hoofstuk oor „Bevindings en Aanbevelings, word weer hierna verwys.) Vroeë skoolverlating lei vanselfsprekend nie tot enige ontwikkeling van probleemgedrag by die skool nie, maar daar dit in hierdie ondersoek ook gaan om gemeenskapsorganisasie, is die probleem tog van wesenlike belang, en moet dit

gesien word as een van die probleme wat voorkom moet word deur die bes moontlike samewerking tussen die welsynsorganisasie, die gesin en die skool.

Weens die uiteenlopendheid van die aard van die probleme, die beperktheid van gegewens en veral met die oog op die doel van die ondersoek, word afgesien van 'n volledige ontleding van al die aangemelde gevalle en word gevolglik slegs enkele voorbeelde kortliks behandel.

Voorbeelde:-

1. Kontak en Samewerking met die Skool as Noodsaaklik beskou (vgl. p. 106):-

(a) Die vader van die gesin is na die Werkkolonie gestuur. Die moeder word in die lêer beskryf as 'n „ongeorganiseerde, planlose persoon" wat dit baie moeilik vind om haar drie kinders te beheer. Die oudste kind, 'n buite-egtelike dogter van die moeder, is, volgens die moeder verklaar, in St. VII. Die ander twee kinders - tweeling-seuns - is, volgens die moeder, die een in St. III en die ander in St. I. Die lêerinhoud handel uitsluitlik oor die drankmisbruik van die vader en die uiteindelike hofsaak met die oog op sy opname in die Werkkolonie. Nêrens in die lêer is enige aanduiding van kontak met die skool nie, ook nie van die rede waarom een van die tweeling in St. III is en die ander in St. I nie. Dit is as

blote inligting in die lêer opgeneem.

(b) Die ouers van die gesin is uiteen as gevolg van die vader se drankmisbruik. Die oudste dogter, en tweede kind uit 'n gesin van sewe kinders, verwag op vyftienjarige ouderdom 'n baba en bly gevolglik uit die skool. Na die geboorte van die baba word geen poging aangewend om haar weer op skool te kry nie, ten spyte van die feit dat sy nog skoolpligtig is. Volgens die lêer bring sy nou die meeste van haar tyd op straat deur en op sestienjarige ouderdom verwag sy haar tweede baba en word na 'n inrigting vir ongetroude moeders verwys. Nêrens in die lêer is daar enige verwysing na direkte kontak of samewerking met die skool nie.

(c) Die vader van die gesin maak misbruik van sterk drank en is werkloos. Die vier kinders in die gesin is onderskeidelik in St. I, IV, V en VII. Die oudste, volgens die lêer, is 'n intelligente dogter, maar verlaat die skool nadat sy St VII voltooi het en gaan werk om die gesinsinkomste aan te vul omdat sy voel dat haar moeder te swaar kry. Die maatskaplike werkster „betreur" in haar verslag „die feit dat so 'n belowende dogter die skool so vroeg verlaat om te gaan werk", dog daar is geen aanduiding van enige kontak of samewerking tussen welsynsorganisasie, gesin en skool

nie. Die jongste kind in die gesin het, volgens die moeder, St. I gesak omdat hy vir meer as 'n kwartaal uit die skool was a.g.v. „been-ontsteking", tog is daar ook in hierdie geval geen aanduiding van samewerking of kontak met die skool nie.

(d) Die weduwee moeder van die gesin vind dit moeilik om haar drie kinders op te voed met geen ander inkomste as 'n onderhoudstoelaag nie. Haar dogter, die oudste kind, is volgens die lêer, „klein van persoon en teruggetrokke, maar intelligent en fluks". Sy verlaat egter die skool na St. VIII en gaan werk, hoewel sy self erken dat sy graag verder sou wou leer. Die tweede kind druip St. VI en die moeder erken aan die maatskaplike werkster dat sy wonder of sy hom nie na 'n ambagskool moet stuur nie. Die werkster gee hierop aan die moeder 'n prospektus van 'n ambagskool en sê sy, die moeder, moet self besluit wat sy wil doen. Die seun bly toe in die skool waar hy St VI gedruip het, maar word so onbeheerbaar dat hy na 'n verbeteringskool gestuur word vanwaar hy dros en deur die gereg teruggeneem moet word. Van die jongste kind word in die lêer vermeld dat hy , volgens die moeder, goed vorder op skool, maar dat hy 'n asmalyer is.

Die noodsaaklikheid, nie alleen van kontak met die skool nie, maar van noue samewerking tussen gesin, welsynsorganisasie en die skool in voor-

afgaande voorbeelde is, gesien teen die vooraf-gaande bespreking in hierdie studie, voor-die-hand-liggend, en vereis geen breedvoerige uiteensetting nie. Die skade aangerig deur gebrek aan samewerking met die skool, blyk duidelik uit begenoemde.

2. Kontak en Samewerking met die Skool minder noodsaaklik, maar tog Gewens. (Vgl. p. 106);-

(a) Die Stiefvader van die gesin is in 'n werk-kolonie opgeneem. Die vyf kinders woon by hul moeder en besoek almal dieselfde skool. Volgens die moeder is hulle vordering na wense. Die gesin vind dit egter baie moeilik om finansieël deur te kom en in die lêer word vermeld dat die kinders baie ver moet ry skool toe, en voel die werkster dat dit miskien beter sou wees as hulle na 'n skool nader aan hul huis gestuur sou word. Daar is egter geen verwysing na enige kontak met die skool nie en gesien die feit dat hierdie kinders oënskynlik geen probleemgedrag openbaar nie en goed vorder op skool, is direkte kontak met die skool dan ook minder noodsaaklik. Tog hou die situasie die moontlike ontwikkeling van probleme in. Finansiële nood, onnodige hoë busgeld vir die kinders se vervoer, en 'n meer vermoeiende heen-en-terug reis as wat wenslik of nodig is, asook die latere terugkeer van die vader uit die werkkolonie. Kontak en samewerking met die skool, en

'n ondersoek na die wenslikheid van 'n verandering van skool sou hier beslis voordelig gewees het, al is daar geen onmiddellike dringende probleem nie.

(b) Die vader het die gesin verlaat en die ouers is geskei. Die twee dogters is gekommitteer na 'n Kinderhuis in Kaapstad vanwaar hulle 'n bekende meisieskool besoek. Daar is geen klagtes oor hulle gedrag of vordering op skool nie, maar die maatskaplike werkster ontvang klagte van die Kinderhuis oor die gedrag van een van die dogters, wat bestempel word as „moeilik, koppig en opstandig", en die Kinderhuis versoek dat sy verwyder moet word. Die werkster ondersoek die saak en na samesprekings bly die dogter aan in die Kinderhuis. Nooit is daar egter enige verwysing na kontak met die skool nie. Hoewel daar geen klagtes van die kant van die skool ontvang is nie, is dit geen bewys dat daar geen verband tussen die gedrag by die tehuis en dié by die skool is nie, en bestaan hier wel deeglik 'n situasie waar moontlike probleme voorkom kan word deur vroegtydige kontak en samewerking tussen skool en welsynsorganisasie.

Uit die 158 „Geen Kontak" gevalle is 31 soortgelyk aan die voorbeelde hierbo genoem, waar die onmiddellike situasie miskien nie kontak met die skool 'n uiters dringende noodsaaklikheid maak nie,

maar waar dit tog as noodsaaklik beskou word, veral met die oog op voorkoming van probleemgedrag. T.o.v. die oorblywende 55 gevalle word kontak, hoewel nie as noodsaaklik nie, tog as wenslik beskou. Die verskillende gevalle toon groot ooreenkoms t.o.v. die aard van die probleme en die noodsaaklikheid van samewerking met die skool.

## 3. Kontak met die Skool Wenslik. (vgl. p. 106.):-

(a) Die weduwee moeder van die gesin is opgeneem in 'n inrigting vir sielsiekes en die enigste dogter is uitgeplaas in pleegsorg. Volgens die pleegouers gaan dit goed met haar en is haar skoolvordering „redelik". Gesien teen die gesinsagtergrond van hierdie dogter met 'n vroeggestorwe vader en 'n moeder in 'n inrigting vir sielsiekes, is dit wenslik dat, ten spyte van die feit dat sy volgens die pleegouers „redelik" vorder op skool, gereelde kontak tussen die skool en welsynsorganisasie volgehou word, al is dit bloot met die doel om haar werklike vordering te bepaal en om voorbereid te wees indien moontlike probleme later hul verskyning mag maak.

(b) Finansiële nood is die probleem van 'n gesin met drie kinders en 'n vader wat slegs St. V kon slaag en as vragmotorbestuurder werksaam is.

Die kinders besoek 'n welbekende skool, maar die ouers vind dit moeilik om die voorgeskrewe skooldrag vir die kinders te bekostig. Die kinders openbaar geen probleemgedrag nie en is „aangenaam en hardwerkend". Indien daar geen kontak tussen die welsynsorganisasie en die skool is nie, sal hierdie kinders heelwaarskynlik sonder onoorkombare probleme hul skoolloopbaan voltooi, maar dit is nietemin duidelik dat kontak tussen die welsynsorganisasie en die skool in hierdie geval wel tot voordeel van die kinders kan strek, en sekerlik as wenslik beskou kan word.

---

## 2. Gevalle waar wel Kontak Gemaak is tussen Welsynsorganisasie en die Skool.

Uit die 425 gevalle is daar 267 waar wel kontak gemaak is tussen die welsynsorganisasie en die skool, maar 'n ontleding van hierdie gevalle toon 'n aansienlike verskil in die aard van kontak wat wel gemaak is, asook in die sukses wat behaal is in gevalle waar daar samewerking plaasgevind het. Ten einde 'n volledige beeld te kan verkry, word hierdie gevalle in twee groepe verdeel, t.w.:
(1) die 90 gevalle waar die kontak bestaan het bloot uit navraag by die skool i.v.m. die vordering van die kind, of om inligting te bekom vir verslae

vir die Kinderhof; en (ii) die oorblywende 177 gevalle waar die kontak meer volledig was.

(i) Kontak bloot by wyse van Navraag.

Vir 'n ontleding van hierdie gevalle waar daar in der waarheid geen werklike samewerking bestaan nie, word dieselfde prosedure gevolg as in die geval van „Geen Kontak", m.a.w. 'n uiteensetting van: (a) die aard van die probleme - eers rakende die huis en dan die kind, en (b) in hoeverre samewerking beskou word as noodsaaklik, minder noodsaaklik maar tog gewens of net bloot wenslik.

T A B E L VII.

Aard van Gesinsprobleme.

| Aard van die Probleme. | Aantal Kinders Geraak. |
|---|---|
| 1. Een of albei ouers oorlede. | 34 |
| 2. Drankmisbruik. (Een of beide ouers.) | 30 |
| 3. Huweliksonenigheid en ouers wat apart woon. | 16 |
| 4. Ouers Geskei. | 12 |
| 5. Ouers leef buite-egtelik saam. | 12 |
| 6. Armoede. | 12 |
| 7. Kinderverwaarlosing. | 7 |
| 8. Swak Behuising. | 7 |
| 9. Onsedelikheid van ouers. | 4 |
| 10. Buite-egtelike Kinders. | 3 |
| 11. Vader in die tronk. | 3 |
| 12. Werkloosheid van die Vader. | 1 |

118./ Tabel VIII.......

## TABEL VIII.

### Aard van Probleme by die Kind.

| Aard van die Probleem. | Aantal Kinders Geraak. |
|---|---|
| 1. Onbeheerbaarheid. | 7 |
| 2. Stokkiesdraaiery. | 6 |
| 3. Verstandelik Vertraag. | 4 |
| 4. Vuil en vol luise. | 4 |
| 5. Swak Skoolvordering. | 3 |
| 6. Vroeë Skoolverlating. | 3 |
| 7. Seksueel afwykend. | 1 |
| 8. Swangerskap. | 1 |
| 9. Siekte. | 1 |

Ontleding:-

Na deeglike studie van die beskikbare inligting, blyk dat uit die 90 gevalle hier ter sake, goeie kontak en samewerking (vgl. pp. 100, 101) as baie noodsaaklik beskou word in minstens 42 van die gevalle. In 23 van die gevalle is samewerking miskien minder noodsaaklik, maar tog baie gewens, terwyl in die oorblywende 25 gevalle minstens gereelde kontak as wenslik beskou word.

Weereens word net enkele tipiese voorbeelde gegee by wyse van illustrasie:-

Voorbeelde:-

1. Kontak en Samewerking met die Skool as Noodsaaklik beskou. (vgl. p. 118).

(a) Op 24/9/62 word 'n negejarige seun onder die Kinderwet sorgbehoewend bevind en in die sorg van sy moeder geplaas. Hy woon die skool gereeld by en daar is op hierdie stadium geen aanduiding van kontak tussen welsynsorganisasie en skool nie. Die seun word so onbeheerbaar dat hy op 13/6/63 uit die sorg van sy moeder, wat hom glad nie langer kon beheer nie, verwyder en in pleegsorg geplaas word. Gedurende die hele proses is daar geen verwysing in die lêer na kontak met die skool nie. Op 17/2/64 word in die lêer aangeteken: „Volgens navraag by die Skoolhoof is die seun se vordering goed en word hy goed versorg". Op 20/7/65 ontvang die maatskaplike werkster klagte oor die versorging van die seun en op 26/8/65 word hy oorgeplaas in ander pleegsorg. Op 13/11/65 doen die werkster by die Skoolhoof navraag oor die seun en verneem dat hy „bevredigend vordering maak". Volgens die gegewens in die lêer was hierdie seun oor 'n tydperk van sowat drie jaar so onbeheerbaar en swak versorg dat hy tweemaal uit sy huidige sorg in ander sorg geplaas moes word. Ten spyte hiervan bestaan die totale mate van kontak met die skool, volgens die betrokke lêer, uit twee

navrae by die Skoolhoof. Die noodsaaklikheid van volledige samewerking in so 'n geval spreek vanself.

(b) Die vader, moeder en vier kinders woon onder baie swak behuisingsomstandighede. Die vader werk baie ongereeld en die moeder verlaat by tye die gesin, maar keer gewoonlik weer terug. Die oudste kind, 'n seun, word beskryf as 'n stokkiesdraaier en die derde kind, 'n dogter, se I.K. word aangegee as 83 en dat sy „dikwels uit die skool afwesig" is. 'n Kinderhofsaak word geopen en op 21/11/63 word die kinders sorgbehoewend bevind en in die sorg van die ouers geplaas onder toesig van die welsynsorganisasie.

Op 30/12/65 verskyn die seun voor die hof op 'n klag van huisbraak met die doel om 'n misdryf te pleeg. Hy pleit skuldig en erken dat hy geld wou steel. Hy word aangehou in 'n Plek van Veiligheid en Bewaring. Hier is geen verwysing na enige kontak met die skool nie, maar moet daarop gewys word dat die probleem gedurende die Desembervakansie voorgekom het. Op 1/3/66 word die seun oorgeplaas na 'n Kinderhuis. Die enigste kontak met die skool waarvan in die betrokke lêer melding gemaak word, was om inligting te bekom met die oog op die Kinderhofondersoek op 21/11/63. Die noodsaaklikheid van verdere kontak asook noue samewerking tussen die

organisasie en die skool hoef nie hier beklemtoon te word nie.

2. Kontak en Samewerking met die Skool minder noodsaaklik, maar tog gewens. (vgl. p. 118.)

(a) Die gesin het onder aandag van die welsyns-organisasie gekom as gevolg van hul uiters swak behuisingsomstandighede en finansiële nood. Daar is vier kinders in die gesin. Die oudste kind, 'n dogter, word beskryf as 'n stokkiesdraaier, terwyl 'n Kinderhofondersoek gehou word ten opsigte van die tweede kind, ook 'n dogter, nadat gevind is dat sy „saans op die hawe ronddwaal". Al verwysing na die skool in hierdie stadium is dat dit vakansie is en die hoof nie gekontak kan word nie. Die kind word teruggeplaas in die sorg van haar ouers. Later doen die maatskaplike werkster wel navraag by die skool oor die vordering van die kinders. Vir die doel van hierdie ondersoek is bogenoemde twee kinders ingedeel onder dié waar kontak en samewerking met die skool baie noodsaaklik is, en word as voorbeeld hier eintlik verwys na die twee jonger kinders in die gesin wat dieselfde skool besoek en onder dieselfde dak woon as bogenoemde twee. Oënskynlik maak hulle redelike vordering op skool en lewer geen noemenswaardige probleme tuis of by die skool nie, maar dis duidelik dat hulle gesinsmilieu gereelde kontak

met die skool wenslik maak ten einde enige probleme wat mag ontwikkel te voorkom.

(b) Vier weeskinders is deur die Kinderhof sorgbehoewend bevind en in pleegsorg geplaas, en volgens die pleegouers gaan dit goed, tuis en op skool, dog dit blyk later dat een van die kinders dikwels stokkiesdraai. Hy word deur die pleegouers na 'n ander skool oorgeplaas en dit kom voor asof dit die gewenste uitwerking het en die probleem opgelos is, behalwe dat hy nou soms sy bed natmaak, hoewel dit nie dikwels gebeur nie. Die maatskaplike werkster kontak die skool en stel vas dat „die toestand steeds aan die verbeter is". Dit is nietemin baie duidelik dat gereelde kontak hier steeds nodig bly.

## 3. Kontak met die Skool Wenslik. (vgl. p. 118.)

(a) Hierdie geval het onder die aandag van die welsynsorganisasie gekom vanweë die drankmisbruik van die vader en die swak finansiële posisie van die gesin. Die drie dogters en een seun woon egter gereeld die skool by en hulle werk is bevredigend. Kontak word met die skool gemaak toe die maatskaplike werkster aan die Hoof 'n skrywe rig om vrystelling te vra vir die dogters van die

naaldwerkfooi wat aan die skool verskuldig is, asook van die fooie vir huishoudkunde. Volgens die beskikbare inligting is dit al kontak wat daar was tussen die welsynsorganisasie en die skool, tog sou gereelde kontak wenslik wees, bloot om die vordering te bepaal en voorsorg te tref teen die moontlike ontstaan van verdere probleme.

(b) Die vader is aan tering oorlede en die drie kinders is in die sorg van die moeder gelaat, wat dit baie moeilik vind om finansieel die mas op te kom. Volgens navraag by die skool gaan dit goed en is daar geen klagtes nie. Gesien die oorsaak van die vader se dood en die swak finansiële posisie van die moeder, is dit nietemin wenslik dat minstens gereelde kontak met die skool gehou sal word, en dat reëlings getref sal word vir gereelde T.B. toetse met die oog op voorkoming van 'n moontlike dergelike probleem.

------

(ii) Volledige Samewerking gesoek tussen Welsynsorganisasie en Skool.

Na die voorafgaande ontleding bly daar nou nog 177 gevalle oor waarin daar wel samewerking was, of samewerking minstens gesoek was tussen die welsynsorganisasie en die skool. 'n Ontleding van hierdie gevalle lei tot 'n verdere onderverdeling soos alreeds aangedui in tabel III (p. 102). Dit blyk

dat in 35 van hierdie 177 gevalle die samewerking nie na wense was nie - hetsy van die kant van die skool, of van die welsynsorganisasie,of die ouers. In die oorblywende 142 gevalle word die samewerking egter as goed beskou; m.a.w. positiewe resultate kan hier waargeneem word t.o.v. diagnose, probleembehandeling, en so ver as wat die gevalle tot op datum van die ondersoek gevorder het, ook nasorg.

Na bestudering van die 177 gevalle ter sprake, is al hierdie gevalle geplaas in die groep waar samewerking as noodsaaklik beskou word, en word die prosedure van ontleding in dié opsig dus gewysig. Die gevalle word eerstens verdeel in genoemde twee groepe: (i) waar die samewerking nie na wense was nie (35), en (ii) waar goeie samewerking verkry is (142). Van elk van hierdie groepe word dan weer 'n statistiese ontleding gegee van die aard van die probleme tuis en dié van die kind waarna enkele voorbeelde by wyse van illustrasie aangehaal word.

(i) Samewerking nie na Wense:-

## T A B E L IX.

### Aard van Gesinsprobleme.

| Aard van die Probleme. | Aantal Kinders Geraak. |
|---|---|
| 1. Huweliksonenigheid en ouers wat apart woon. | 9 |
| 2. Armoede. | 9 |
| 3. Een of albei ouers oorlede. | 6 |
| 4. Werkloosheid van die vader. | 6 |
| 5. Drankmisbruik. | 5 |
| 6. Ouers weier samewerking met die skool. | 5 |
| 7. Ouers geskei. | 3 |
| 8. Swak Behuising | 3 |

## T A B E L X.

### Aard van Probleme by die Kind.

| Aard van die Probleme. | Aantal Kinders Geraak. |
|---|---|
| 1. Swak Skoolvordering. | 10 |
| 2. Stokkiesdraaiery. | 7 |
| 3. Onbeheerbaarheid. | 5 |
| 4. Swangerskap. | 1 |
| 5. Vroeë Skoolverlating. | 1 |
| 6. Siekte.(Lek hart.) | 1 |

Voorbeelde:-

(a) Omdat die kind se ouers oorlede is en

sy stiefvader nie in die vermoë is om hom te onderhou nie, word hy onder die Kinderwet sorgbehoewend verklaar en in pleegsorg geplaas. Gedurende die hele proses woon hy dieselfde skool by waar hy as Sub A leerling begin het. Die maatskaplike werkster onder wie se toesig die seun in pleegsorg geplaas is, doen min of meer maandeliks by die skool navraag oor sy vordering, maar tog gebeur dit dat hy vir byna drie weke uit die skool bly sonder die wete van sy pleegouers, voordat die skool by sy pleegouers navraag doen oor sy afwesigheid. Die pleegmoeder gaan tref persoonlik met die Hoof reëlings om 'n herhaling van die gebeure te voorkom. Gedurende die volgende twee jaar word herhaaldelik in die lêer aangeteken dat sy skoolvordering „swak is", „nie na wense is nie", en „agteruit gaan". Nooit is daar egter enige poging tot onderhandeling met die skool t.o.v. diagnose van die probleem in die lêer aangeteken nie, en toe hy aan die einde van 1964 St. V druip, nadat hy feitlik elke vorige standerd ook gedruip het, word hy op grond van sy ouderdom oorgeplaas na die Hoërskool, waar hy heeltemal uitsak en begin stokkiesdraai. In hierdie stadium word, na onderlinge oorlegpleging tussen die welsynsorganisasie en die skool, die seun se I.K. getoets en bepaal as 83.

Die maatskaplike werkster wend nou pogings

aan om hom in 'n spesiale skool vir vertraagde kinders opgeneem te kry, dog slaag nie daarin nie, „omdat hy nooit voorheen in 'n spesiale klas was nie".

Op 3/3/65 word aansoek gedoen vir sy toelating tot 'n Nywerheidskool. Toe die aansoek na drie maande nog nie gefinaliseer is nie, aanvaar die seun diens by die S.A.S. & H. „omdat daar teveel tyd gemors word". Op 15/7/65 word sy aansoek om toelating tot die Nywerheidskool toegestaan, maar hy weier om te gaan en bly in diens by die S.A.S. & H. Op hierdie stadium was hy reeds sestien jaar oud.

(b) Uit 'n gesin van vier kinders wie se ouers beide hulself dikwels skuldig maak aan drankmisbruik, ontwikkel die tweede kind, 'n dogter, in 'n regte stokkiesdraaier. Sedert die gesin onder aandag van die welsynsorganisasie gekom het, was daar kontak met die skool, hoofsaaklik deur navrae oor die kinders se skoolvordering. Toe die maatskaplike werkster klagte ontvang i.v.m. die dogter se stokkiesdraaiery, gaan sy dadelik die hoof spreek in 'n poging om die agtergrond van die probleem te ontleed en om 'n gesamentlike plan van behandeling op te stel. Volgens inligting in die lêer het die betrokke skoolhoof egter aan die werkster verklaar dat hy hom „onttrek aan die saak en

weier om verder te help, daar hy nie verder gaan probeer om haar te rehabiliteer nie". Die werkster neem hierna die dogter persoonlik onder hande en ten spyte van haar swak skoolbywoning slaag sy St. VII goed, en is sy tans (Junie 1966) besig met St. VIII.

---

(ii) Goeie Samewerking tussen Welsynsorganisasie en Skool.

TABEL XI.

Aard van Gesinsprobleme.

| Aard van die Probleme. | Aantal Kinders Geraak. |
|---|---|
| 1. Een of albei ouers oorlede. | 33 |
| 2. Drankmisbruik. | 31 |
| 3. Huweliksonenigheid en ouers uiteen. | 21 |
| 4. Armoede. | 15 |
| 5. Rasse Klassifikasie. | 12 |
| 6. Ouers geskei. | 10 |
| 7. Siekte (Een of beide ouers). | 10 |
| 8. Buite-egtelike kind. | 9 |
| 9. Werkloosheid van die vader. | 5 |
| 10. Onsedelikheid van ouers. | 5 |
| 11. Swak Behuising. | 5 |
| 12. Moeder in die tronk en vader oorlede. | 4 |
| 13. Vader in die tronk. | 3 |
| 14. Ouers verstandelik vertraag. | 3 |
| 15. Rondswerwery van ouers. | 2 |
| 16. Moeder deur vader vermoor. | 1 |

129./ Tabel XII.............

## T A B E L XII .

### Aard van Probleme by die Kind.

| Aard van die Probleem. | Aantal Kinders Geraak. |
|---|---|
| 1. Stokkiesdraaiery. | 17 |
| 2. Onbeheerbaarheid. | 15 |
| 3. Siekte of Fisiese Gebreke. | 14 |
| 4. Verstandelik Vertraag. | 7 |
| 5. Swak Skoolvordering. | 3 |
| 6. Serebrale Verlamming. | 1 |
| 7. Kleptomanie. | 1 |
| 8. Swangerskap. | 1 |
| 9. Homoseksualiteit. | 1 |

Voorbeelde:-

(a) Die dogter se ouers is albei oorlede en sy is sorgbehoewend bevind en in pleegsorg geplaas. Toe die geval onder die aandag van die maatskaplike werkster gebring is, was dit reeds in die eerste kwartaal van die jaar en het die dogter aan die einde van die vorige jaar besluit om nie weer skool toe te gaan nie, Die werkster het haar skoolprestasies nagegaan en na 'n persoonlike onderhoud met die dogter se gewese skoolhoof het sy die dogter onder hande geneem en oorreed om terug te gaan skool toe. Aangesien die dogter egter nie weer sou terugkom skool toe nie, is daar nie vir haar aansoek gedoen om vry boeke nie, en daar

130./ sy nie ..............

sy nie nuwe boeke kon bekostig nie, het die werkster, die skoolhoof, en die klasonderwyseres samesprekings gevoer en finansieel gehelp om vir haar die nodige boeke te bekom. Ten tye van hierdie ondersoek was die dogter gelukkig terug in die skool en besig „om haar bes te doen", terwyl gereelde kontak tussen die skool en die welsynsorganisasie behou word.

(b) Die vader, wat homself dikwels aan drankmisbruik skuldig maak, „wou nog nooit sy seun tug of met hom raas nie", omdat „hy 'n aangenome seun is" - die buite-egtelike kind van sy vrou. Die geval was, as gevolg van die vader se drankmisbruik, geruime tyd onder die aandag van die welsynsorganisasie. Daar was taamlik gereelde kontak tussen die maatskaplike werkster en die seun se skoolhoof en laasgenoemde het dit vroegtydig onder die werkster se aandag gebring toe die knaap begin stokkiesdraai. Die werkster het dadelik intensief ondersoek ingestel en gevind dat die seun die werk moeilik vind, omdat hy tuis geen hulp ontvang nie. Die ouers kon hom nie help nie, omdat hulle self nie geleerd was nie. Die vader het slegs St. III behaal. Die moeder se skoolopvoeding word nie vermeld nie. Na 'n onderhoud tussen die seun se klasonderwyseres en die werkster, het eersgenoemde

ingewillig om die kind soggens voor skool te help met die werk. Volgens die lêer het sy gou die seun se vertroue gewen en het hy haar later "gereeld gehelp in die klas". Die werkster en die onderwyseres het op 28/3/66 hul eerste onderhoud gehad. Ten tye van hierdie ondersoek (Julie 1966) was die seun saam met 'n groep weg na 'n kamp gereël deur die werksters van die betrokke organisasie, en verklaar die werkster: "hy is sommer 'n oulike seun en fluks".

(c) Aangesien die gevalle in hierdie afdeling die enigste is waarin daar die probleem van Rasseklassifikasie ter sprake kom, word ten slotte 'n voorbeeld in dié verband aangehaal.

Beide ouers van die betrokke seun en dogter is oorlede en hulle is uitgeplaas in pleegsorg onder toesig van die welsynsorganisasie. Beide kinders is in 'n blanke laerskool opgeneem. Daar is gereelde persoonlike kontak tussen die werkster, die pleegouers (blankes), en die skoolhoof asook die klasonderwysers van die kinders, wat albei as blank geregistreer is. Hulle lewer goeie werk en is voorbeeldig in die skool, en die seun ontwikkel in "'n baie goeie rugbyspeler". In April 1958, toe die seun in St. V is, doen sy pleegmoeder aansoek om sy toelating in 1959 tot die Hoërskool. Toe sy geen antwoord ontvang nie, stel sy die

maatskaplike werkster in kennis. Laasgenoemde gaan sien die Hoof van die betrokke skool wat weier om die seun in te neem op grond van sy donker kleur, ten spyte van sy blanke geboortesertifikaat en registrasie. Op aandrang van die werkster stel die Hoof die saak aan sy Skoolkomitee wat die Hoof gelyk gee en weier om die seun in te neem.

Die werkster doen hierna persoonlik by 'n volgende Hoërskool aansoek, met presies dieselfde resultaat. Uiteindelik stel die werkster vas waar die kinders se oorlede vader op skool was en doen sy by dié skool aansoek en word die seun ingeneem op grond van die feit dat sy vader daar op skool was. Hy slaag later St. X in hierdie skool en word deurgaans na verwys as 'n voorbeeldige leerling.

Bykans dieselfde proses word 'n jaar later herhaal met die dogter.

Op 22/7/59 doen die pleegmoeder aansoek om die dogter se opname in die Hoërskool in Januarie 1960, maar word dit geweier op grond van die dogter se voorkoms. Die werkster wend haar tot 'n ander skool, met dieselfde gevolg, en ook die skool wat bereid was om haar broer in te neem, weier die dogter. Op 14/9/59 rig die werkster 'n skrywe aan die Skoolraad waarop sy op 4/11/59 berig ontvang dat die saak aandag geniet. Op 28/11/59 doen sy

dringend navraag by die Skoolraad waarop sy op 5/12/59 in kennis gestel word dat hulle haar „later sal laat weet". Op 28/1/60 stel hulle haar in kennis dat hulle nie daarin kon slaag om die dogter geplaas te kry nie. Op dieselfde dag besoek die werkster drie verskillende Hoërskole in 'n poging om die dogter êrens opgeneem te kry.

In hierdie stadium weier die dogter om die huis te verlaat omdat „iemand" - wat later geblyk het haar vroeëre onderwyseres te wees - haar gevra het waarom sy nog nie gereël het i.v.m. haar hoërskoolopleiding nie, en sy nie weet wat om te antwoord nie.

Op 7/3/60 slaag die werkster daarin om die dogter in 'n Hoërskool ingeskryf te kry. Ten spyte van 'n kwartaal se afwesigheid werk sy hard en slaag aan die einde van die jaar St. VI. Die samewerking tussen die Hoof, klasonderwyser en maatskaplike werkster is steeds goed. Die dogter slaag goed in St. VII en in St. VIII en op haar versoek word sy na onderhandeling tussen skool, pleegouers en werkster, toegelaat om vir St. IX en verder na die Tegniese Kollege te gaan, waar sy goed vaar en as „'n model leerling" beskryf word.

-o-o-o-o-o-

# HOOFSTUK VIII.

## VERGELYKENDE STEEKPROEF-ONDERSOEK GEDOEN IN BLOEMFONTEIN.

### Doel van Ondersoek:-

Hoewel dit nie by die vooraf beplanning van hierdie ondersoek inbegrepe was nie, is daar tog van gebruik gemaak toe die geleentheid hom voordoen, om 'n vlugtige steekproef-ondersoek te doen by drie soortgelyke welsynsorganisasies in Bloemfontein.

Die beperkinge van so 'n vlugtige ondersoek, met besonder kort kennisgewing aan die betrokke organisasies, is terdeë besef, asook die feit dat die wetenskaplike juistheid van die gegewens moontlik in twyfel getrek mag word. Daar is dan ook geen poging aangewend tot 'n soortgelyke ontleding van die gegewens of die besondere aard van die probleme soos by die voorafgaande volledige ondersoek nie. 'n Poging is bloot aangewend om 'n tendens t.o.v. die mate van samewerking tussen vrywillige welsynsorganisasies en die skool, al dan nie, te bepaal in die prosedures wat deur soortgelyke organisasies in ander gebiede van die land aangewend word.

### Omvang van die Ondersoek:-

Soos in die geval van die volledige onder-

soek in die Kaapse Skiereiland is die gegewens vir die steekproef verkry uit die lêers van drie soortgelyke organisasies in Bloemfontein. Die werksgebied van laasgenoemde drie organisasies, waarna verwys sal word as D, E en F, sluit die Bloemfonteinse stadsgebied, asook die kleinhoewes rondom die stad in.

Soos in die Kaapse Skiereiland is ondersoek gedoen by vyf takkantore van die drie organisasies, maar in laasgenoemde geval is al die gegewens verkry uit lêers t.o.v. blanke gevalle, en is die voertaal van al drie organisasies hoofsaaklik Afrikaans. Die gevalle-verdeling in die Bloemfonteinse kantore was soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| Organisasie | D | - 150 |
| | E(i) | - 139 |
| | E(ii) | - 21 |
| | F(i) | - 51 |
| | F(ii) | - 41 |
| Totaal | | - 402. |

Ook hier het die ondersoek uitsluitlik gegaan oor die prosedures wat deur die organisasies aangewend word t.o.v. samewerking met die skool, met die oog op diagnose, behandeling, nasorg en voorkoming van probleemgedrag by skoolgaande kinders. Ook in al drie hierdie gevalle kan die organisasies aanvaar word as 'n geldige voorbeeld

van wrywillige maatskaplike werk wat die gesin, kind, skool en gemeenskap as fokusgebied insluit.

Vergelyking:-

Ten einde vergelyking te vergemaklik, word tabelle III en IV onderskeidelik hier herhaal naas tabelle XIII en XIV.

Aard van Kontak en Samewerking.

T A B E L III. (Kaapse Skiereiland.)

| Samewerking Goed. | Samewerking nie na Wense. | Blote Navraag. | Geen Kontak. | Totaal. |
|---|---|---|---|---|
| 142 | 35 | 90 | 158 | 425 |

T A B E L XIII. (Bloemfontein.)

| Samewerking Goed. | Samewerking nie na Wense. | Blote Navraag. | Geen Kontak. | Totaal. |
|---|---|---|---|---|
| 158 | 3 | 132 | 109 | 402 |

Dieselfde verskynsel van die verskil in die mate en aard van kontak en samewerking met die skool, van organisasie tot organisasie, en selfs van kantoor tot kantoor, was opvallend waarneembaar in die

ondersoek in Bloemfontein.

By 'n vergelyking van tabelle III en XIII mag nie te veel waarde geheg word aan die opmerklike syfer-verskil in gevalle van „Samewerking nie na Wense" nie. 'n Vollediger studie van elke afsonderlike lêer van die Bloemfonteinse organisasies sou moontlik kon lei tot 'n wysiging van die getal gevalle van „Samewerking nie na Wense" en „Blote Navraag" (in tabel XIII), en sou moontlik bevind kon word dat sommige van die gevalle wat tans as „Blote Navraag" aangedui word, in der waarheid gevalle was van „Gebrek aan Goeie Samewerking". Hierdie feit doen egter geen afbreuk nie aan die vergelyking van die algemene tendens t.o.v. die prosedures wat aangewend is, wat eintlik met die steekproef beoog is.

Dieselfde beperking waarna hierbo verwys is, geld ook hieronder vir die vergelyking van tabelle IV en XIV. Die doel van tabel XIV is ook uitsluitlik om lig te werp op die algemene tendens t.o.v. prosedures soos deur die betrokke organisasies aangewend is.

138./ Tabel IV..............

## T A B E L IV. (Kaapse Skiereiland.)

Kontak en Samewerking tussen Verskillende Kantore en die Skool.

| Kantoor. | Goed. | Nie na Wense. | Blote Navraag. | Geen Kontak. | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | 60 | 1 | 40 | 16 | 117 |
| 2. | 7 | 2 | 3 | 31 | 43 |
| 3. | 5 | 4 | 9 | 63 | 81 |
| 4. | 10 | 9 | 29 | 39 | 87 |
| 5. | 60 | 19 | 9 | 9 | 97 |
| Totaal. | 142 | 35 | 90 | 158 | 425 |

## T A B E L XIV. (Bloemfontein.)

| Kantoor. | Goed. | Nie na Wense. | Blote Navraag. | Geen Kontak. | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | 11 | 0 | 56 | 83 | 150 |
| 2. | 94 | 0 | 45 | 0 | 139 |
| 3. | 14 | 0 | 3 | 4 | 21 |
| 4. | 29 | 0 | 11 | 11 | 51 |
| 5. | 10 | 3 | 17 | 11 | 41 |
| Totaal. | 158 | 3 | 132 | 109 | 402 |

Een opvallende verskynsel wat deur hierdie ondersoek blootgelê is, en meer breedvoerig onder „Bevindings en Aanbevelings" bespreek word, is die feit dat in die geval van kantoor 2 in die bestaan-

de tabel (XIV) daar geen enkele geval gevind kon word van „Geen Kontak" met die skool nie. Dit is die enigste geval wat in die hele ondersoek gevind is. Verder is in hierdie besondere geval al 45 gevalle wat onder „Blote Navraag" ingedeel is, gevalle waarin daar gereeld navraag - gewoonlik by wyse van persoonlike onderhoude met die Skoolhoof - gedoen is na die omstandighede van die betrokke kinders, met die oog op voorkoming van probleme wat moontlik mag ontwikkel a.g.v. die huislike milieu waarin die kind hom bevind.

'n Ontleding van tabelle XIII en XIV toon beslis 'n soortgelyke tendens as wat afgelei kon word uit 'n ontleding van tabelle III en IV, en staaf die bevinding dat dit moontlik 'n algemene tendens is in die praktyk van maatskaplike werk t.o.v. die samewerking met die skool met die oog op die diagnose, behandeling, nasorg en voorkoming van probleemgedrag by skoolgaande kinders.

-o-o-o-o-o-

# HOOFSTUK IX.

## BEVINDINGS EN AANBEVELINGS.

### I. Bevindings.

#### A. Vrywillige Welsynsorganisasies:-

1. In die inleiding tot die onderhawige studie is daarop gewys dat die doel van die studie hoofsaaklik tweeledig is, t.w.: (i) 'n bepaling van die noodsaaklikheid, al dan nie, van noue samewerking tussen welsynsorganisasies en die skool met die oog op die diagnose, behandeling, nasorg en voorkoming van probleemgedrag by skoolgaande kinders; en (ii) 'n ontleding en beoordeling van die mate en aard van bestaande samewerking tussen welsynsorganisasies en die skool. Ook is daarop gewys dat geen poging aangewend word tot 'n vergelyking tussen die werksaamhede van verskillende organisasies, hul subkantore of indiwiduele maatskaplike werksters nie. Waar wel na indiwiduele gevalle verwys word, geskied dit bloot by wyse van nadere toeligting.

2. Die doel van die empiriese ondersoek is beperk tot 'n algemene evaluasie van die prosedures wat in die praktyk aangewend word, en geen aanspraak word gemaak op 'n verteenwoordigende ontleding van die praktyk in die algemeen nie,

aangesien die beskikbare gegewens nie daartoe geskik was nie. By die uiteensetting van die bevindings en aanbevelings moet die ondersoek dan ook gesien word as 'n eksploratiewe ondersoek om vraagstukke bloot te lê wat intensiewer studie dringend noodsaaklik maak.

3. In die eerste afdeling van die onderhawige ondersoek is 'n uiteensetting gegee van die basiese vereistes van Gemeeskapsorganisasie as metode van Maatskaplike Werk. (Vgl. pp. 14 - 18.) Vir die suksesvolle toepassing van Gemeenskapsorganisasie as 'n metode van Maatskaplike Werk, moet: (i) die besondere behoefte of probleem noukeurig vasgestel word; (ii) die behoeftes behoorlik gerangskik word volgens die dringendheid van die behoeftes; (iii) gesoek word na alle moontlike hulpbronne, het sy intern of ekstern; en (iv) tot aksie oorgegaan word waardeur die voorafgaande behoefte bepaling daadwerklik omskep kan word in behoeftevoorsiening. 1)

4. Die noukeurige studie van die lêers van die verskillende welsynsorganisasies in die empiriese ondersoek het, met verwysing na bogenoemde vereistes, een belangrike feit onbetwisbaar na vore gebring, nl., die bestaande wye kloof tussen die teorie

142./ en die..............

1) Definisie van Gemeenskapsorganisasie. Ross, M.G. Op. cit. p. 39.

en die praktyk wat slegs in enkele gevalle werklik suksesvol oorbrug word.

5. In elke lêer wat nagegaan is, is gevind dat daar wel minstens 'n poging aangewend is om die probleem te diagnoseer, maar in baie gevalle was die lêers so onvolledig dat dit 'n moeisame taak was om uit die gegewens in die lêer die voorlopige hipotese en die werklike probleem en behoeftes volledig te bepaal. (Vgl. p. 99.)

6. Dikwels is tot die gevolgtrekking gekom dat die betrokke werkster bloot op grond van persoonlike waarneming en oordeel 'n diagnose gemaak het, en dui die gegewens in die lêers op 'n gebrek aan raadpleging van voldoende bronne om enigsins met wetenskaplike noukeurigheid die juiste probleem te diagnoseer en 'n volledige beeld te verkry van al die behoeftes.

7. Die aantekening van die finale diagnose, wat in sommige lêers geheel-en-al ontbreek, is te dikwels baie onvolledig t.o.v. die essensiële besonderhede van ontledings, interpretasies en gevolgtrekkings waartoe geraak is.

8. Faktore genoem in 5, 6 en 7, lei vanselfsprekend tot 'n onvermoë om alle behoeftes volledig te kan bepaal en in rangorde van dringendheid te rangskik.

9. Uit die onderhawige studie van die lêers, het voorts geblyk dat in talle gevalle weinig of geen aandag geskenk is aan die emosionele ervarings van die betrokke kind of indiwidu onder behandeling nie, en dat die bloot voor-die-hand-liggende behoefte gediagnoseer is as die wesenlike probleem, terwyl die uiteensetting daarvan in der waarheid nie veel meer inhou as 'n blote opsomming van die probleemsituasie nie. Die oorsaaklike faktore, die persoonlikheidsontleding en die implikasies daarvan vir die samelewing as gevolg van die bestaande probleem, het selde 'n dieper beslag gekry as slegs 'n terloopse verwysing na genoemde faktore.

10. 'n Duidelike neiging tot oppervlakkige diagnose is deurgaans te bespeur, ofskoon uitsonderings voorkom en verskille van werkster tot werkster opvallend is.

11. Hoewel hierdie bevinding nie op genoegsame wetenskaplike gegewens berus nie, wil dit voorkom of bogenoemde verskynsel die gevolg is van ooryweriGheid by die werkster om die probleem opgelos te kry, asof die blote oorgaan tot aksie, die behandeling van die probleem - enige soort behandeling - veel belangriker is as die volledige wetenskaplike ontleding van die probleem self. Die werklike dieperliggende oorsake word

sodoende nie ingesien of ontleed nie.

12. 'n Faktor wat hier in gedagte gehou moet word, is die moontlikheid - en uit hierdie ondersoek blyk dit ook wel die geval te wees - dat bogenoemde verskynsel gewyt moet word aan 'n tekort aan werksters (het sy om finansiële of watter redes ookal), met die gevolglike te groot gevallevrag per werkster en die gebrek aan tyd vir vollediger studie en ontleding van die probleem.

Volgens die bevindings van die Dept. van Volkswelsyn en Pensioene speel die grootte van die gevallevragte van die werkers 'n groot rol t.o.v. die intensiteit en gehalte van aandag aan gevalle.[2] Etlike voorbeelde t.o.v. die gevalleladings van die werksters van die organisasies wat by dié ondersoek betrokke was, word in die verslag aangehaal. „Die werklike gevallevragte van werkers by Org. No. 1 wissel ongeveer van 60 tot 90 gevalle, by Org. No. 2 van 71 tot 96 met 'n gemiddelde van 82 per werker en by Org. No. 4 van 38 tot 82 met 'n gemiddelde van 67 per werker. Die gevallevragte is oor die algemeen dus hoër as die 60 wat volgens

145./ hierdie..........

2) Normbepaling vir Gevalleladings van Maatskaplike Werkers in diens van Gesinsorgorganisasies. Verslag van die Beplanningskomitee uitgegee deur die Navorsingsafdeling van die Dept. van Volkswelsyn en Pensioene. Uitgawe No. 1 van 1966. p. 19.

hierdie ondersoek as norm gestel word.

Wat die ondervinding van sekere verteenwoordigende werkers met hul gevallevragte betref, kan gemeld word dat die twee verteenwoordigende werkers van Org. No. 1 ongeveer 65 gevalle elk op hulle gevallevragte gehad het. Albei het ondervind dat hulle aan sekere van die gevalle nie gedurende die vier maande van die ondersoek aandag kon gee nie en dat hulle gevallevragte so groot was dat hulle nie reg daaraan kon laat geskied nie. Van die feit dat soveel van die werkers van hierdie organisasie groter gevallevragte het, moet afgelei word dat baie van die gevalle op hulle gevallevragte nie behoorlik aandag geniet nie." [3)]

Hieruit blyk duidelik dat die bevinding van te groot gevallevragte soos blyk uit die onderhawige studie, bevestig word deur die bevindings soos weergegee in bogenoemde verslag van die Dept. van Volkswelsyn en Pensioene.

Verder het persoonlike onderhoude met die betrokke maatskaplike werksters bogenoemde gevolgtrekkings deurgaans bevestig, en kom dit voor asof hulle magteloos staan teenoor die behoorlike hantering van probleme, as gevolg van die praktiese

146./ omstandighede.......

3) Ibid., p. 27.

omstandighede waarin hulle hulself bevind.

Weens die beperktheid van die ondersoek, kon egter nie vasgestel word of hierdie omstandigheid die deurslaggewende oorsaak van die leemte is nie, en of 'n gebrek aan vermoë om teorie en praktyk te integreer, of selfs 'n leemte in die opleiding van die werksters, daarvoor verantwoordelik gehou moet word nie.

13. 'n Verdere bevinding, wat ten nouste saamhang met die gebrek aan wetenskaplike diagnose, is die onbevredigende gebruikmaking van bronne van inligting deur die werksters. In hierdie verband het dit duidelik geblyk dat daar dikwels nie genoegsaam gebruik gemaak word van, of gesoek word na voldoende inligtingsbronne om 'n juiste geheelbeeld van die behoeftes en die probleme te verkry nie. Dikwels is geen ander bronne geraadpleeg nie as slegs die direk bereikbare gesinslede, en is op grond van hierdie inligting 'n poging aangewend tot 'n diagnose van die geval onder aandag. Die rede hiervoor, volgens die werksters met wie persoonlike onderhoude gevoer is, hang nou saam met die reeds vermelde probleem van 'n te groot gevallevrag en te min tyd vir vollediger ondersoek.

Indien volledige samewerking tussen vry-

willige welsynswerk, die gesin en die skool, wat uit die onderhawige studie 'n dringende noodsaaklikheid blyk te wees, prakties en suksesvol toegepas moet word, sal die welsynsorganisasies beslis aandag moet skenk aan hierdie belangrike vraagstuk.

14. In die eerste hoofstuk van die onderhawige studie is die belangrikheid van hulpbronne van behandeling sterk beklemtoon. (Vgl. pp. 16, 17.) Uit die gegewens verkry uit die lêers, blyk dat dikwels nie aan hierdie vereiste voldoen word nie. Vanweë die oppervlakkigheid van die diagnose word in baie gevalle die „maklike" behandelingsprosedure toegepas - 'n Kinderhofondersoek en verwydering van die kind na een of ander inrigting, sonder dat eers van alle moontlike hulpbronne, waaronder die skool en sy personeel in hierdie gevalle van die belangrikste is, gebruik gemaak word in die proses van behandeling. (Vgl. die voorbeelde bespreek op pp. 111 (b), 119 (a) en 120 (b).)

15. Die ondersoek het egter baie duidelik aan die lig gebring dat bogenoemde 'n verskynsel is wat verskil van werkster tot werkster, en tot 'n mate ook van organisasie tot organisasie. (Vgl. tabel IV op p. 102 en tabel XIV op p. 138.) By een van die organisasies was die verskil in benadering en behandeling van dieselfde gevalle in

148./ verskeie van..........

verskeie van die lêers, voor en na 'n bepaalde datum, so opvallend dat navraag gedoen is na die oorsaak. Die onmiddellike antwoord was: „O, dis nadat mev. X hier oorgeneem het."

16. Verskille van organisasie tot organisasie is ook gevind. Onder die 139 gevalle waarvan die lêers van een bepaalde organisasie nagegaan is, is geen geval gevind waarin geen kontak met die skool gemaak is nie. Die 94 gevalle wat onder „Samewerking Goed" geklassifiseer is, toon volgens die beskikbare inligting, waarvan redelik volledig aantekening gehou word deur die betrokke werkster, dat daar 'n werklik gesonde mate van kontak en samewerking met die skool bestaan, en dat die skool en sy personeel deurgaans as een van die belangrikste hulpbronne erken en benut word. In geen enkele geval kon hierdie werkster, wie se werkgebied vyf verskillende skole insluit, nie daarin slaag om die heelhartige samewerking van die skoolhoof en klasonderwyser te verkry t.o.v. hulp - beide materieel en niematerieel - aan die betrokke kinders onder aandag nie. Die gegewens oor die 45 gevalle wat onder „Blote Navraag" ingedeel is, toon almal gereelde kontak, hoofsaaklik deur persoonlike onderhoude (hoewel onderhoude soms ook telefonies geskied weens gebrek aan tyd) met die hoof en klasonderwyser met die oog op voorkoming van probleme wat kon ontwikkel, meesal as gevolg van ongewenste huislike

omstandighede. Hierdie werkster ken die omstandighede van elke geval op die punte van haar vingers en dra kennis van die besondere probleme en behoeftes van elke kind onder haar aandag sowel tuis as by die skool.

17. Dieselfde probleem, waarna reeds verwys is in paragrawe 12 en 13, het hier ook baie sterk op die voorgrond getree, naamlik die absolute onvermoë van selfs die bekwaamste en gewilligste werkster om 'n te groot gevallevrag na behore te hanteer. Hierdie betrokke werkster het in 'n persoonlike onderhoud hierdie aspek baie sterk beklemtoon en talle voorbeelde aangehaal van behoeftes waarin nie na behore voorsien kon word nie a.g.v. 'n gebrek aan tyd.

18. Uitskakeling van teenkanting of weerstand teen die beoogde plan van behandeling is 'n verdere vereiste vir die suksesvolle toepassing van gemeenskapsorganisasie as 'n metode van Maatskaplike Werk. (Vgl. pp. 18, 31.) Die onderhawige studie toon dat die betrokke werksters in verskeie gevalle nie hierin kon slaag nie. In die meerderheid van gevalle geklassifiseer as „Samewerking nie na Wense" was die grondliggende oorsake, volgens mondelinge inligting verstrek deur die werksters, gebrek aan belangstelling of selfs openlike vooroordeel en teenkanting van die kant van die betrokke skool-

hoof of klasonderwyser. (Vgl. die voorbeeld op p. 127 (b).)

Dit is ook nie alleen die taak van die werkster om teenkanting uit te skakel nie, maar daar moet doelbewus aandag gewy word aan die proses van gereedmaking van die gemeenskap. (Vgl. pp. 19, 20.) Die mate van gemeenskapsgereedheid om bepaalde dienste te aanvaar en te benut, is van die allergrootste belang en moet voortdurend in gedagte gehou word. Gebrek aan gereedheid by 'n gemeenskap is nie 'n toestand wat bloot as onvermydelik aanvaar moet word nie. Gereedmaking van die gemeenskap stel 'n besondere taak binne die raamwerk van die werksaamhede van gemeenskapsorganisasie wat nie nagelaat of verwaarloos mag word nie. Alleen die getroue beoefening van dié taak kan suksesvolle samewerking verseker.

As voorbeeld hiervan kan weereens verwys word na die optrede van die werkster verbonde aan die organisasie waarna reeds verwys is. (pp. 138-9, en 148 par., 16.) Hierdie werkster het dit haar taak gemaak om die betrokke instansies en leiers binne haar werkgebied bewus te maak van die noodsaaklikheid van gebruikmaking van die bestaande dienste met die oog op gesonde gemeenskapsorganisasie. Die sukses waarmee haar pogings bekroon

is, blyk baie duidelik uit die lêers wat nagegaan is.

19. Hoewel bogenoemde voorbeeld daarop dui dat die kloof tussen teorie en praktyk wel oorbrug kan word, is dit nogtans baie duidelik uit bogenoemde bevindinge dat daar 'n wye kloof bestaan tussen die teorie en die praktyk t.o.v. gemeenskapsorganisasie as 'n metode van maatskaplike werk. Die vanselfsprekende gevolg is dat die behandeling van probleme bloot fragmentaries is, en hoofsaaklik gerig word op die voor-die-hand-liggende behoeftes sonder werklike deurdringing na die wesenlike kern van die probleem.

---

## B. Die Skool:-

1. Die belangrikheid van samewerking tussen die gesin, die skool, die welsynsorganisasie en die gemeenskap is herhaaldelik beklemtoon in die onderhawige studie. (Vgl. pp. 61, 66, 85.) In die inleiding is ook reeds opgemerk dat net soos maatskaplike werk direk en persoonlik met die mens en die voorsiening van behoeftes gemoeid is, so is ook die onderwys, en in die praktyk kan en moet hulle mekaar aanvul. Herbert Carrol onderskryf die noodsaaklikheid van die gesamentlike bydrae

van die gesin, die skool en die gemeenskap soos ook deur hierdie studie aangetoon. „During his chilhood years, his family, his school, and his community mould his character, shape his personality, and lay the foundations for his future. If the family, the school, and the community do their work well, his chances for a successful and happy life are greatly enhanced; if they do their work badly, his personality may be so warped that satisfactory adjustments in adult life will be difficult, if not impossible to achieve."4)

Die invloed van die skool op die totale ontwikkeling en vorming van die kind is in die vierde en sesde hoofstukke volledig uiteengesit, dog kan nie sterk genoeg beklemtoon word nie. Dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op die skool, wat ook deur Hurwitz aangetoon word. „The school is the first social experiment in the life of the child, its first controlled enviroment in community with large groups and also the place where the first danger signals for its future development may be observed. Adequate measures in the case of children suffering from school maladjustments are of direct importance for the prevention of crime."5)

153./ In die................

4) Carrol, Herbert A.: Mental Hygiene. Prentice Hall, Inc., New York, 1951. p. 292.

5) Hurwitz, Stephan.: Criminology. George Allen and Unwin Ltd., London, 1952. p. 331.

In die sesde hoofstuk van die onderhawige studie is aangetoon dat deur versuim van die kant van die skool om voldoende aandag te skenk aan die maatskaplike en veral emosionele ontwikkeling van die kind, die skool bydra tot die ontstaan en ontwikkeling van gedragsprobleme. Ten einde hierdie taak suksesvol te kan behartig, behoort die skool meer geredelik gebruik te maak van die dienste van vrywillige welsynsorganisasies en is samewerking op die gebied noodsaaklik.

2. Uit die onderhawige studie blyk dat groot sukses behaal kan word deur bogenoemde samewerking. Die geval bespreek op pp. 131 - 133 lewer duidelike bewys hiervan. Nie alleen is deur die deursettingsvermoë van die maatskaplike werkster, en die uiteindelike samewerking van die kant van die skool, twee kinders gered van 'n gedoemde toekoms nie, maar is die kanse op 'n normale gelukkige toekoms vir twee gesinne en hul nageslagte verseker.

3. In die 142 gevalle geklassifiseer as „Samewerking Goed" (Vgl. tabel III op p. 102.), kon die eindresultaat van die behandeling nie altyd bepaal word nie, aangesien baie van die gevalle nog nie afgehandel was nie, maar het dit sonder uitsondering geblyk dat die gesonde samewerking tussen welsynsorganisasies en die skool

veel bygedra het tot die gesonde vorming van die betrokke kinders en dat hulle skoolprestasies deurgaans verbeter het. Hierdie bevinding word bevestig deur die slotsom waartoe Catharina Jonker geraak na 'n studie van die invloed van die huislike omstandighede op die skoolprestasies van die kind, met die oog op gesinsorg. 6) Sy beklemtoon die feit dat die huislike omstandighede van die kind 'n belangrike rol kan speel t.o.v. sy skoolprestasies en bevind dat swak huislike omstandighede van die kind verbeter moet word alvorens maksimum skoolvordering verkry kan word. Die taak van die welsynsorganisasie in samewerking met die skool is hierin voor-die-hand-liggend.

4. Ten opsigte van die mate van bestaande samewerking tussen welsynsorganisasies en die skool, toon 'n studie van tabel IV (p. 102.) en tabel XIV (p. 138.) baie duidelik die groot gaping tussen die teorie en die praktyk aan. So bewys tabel IV, byvoorbeeld, dat slegs in 142 gevalle uit 'n totaal van 425 goeie samewerking ondervind is tussen welsynsorganisasie en skool, en in tabel XIV slegs in 158 gevalle uit 'n totaal van 402; m.a.w. in

155./ slegs..............

6) Jonker, C.: 'n Gevallestudie van die invloed van die huislike omstandighede op die skoolprestasie van die kind met die oog op gesinsorgwerk. Ongepubliseerde Verhandeling. U.O.V.S. Bloemfontein. pp. 88-96.

slegs 36.27% het sodanige samewerking plaasgevind.

In 26.84% van die gevalle het die mate van samewerking bestaan uit blote navraag by die skool, meesal om inligting te bekom met die oog op 'n Kinderhofondersoek.

In 4.95% van die gevalle kon geen goeie samewerking verkry word tussen die welsynsorganisasie's en die skool nie. In al hierdie gevalle het die inligting wat ingewin kon word, daarop gedui dat die grondliggende oorsaak die gebrek was aan gereedheid van die kant van die skool om die bepaalde dienste te erken en te benut.

Ontstellend is egter die feit dat in meer as 32% van die gevalle onder behandeling daar hoegenaamd geen poging aangewend is tot kontak of samewerking met die skool nie, nie eens met die oog op moontlike voorkomingsdienste nie.

5. 'n Ontleding van tabelle V tot XII toon die aard van die probleme, beide huislike probleme en probleme by die kind self, en hieruit word die noodsaaklikheid van samewerking weereens sterk beklemtoon. Terselfdertyd word die wye kloof tussen die teorie en die praktyk aangetoon.

6. Dit is duidelik uit die onderhawige studie

dat die onderwyser nie die taak van die maatskaplike werker op eie skouers kan neem nie. (Vgl. pp. 1 en 75.) As gevolg van baie probleme, soos uiteengesit op p. 75, gebeur dit dikwels dat hy selfs ernstige probleme by die kinders in sy klas nie raaksien nie, en dit in elk geval nie sonder professionele hulp van die maatskaplike werker effektief kan behandel nie.

7. Die probleme wat kan ontwikkel a.g.v. skoolwerk wat te gevorderd is vir die intellektuele vermoë van die kind, en omgekeerd, is in hoofstuk VI (pp. 84 en 85.) bespreek, met verwysing na die moontlike oplossing deur verdeling van groot klasse op 'n meriete basis vir elke vak. Uit tabelle VI, VIII, X en XII blyk dat daar altesaam 13 gevalle van vroeë skoolverlating voorkom, 16 gevalle van swak skoolvordering en 36 gevalle van stokkiesdraaiery - almal probleme wat moontlik a.g.v. bogenoemde faktor kan ontwikkel. Roode bevestig hierdie bevinding in sy verhandeling oor die huislike agtergrond van onbeheerbare jeugdiges. „Minderwaardige intellektuele vermoë mag die skolastiese vordering vertraag en selfs probleme in die skool veroorsaak indien daar nie versigtig deur die betrokke owerhede opgetree word nie."[7)]

157./ Die onderhawige........

7) Roode, C.D.: 'n Sosiologiese Ondersoek van die Huislike Agtergrond van Onbeheerbare Jeugdiges, gebaseer op die Amptelike Rekords van die Streekkantoor van die Dept. van Volkswelsyn te Pretoria. Ongepubliseerde Verhandeling. U.O.V.S. Bloemfontein,

Die onderhawige ondersoek toon duidelik die noodsaaklikheid van aandag aan hierdie probleem.

----------

## II. Aanbevelings.

### A. Vrywillige Welsynsorganisasies:-

Die onderhawige studie het by herhaling getoon dat samewerking tussen vrywillige welsynsorganisasies en die skool noodsaaklik is, maar ook dat die gemeenskap, en met name hier die skool, nie altyd gereed is om die bepaalde dienste te erkon en te benut nie. Teorie en praktyk staan dus weereens teenoor mekaar i.p.v. 'n geïntegreerde eenheid te vorm.

Uit hoofstukke II en III (Vgl. pp. 18 - 20 en 27 - 32.) blyk duidelik die strategiese posisie waarin die maatskaplike werker, en in besonder die gesin-, kinder-, en jeugsorgwerker, homself bevind t.o.v. die moontlikheid om die kloof tussen teorie en praktyk in hierdie verband te oorbrug. Uit die aard van die saak is dit die maatskaplike werker wat direk te doen kry met die probleme van die skoolgaande kind en wat dié probleme sien teen die agtergrond van sowel die kind se gesinsmilieu as skool- en gemeenskapsmilieu. Die maatskaplike

werker is dus die aangewese persoon om die probleem-situasie na behore wetenskaplik te ontleed en die oorsaaklike faktore te bepaal, en derhalwe ook die persoon van wie die inisiatief moet uitgaan t.o.v. samewerking met die skool met die oog op behandeling, nasorg en voorkoming van probleme.

Met bogenoemde beskouing in gedagte, en gesien teen die feit dat hierdie studie beskou moet word as 'n eksploratiewe ondersoek om vraagstukke bloot te lê wat intensiewer studie dringend nood-saaklik maak, word die volgende aanbevelings aan die hand gedoen:-

1. Dat veel meer aandag gewy moet word aan die gereedmaking van die gemeenskap om bepaalde dienste te erken en te benut, (Vgl. pp. 19 en 20.), terwyl besondere aandag ook gewy moet word aan die uitskakeling van vooroordeel en teenkanting teen pogings tot behoeftevoorsiening.

2. Maatskaplike werkers moet op hoogte wees en bly van alle moontlike hulpbronne van behandeling wat benut kan word. (Vir 'n volledige uiteensetting van sodanige bronne vgl. pp. 16 en 17.) Hierdie bronne moet veel meer ingespan en benut word as wat, volgens die onderhawige studie, tans in die praktyk die geval is.

3. Waar die rekord- en lêerstelsel 'n administratiewe sine qua non van deeglike maatskaplike welsynswerk is, word aanbeveel:-

(a) Dat die lêers veel vollediger verslae moet bevat, m.a.w. dat alle onderhoude, besoeke, en so meer volledig aangeteken moet word, en dat enkelwoord- of sins-aantekeninge (vgl. p. 6 par. (c)) sover moontlik vermy moet word.

(b) Dat voor in elke lêer, opsommend, 'n uiteensetting gegee moet word van die probleemstelling en die behandelingsplan, asook 'n lys van alle korrespondensie in die lêer. 'n Skema waarvolgens dit die beste gedoen kan word, kan uitgewerk en 'n gestandaardiseerde vorm ontwerp word wat voor in elke lêer aangebring en gereeld ingevul kan word.

4. Meer aandag moet aan die volledige ontleding van die probleme gewy word met inagneming van die oorsaaklike faktore asook die emosionele en persoonlikheidsaspekte van die probleme onder behandeling.

5. Ten einde die uitvoering van bogenoemde aanbevelings binne die fisiese vermoëns van die maatskaplike werksters te bring, word baie sterk aanbeveel dat welsynsorganisasies ondersoek moet instel na die gevalleladings van hul onderskeie werksters en dit ten alle koste minstens so laag

moet hou dat voldoen sal kan word aan dié vereistes wat deur die teoretiese ontleding van die praktyk as noodsaaklik beskou word. As grondslag vir sodanige ondersoek kan die verslag van die Beplanningskomitee van die Dept. van Volkswelsyn en Pensioene oor Normbepalings vir gevalleladings van maatskaplike werksters in diens van gesinsorg-organisasies gebruik word.[8)]

6. Samehangend met 5 word verder aanbeveel dat welsynsorganisasies ondersoek moet instel na doeltreffender sistematiese gebruik van hul werkkragte. Tydens die empiriese ondersoek is die faktor van te groot gevalleladings en te veel tyd wat gewy moet word aan blote administratiewe werksaamhede, sonder uitsondering deur elke werkster met wie 'n persoonlike onderhoud gevoer is, aangevoer as verskoning vir oppervlakkige, oorhaastige diagnoses, onvolledige lêers en die byna totale gebrek aan voorkomingsdienste.

7. Welsynsorganisasies sal ernstige aandag moet skenk aan doeltreffender organisasie en koördinasie van werksaamhede, en veral ook aan behoorlike supervisie. Meer ervare werksters kan aangestel word in toesighoudende en raadgewende hoedanigheid

161./ ten einde..............

8) Verslag van die Beplanningskomitee uitgegee deur die Navorsingsafdeling van die Dept. van Volkswelsyn en Pensioene. Op. Cit.

ten einde nuwe onervare werksters van raad en voorligting te bedien. Besture moet volkome op hoogte gebring word van hul funksies as bestuur en hulle daarby bepaal, en die koördinasie van werksaamhede tussen verskillende takke van dieselfde organisasie en tussen die werksters onderling, moet in besonder aandag geniet en gesistematiseer word.

Met die oog op erkenning en uitbouing van professionele status moet die standaard van werk, veral t.o.v. diagnose, behandeling en voorkomingsdienste verhoog word. Sodoende sal die tans bestaande wye kloof tussen die teorie en die praktyk tot 'n aansienlike mate oorbrug kan word.

--------

B. Die Skool:-

1. Met die oog op die belangrikheid en noodsaaklikheid van samewerking tussen welsynsorganisasies en die skool, word aanbeveel dat vrywillige welsynsorganisasies meer aandag moet wy aan hierdie aspek van hul dienslewering en die dringendheid daarvan by hulle werksters moet inskerp.

2. Ernstige pogings moet aangewend word om skole „welsyns-bewus" en „gemeenskapsorganisasie-bewus" te maak, sodat samewerking tussen welsynsorganisasies en die skool met die oog op behandeling

van probleemgedrag by skoolgaande kinders ook van die kant van die skool gesoek sal word en ten volle benut sal word.

3. Die praktiese moontlikheid moet ondersoek word van by elke skool minstens een maatskaplike werker(ster) aan te stel, wie se plig dit moet wees om die huislike agtergrond van die kinders te bepaal en die ouers tuis te besoek, ten einde te bepaal watter kinders spesiale aandag nodig het, nie alleen met die oog op behandeling nie, maar ook voorkoming van probleemgedrag. Hierdie persoon sal ook kan dien as skakel tussen die skool en die welsynsorganisasie.

Daar bestaan wel reeds by die verskillende Onderwysdepartemente in die Republiek Sielkundige- en Voorligtingsdienste wat hulp verleen in verband met die wanaanpassing van kinders in skole, maar gesien teen die agtergrond van hierdie ondersoek, is die dienste ontoereikend daar dit uitsluitlik gemik is op sielkundige diens aan dié kinders wat reeds ernstige probleme openbaar, en dus nie beskou kan word as 'n voorkomingsdiens nie. Verder word duidelik in die onderhawige studie aangetoon dat die aard van die kinders se probleme nie uitsluitlik van 'n sielkundige aard is nie, maar ontstaan as gevolg van huislike en maatskaplike oorsake.

163./ In hierdie..............

In hierdie verband behoort ernstige aandag gewy te word aan die daarstelling van owerheidsweë, van doeltreffender en uitgebreider geriewe t.o.v. kinderleidingsklinieke waar die opvoedkundige, sielkundige en maatskaplike werk dienste behoorlik gekoördineer kan word.

Hierdie aanbeveling word gedoen met die volle besef van die finansiële en ander implikasies daaraan verbonde, maar word besef dat hierdie mate van sosiale aksie noodsaaklik is en 'n positiewe stap sal wees in die rigting van gesonde gemeenskapsorganisasie.

4. Ondersoek moet ingestel word na die moontlikheid van die onderverdeling van die groter klasse in skole op 'n meriete basis vir elke vak. Hierdie indeling word reeds gevolg in minstens een skool waarvan kennis gedra word, sonder onoorkomentlike probleme en met baie goeie gevolg.

5. Sowel die skool as die vrywillige welsynsorganisasies moet steeds bewus bly - en indien nodig bewus gemaak word - van die feit dat hulle elkeen afsonderlik, maar ook gesamentlik 'n dringende taak het t.o.v. die behoud van mensemateriaal wat nie vir die land verlore mag gaan nie, en moet alles in die stryd werp om hierdie taak na die allerbeste van hul vermoë te volbring.

-o-o-o-o-

# BIBLIOGRAFIE.


Adriani, J.H. met medewerking van Folmer, A.: Voorlezingen over Armenzorg en Maatschappelijk Werk. 4de Hersienne druk. G.J.A. Ruijs Uit. Mpy., Zutpher, 1946.

Anderson, V.V.: Psychiatry in Education. Harper and Brothers Publishers. New York, 1932.

Anderson, W.A. and Parker, F.B.: Society - its organization and operation. Van Nostrand. Princeton, 1964.

Baker, H.J. and Traphagen, V.: The Diagnosis and Treatment of Behaviour-Problem Children. The MacMillan Co., New York, 1937.

Barker, Kounin and Wright.: Child Behaviour and Development. McGraw-Hill Book Co. Inc., New York, 1943.

Baruch, D.W.: New Ways in Discipline. McGraw-Hill Book Co. Inc., New York, 1949.

Bennet, I.: Delinquent and Neurotic Children. A Comparative Study. Tavistock Publications. London, 1960.

Bernard, H.W.: Toward Better Personal Adjustment. McGraw-Hill Book Co. Inc., New York, 1943.

Bestor, A. e.a.: Philosophies of Education. Edited by Philip H. Phenix. John Wiley and Sons Inc., New York, 1961.

Boehm, W.W.: Objectives of the Social Work Curriculum of the Future. The Comprehensive Report of the Curriculum Study; Council of Social Work Education. Vol. 1. New York, 1959.

Boer, J.: Maatschappelijk Opbouwerk; Verkenningen op het gebied Community Organization in Nederlandse Verhoudingen. Van Loghum Slaterus, Arnhem, 1960.

Bowley, A.H.: The Natural Development of the Child. E. & S. Livingstone Ltd., Edinburgh, 1954.

Bühler, C.: From Birth to Maturity. An outline of the Psychological Development of the Child. Kegan Paul, Trench, Trubner and Co. Ltd., London, 1960.

Burt, C.: The Young Delinquent. University of London Press. Ltd., London, 1925.

Calon, P.J.A.: De Jongen - de psychologie van de jongen van de laaste schooljaren tot aan de volwassen leeftyd. Uitgeverij De Toorts. Haarlem, 6de Druk.

Caplan, G.: Prevention of Mental Disorders in Children. Basic Books, Inc., Publishers, New York, 1961.

Carrol, H.A.: Mental Hygiene. The Dynamics of Adjustment. Prentice-Hall, Inc., New York, 1951.

Carter, G.: Social Work Community Organization Methods and Processes; in Concepts and Methods of Social Work. Friedlander, Walter (Ed.), Prentice Hall, Inc., New York, 1958.

Culbert, J.F.: The Visiting Teacher at Work. The Commonwealth Fund Division of Publications. New York, 1930.

Dunham, A.: Community Welfare Organization Principles and Practice. Thomas Y. Corwell Co., New York, 1947.

What is the Job of the Community Organization Worker ? in Proceedings of the National Conference of Social Work, Atlantic City, 1948. Columbia Press, New York, 1949.

Fenton, N.: Mental Hygiene in School Practice. Stanford University Press. California, 1943.

Hurwitz, S.: Criminology. George Allen and Unwin Ltd., London, 1952.

Hutchins, R.M.: The Conflict in Education in a Democratic Society. Harper and Brothers Publishers. New York, 1953.

Isaacs, S.: The Children we teach. (Seven to Eleven Years). University of London Press Ltd., London, 1932.

Jersild, A.: Child Psychology. Prentice-Hall, Inc., New York, 1933.

The Psychology of Adolessence. The MacMillan Company. New York, 1957.

Keyter, J.de W.: Opvoeding en Onderwys. Nasionale Boekhandel, Kaapsatd, 1961.

Dringende Vraagtekens in ons Opvoeding en Onderwys. Die Tweede Trek-reeks No. XVIII. Nasionale Pers Bpk., Bloemfontein, 1942.

Le Clus, P.G.: Kaaplandse Sekondêre Onderwys in die Twintigste Eeu. Citadel Pers. Kaapstad, 1948.

McMillen, W.: Community Organization for Social Welfare. University of Chicago Press. Chicago, 1945.

Morgan, J.: The Psychology of the Unadjusted School Child. The Macmillan Company. New York. 1948.

Murphy, Campbell G.: Community Organization Practice. Houghton Mifflin Co., New York, 1954.

Musgrave, P.: The Sociology of Education. Methuen and Co. Ltd., London, 1965.

Norsworthy, N. and Whitley, M.: The Psychology of Childhood. The Macmillan Company. New York, 1920.

Peck, R.F.: The Psychology of Character Development. John Wiley and Sons, Inc., New York, 1960.

Pretorius, W.: Die Goeie Opvoeder in ons Skole. Voortrekker Pers Bpk., Pretoria, 1966.

Pringle, R.W.: The Psychology of High School Discipline. D.C.Heath and Company, New York, 1931.

Ross, M.G.: Community Organization. Theory and Principles. Harper and Brothers Publishers. New York, 1955.

Case Histories in Community Organization. Harper and Brotehrs Publishers. New York, 1958.

Sieder, V.M.: What is Community Organization Practice in Social Work ? in Community Organization in Social Work; Council on Social Work Education. New York, 1956.

The Tasks of the Community Organization Worker, in Planning Social Services for Urban Needs; Papers on Community Organization presented at the 84th Annual Forum of the National Conference on Social Welfare. Columbia University Press. New York, 1957.

Tanner, D.: Schools for Youth - Change and Challenge in Secondary Education. The Macmillan Company. New York, 1965.

Waller, W.: Sociology of Teaching. John Wiley and Sons, Inc., New York, 1932. Herdruk 1965.

Willemse, W.: Die Sorg vir ons Kinders en Jeugdiges. Die Tweede Trek-Reeks No. IV. Nasionale Pers Bpk. Bloemfontein, 1940.

Wood, A.E.: Community Problems. The Centuary Company, New York, 1928.


---

## VERHANDELINGS EN VERSLAE.


Jonker, C.: 'n Gevallestudie van die invloed van die huislike omstandighede op die skoolprestasie van die kind met die oog op gesinsorgwerk. Ongepubliseerde Verhandeling. U.O.V.S., Bloemfontein,

Roode, C.D.: 'n Sosiologiese Ondersoek van die Huislike Agtergrond van Onbeheerbare Jeugdiges, gebaseer op die Amptelike Rekords van die Streekkantoor van die Dept. van Volkswelsyn te Pretoria. Ongepubliseerde Verhandeling. U.O.V.S., Bloemfontein, 1961.

Stulting, A.: Die Verantwoordelikheid van Welsyns-organisasies t.o.v. Gemeenskapsorg. Ongepubliseerde Proefskrif. Universiteit van Stellenbosch, 1961.

Verslag oor: Normbepaling vir Gevalleladings van Maatskaplike Werkers in diens van Gesinsorgorganisasies. Verslag van die Beplanningskomitee uitgegee deur die Navorsingsafdeling van die Dept. van Volkswelsyn en Pensioene. Uitgawe No. 1 van 1966.